’n Ondersoek na die waarde van liggaamsteologie om ’n inklusiewe verstaan van seksualiteit te bevorder tydens adolessensie

Deur

Liesel Botes

Tesis ingelewer ter gedeeltelike voldoening aan die vereistes vir die graad Magister in Praktiese Teologie in die Fakulteit Teologie te Universiteit Stellenbosch

Studieleier: Dr. A. Cloete

Desember 2015

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Verklaring

Deur hierdie tesis elektronies in te lewer, verklaar ek dat die geheel van die werk hierin vervat, my eie, oorspronklike werk is, dat ek die outeursregeienaar daarvan is (behalwe tot die mate uitdruklik anders aangedui) en dat ek dit nie vantevore, in die geheel of gedeeltelik, ter verkryging van enige kwalifikasie aangebied het nie.

Datum: .....

Kopiereg © 2015 Universiteit Stellenbosch
Alle regte voorbehou

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Verklaring deur taalversorger

15 Augustus 2015

Heil die leser

Hiermee bevestig ek dat die tesis wat voorgelê word, *'n Ondersoek na die waarde van liggaamsteologie om 'n inklusiewe verstaan van seksualiteit te bevorder tydens adolessensie*, deur 'n proses van redigering en taalversorging gegaan het.

Vriendelike groete

Manitza Kotzé

(Vryskut redigeerder)

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Opsomming

Hierdie studie ondersoek die waarde wat liggaamsteologie tot ’n inklusiewe verstaan van seksualiteit tydens adolessensie kan byvoeg. Seksualiteit is deur verskillende tydperke verskillend verstaan, maar daar is selfs vandag nog nie werklik uitsluitsel van wat met die term seksualiteit bedoel word nie. Seksualiteit is ’n moeilike term om te definieer en die verstaan daarvan speel ’n belangrike rol in die wyse waarop mense mekaar hanteer. Die kerk was grootliks deur die verskillende tydperke óf stil oor seksualiteit óf het dit as ’n sonde beskou, met die gevolg dat die kerk nie noodwendig as ’n goeie hulpbron vir raad rakende seksuele sake beskou word nie.

Adolessente gaan deur ’n dramatiese tydperk waar alle ontwikkelingsprosesse, waarvan die seksuele ontwikkeling die prominentste is, gelyktydig plaasvind. Die seksuele ontwikkeling berei adolessente liggaamlik voor om voort te plant en in seksuele verhoudings te tree, maar kognitiewe en morele ontwikkeling vind ook plaas; hierdie twee prosesse is ondersteunend vir die adolessent om die seksuele ontwikkeling te kan verstaan en verwerk. Hierdie ontwikkelingsprosesse, tesame met die konteks waarin ’n adolessent groot word, het ’n invloed op die tipe morele waardestelsel wat adolessente saamstel, en wat bepaal hoe hulle optree. Soos reeds genoem, is die kerk nie noodwendig betrokke by hierdie gesprekke nie, en daarom stel hierdie studie voor dat kerke weer betrokke moet raak deur gebruik te maak van liggaamsteologie. Die navorsingsvraag kan soos volg geformuleer word: Watter bydrae kan liggaamsteologie maak tot die bevordering van ’n inklusiewe verstaan van seksualiteit tydens adolessensie?

Om die navorsingsvraag te beantwoord word die eerste doelstelling, om ’n historiese oorsig oor die verstaan van seksualiteit te kry, om te sien hoe die verstaan van seksualiteit oor verskillende tydperke verander het, maar ook op sekere tye dieselfde verstaan van seksualiteit gehandaaf is, in hoofstuk 2 bespreek. Die tweede doelstelling word in hoofstuk 3 bespreek, waar die fokus op ’n historiese oorsig van die verstaan van die liggaam val. Die historiese oorsig oor die verstaan van die liggaam word bespreek om ook te verstaan dat die liggaam baie keer in ’n dubbelsinnige posisie gestaan het en dat dualismes deel gevorm het van die verstaan daarvan, maar dat dit ook verdere verstaan van die lewe beïnvloed het. In hoofstuk 4 word die derde doelstelling bespreek deur die sentrale rol van seksuele

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

ontwikkeling tydens adolessensie te ondersoek om te verstaan watter belangrike rol seksuele ontwikkeling in die adolessent se lewe speel, maar ook dat dit ander aspekte van die lewe beïnvloed. Die vierde doelstelling word bespreek in hoofstuk 5, wat die bespreking van liggaamsteologie bevat om aan te dui hoe dit 'n inklusiewe verstaan van seksualiteit kan bevorder. In hierdie hoofstuk word daar ook bespreek hoe liggaamsteologie ontstaan het en wat die belangrikheid van die liggaam in liggaamsteologie is. Hoofstuk 6 sluit die studie af met gevolgtrekkings en aanbevelings soos dat jeugwerkers en gemeenteleiers bewus moet word van hulle eie verstaan van seksualiteit en die liggaam, maar ook dat liggaamsteologie 'n inklusiewe verstaan van seksualiteit kan bevorder, indien jeugwerkers en gemeenteleiers 'n teologiese skuif maak en liggaamteologie as 'n teologiese lens gebruik.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Abstract

This study examines the value that body theology can add to an inclusive understanding of sexuality in adolescence. Sexuality was understood differently throughout different periods in time, but even today there is still no real clarity on what is meant by the term sexuality. Sexuality is a difficult term to define and its meaning plays an important role in the way people treat each other. Throughout the different periods the church has largely been either silent about sexuality or considered it a sin. As a result the church would not necessarily be seen as a good resource for advice on sexual matters.

Adolescents go through a dramatic period of developing on a physical, cognitive and moral level, which all occur simultaneously, but sexual development is the most prominent. Sexual development prepares adolescents on a physical level to reproduce and to enter into sexual relationships, but cognitive and moral development also takes place; these two processes are supportive for the adolescent to understand and process the sexual development. These developing processes, together with the context in which an adolescent is growing up, has an impact on the type of moral value system compiled by adolescents, which determines how they behave. As already mentioned, the church is not necessarily involved in these discussions, and therefore this study challenges the churches to become involved again by making use of body theology. The research question can be formulated as follows: What contribution can body theology make to promote an inclusive understanding of sexuality during adolescence?

To answer the research question, the first objective is discussed in chapter 2, namely to give a historical overview to obtain an understanding of sexuality and see how the understanding of sexuality changed over the different periods, but also to see that there were certain times when the understanding of sexuality was the same. The second objective is discussed in chapter 3, where the focus is on a historical overview of the understanding of the body. This historical overview is discussed to understand that the body often stood in an ambiguous position and dualisms formed part of the understanding of the body, but it also affects a deeper understanding of life. In chapter 4, the third objective is discussed by examining the centrality of sexual development during adolescence to understand the important role that sexual

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

development plays in the adolescent's life, but also to realise that it affects other aspects of life. The fourth objective is discussed in chapter 5, which contains the discussion of body theology to indicate how it can promote an inclusive understanding of sexuality. This chapter also discusses how body theology developed and the importance of the body in body theology. Chapter 6 includes conclusions and recommendations, such as that youth workers and church leaders need to recognise their own understanding of sexuality and the body, but that body theology can promote an inclusive understanding of sexuality if youth workers and church leaders are able to make a theological shift and use body theology as a theological lens.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Bedanking

Ek wil hier die geleentheid gebruik om dankie te sê aan almal wat my ondersteun het en bygestaan het in die skryf en navorsing van hierdie tesis. ‘n Groot dank aan die Church of Sweden wat hierdie geleentheid moontlik gemaak het deur die finansiële ondersteuning. Baie dankie aan Dr. Charlene van der Walt wat my bloot gestel het aan die veld van liggaamsteologie en genderstudies. Dankie vir die entoesiasme, energie en passie waarmee die klasse aangebied is en die ondersteuning wat gebied was. Dankie aan Dr. A. Cloete vir haar bystand, leiding en hulp met die onderwerp en ontwikkeling van hierdie tesis.

Ek wil verder vir Ilse, my ma, Johan, my broer, en ouma, Elsabé, bedank vir hulle bystand, ondersteuning en gebede gedurende hierdie tydperk. ’n Groot dank aan Johan-Rigardt Nieuwenhuizen wat my altyd ondersteun, bystaan en moed gee. Oupa Jack, dankie vir die mens wat oupa was, vir die liefde, die aanvaarding, die gesprekke, gelag, gehuil en respek. Dankie dat ek in oupa kon sien wat dit beteken om mens te wees in alle aspekte van die lewe.

Verder, dankie aan my vriende, klasmaats en kollegas wat my perspektiewe uitgedaag het en ondersteuning gebied het. Dankie vir julle bydrae tot my ontwikkeling en groei.

Ek dank elkeen vir opofferings wat gemaak is deur die jare wat bygedra het tot my persoonlike ontwikkeling en groei.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Inhoudsopgawe

Verklaring ii
Verklaring deur taalversorger iii
Opsomming iv
Abstract vi
Bedanking viii
Hoofstuk 1 1
Inleidende hoofstuk 1
1.1. Inleiding 1
1.2. Motivering vir die studie 1
1.3. Kernbegrippe en akademiese motivering vir die studie 2
1.3.1. Seksualiteit 2
1.3.2. Adolessensie 4
1.3.3. Liggaamsteologie 9
1.4. Navorsingsprobleem 11
1.4.1. Navorsingsvraag 12
1.4.2. Doelstellings 12
1.5. Navorsingsmetodologie 13
1.6. Waarde vir en bydrae tot die veld van studie 13
1.7. Beperkinge van die studie 17
1.8. Hoofstukindeling 17
Hoofstuk 2 19
Historiese oorsig van die verstaan van Seksualiteit 19
2.1. Inleiding 19
2.2.1. Vroeë historiese rekord 19
2.2.2. Antieke Hebreeuse invloed 20
2.2.3. Griekse en Romeinse tradisie 20
2.2.4. Vroeë Christelike leringe 22
2.2.5. Ontwikkeling in Europa in die 16, 17 en 18de eeue 24
2.2.6. Puriteinse Tradisie in Noord Amerika 25
2.2.7. Vroeë Mediese en pseudo-wetenskaplike dissiplines 26
2.2.8. Viktoriaanse Era 27
2.2.9. Laat 19de en vroeë 20ste eeu 31
2.3. Oorsig van die ontwikkeling en verstaan van geslag 36

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

2.4. Oorsig van die verstaan van gender en gender rolle 41
2.6. Gevolgtrekking 46
Hoofstuk 3 51
Historiese oorsig van die verstaan van die liggaam 51
3.1. Inleiding 51
3.2. Historiese oorsig van die liggaam 51
3.2.1. Vroeë Christendom 51
3.2.2. Middeleeue 53
3.2.3. Reformasie 54
3.2.4. Verligtingsera 56
3.3. Verskillende vorme van dualisme 58
3.4. Gevolgtrekking 63
Hoofstuk 4 66
Die sentrale rol van seksuele ontwikkeling tydens adolessensie 66
4.1. Inleiding 66
4.2. Die fase van puberteit 67
4.3. Take en sisteme 69
4.4. Ontwikkelingsprosesse tydens adolessensie 71
4.4.1. Fisiese ontwikkeling 72
4.4.2. Kognitiewe ontwikkeling 75
4.4.3. Morele ontwikkeling 79
4.5. Invloed van die samelewing op die seksuele ontwikkeling tydens adolessensie 84
4.6. Gevolgtrekking 88
Hoofstuk 5 90
Liggaamsteologie 90
5.1. Inleiding 90
5.2. Die ontstaan van liggaamsteologie 90
5.3. Die belangrikheid van die liggaam in liggaamsteologie 92
5.4. Vier temas wat lig werp op die verbintenis tussen die liggaam en die Christelike teologie 97
5.5. Bybelsetemas oor die liggaam 100
5.5.1. Reinheid en eenheid van die liggaam 100
5.5.2. Gelykheid van verskillende liggame 103
5.5.3. Gasvryheid 106

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

5.5.4. Beheer van die liggaam 107
5.6. Vier bronne om teologies oor die liggaam en seksualiteit na te dink 109
5.7. Die noodsaaklikheid van ’n inklusiewe verstaan van seksualiteit 112
5.7. Gevolgtrekking 116
Hoofstuk 6 118
Gevolgtrekkings en aanbevelings 118
6.1. Inleiding 118
6.2. Doelstellings 118
6.3. Gevolgtrekkings en aanbevelings 118
Gevolgtrekkings 118
Aanbevelings 120
Gevolgtrekkings 121
Aanbevelings 121
Gevolgtrekkings 122
Aanbevelings 123
Gevolgtrekkings 123
Aanbevelings 124
6.4. Slotopmerking 126
Bibliografie 128

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Hoofstuk 1

Inleidende hoofstuk

1.1. Inleiding

In hierdie hoofstuk word kortliks bespreek wat die motivering vir die studie is. Hierdie kort bespreking word gevolg deur ’n literatuuroorsig en akademiese motivering vir die studie. Die navorsingsprobleem, navorsingsvraag, doelstellings en navorsings-metodologie word gevolg deur ‘n bespreking van die waarde vir en bydrae tot die veld van die studie. Die beperkinge van die studie word ook genoem, waarna ’n hoofstukindeling voorgestel word.

1.2. Motivering vir die studie

Ek het ’n dokumentêr gekyk met die naam ‘The Sex Researchers’. Die dokumentêr het oor die geskiedenis van seksualiteit gehandel en hoe die verstaan van seks deur die eeue heen oorgedra is aan verskillende geslagte. Die dokumentêre program het my aandag getrek, veral omdat dit openlik oor seks en seksualiteit gepraat het. Na die dokumentêr het die idee by my begin ontwikkel dat kerke meer betrokke moet wees by die gesprek rakende seksualiteit en dit nie net kan oorlaat aan dokumentêre programme nie. Die studie in Gender, Gesondheid en Teologie het daarom my aandag getrek, juis omrede dit my die kans gebied het om deel te neem aan die gesprek rakende adolessente en seksualiteit, sowel as om seksualiteit op die kerk se agenda te plaas.

Adolessensie is ’n tydperk wanneer daar baie ontwikkeling plaasvind en adolessente het hulp nodig tydens hierdie ontwikkelingsfase. Die media en portuurgroepe is gewoonlik die gebiede waar adolessente die meeste inligting rakende kwessies oor seksualiteit kry. ’n Homoseksuele klasmaat op skool het sy stryd rakende sy seksualiteit met my gedeel. Hy het gesukkel met die verandering wat in sy lyf plaasgevind het en die bewuswording van sy seksualiteit wat nie ooreenstem met die samelewing se idee van ’n man nie. Hy het daarom ook gesukkel met die idee dat hy homoseksueel is en die bewustheid dat die Christelike geloof sy seksualiteit

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

nie goedkeur nie. Hy het die kerk genader vir hulp, maar ongelukkig het hy gedurende hierdie ervaring net meer pyn ervaar en is vertel dat hy sondig is en hy is gestuur om demone uit hom te dryf. Dit het hom nie gehelp om vrede met homself en met die Christelike geloof te maak nie. Die realiteit was dat hy gedurende hierdie sensitiewe tydperk nie die nodige ondersteuning en liefde van die geloofsgemeenskap ontvang het nie en hom gevolglik eerder tot vriende, webtuistes en tydskrifte gewend het vir antwoorde en hulp. Daarom is ek van mening dat adolessente wat in soortgelyke situasies is, hulp nodig het en dat die geloofsgemeenskap veral moet deelneem aan die ondersteuning van adolessente tydens die belangrike fase van seksuele ontwikkeling en bewuswording van hulle eie seksualiteit.

Die persoonlike ervaring met adolessente en hul vrae en onsekerhede het my bygebly en daarom wil ek graag die waarde van liggaamsteologie ondersoek vir die bevordering van ’n inklusiewe verstaan van seksualiteit, veral tydens adolessensie.

1.3. Kernbegrippe en akademiese motivering vir die studie

In hierdie gedeelte gaan ek kortliks ’n paar kernbegrippe toelig om ’n verstaan te gee van die hoofkonsepte van hierdie studie. Hierdie begrippe word ook verder in afsonderlike hoofstukke bespreek.

1.3.1. Seksualiteit

Dit is van belangrik om te onderskei tussen seks en seksualiteit vir ’n beter verstaan van die term seksualiteit. Seks is die biologiese behoefte wat gerig is op voortplanting en om plesier te ervaar (Cloete, 2012:1; Westheimer en Lopater, 2005:24). Thatcher (2011:4) definieer seks of om seks te hê as iets wat die mens in gemeen het met diere, waar die doel voortplanting is. Dit verwys ook na geslag wat die verdeling van ’n spesie in óf manlik óf vroulik is (Thatcher, 2011:4). Dit is daarom ook van belang om te fokus op die klassifikasies wat gemaak word van adolessente en hulle biologiese geslag, want dit is nie so eenvoudig as om elke individu slegs as ’n man of vrou te klassifiseer nie.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Seksualiteit is nie ’n eenvoudige term nie en dit is ook nie so eenvoudig om te definieer nie (Cloete, 2012:1). Thatcher (2011:4) is van mening dat biologie ’n goeie vertrekpunt is om seksualiteit te bespreek, maar dat dit ’n oorvereenvoudiging is om seksualiteit slegs tot biologiese terme, nl. manlik en vroulik, te beperk. Daarom stel hy ook voor dat daar ruimte geskep moet word vir seksualiteit wat nie in hierdie twee kategorieë, manlik en vroulik, inskakel nie. Hiermee bedoel hy dat persone wat interseksueel (intersexual) is nie in die kategorie van man of vrou inpas nie, omrede die individu se seksuele anatomie nie ooreenstem met die algemene voorkoms van ‘n man of vrou nie. Die teenwoordigheid van persone met hierdie anatomie bevestig dat seksualiteit nie slegs op grond van seks (geslag) gedefinieer kan word nie. Daarom is dit ook meer ingewikkeld om seksualiteit definitief te definieer (Thatcher, 2011:12, Westheimer et al., 2005:95-99,108-110). Sheldrake (2001:22) se definisie rakende seksualiteit is soos volg: “It is a word we use to describe our very way of being as humans and also our way of relating – both to ourselves and to what is other than ourselves.”

Die verstaan van seksualiteit as slegs manlik en vroulik het gelei tot die idee dat seks slegs tussen ’n man en ’n vrou, en wel binne die huwelik, beoefen behoort te word. Seksuele dade is ook gesien as iets vuils en daar is nie veel oor gepraat nie (Percy, 1997:9-10; Dominian, 2001:5-8, Davies, 1997:20-30). Die seksuele revolusie het egter veroorsaak dat die mensdom seksuele vryheid begin beleef het, maar dit gaan gepaard met verantwoordelikheid. Die verantwoordelikheid wat gepaardgaan met seksuele vryheid is egter nie ook beklemtoon nie (Percy, 1997:14-15, Davies, 1997:18-19). Davies (1997:18-19) is van mening dat seks eens op ’n tyd die simbool en uitdrukking van die stabiliteit van die verhouding tussen geslagte en generasies was, maar met die seksuele revolusie is seks vry gemaak van die verhoudingskonteks. Seks het tydens die seksuele revolusie verskuif na ’n individuele vryheid en is vry gemaak van die betrokkenheid by inter-generasie en inter-gender verhoudings (Davies, 1997:19). Seks is gesien as ‘n integrale deel van intieme verhoudings wat gekenmerk word deur vertroue, omgee en liefde. Die seksuele revolusie het gelei tot die skeiding van seks en intieme verhoudings, wat weer om die beurt daartoe gelei het dat seks verander is in ’n individuele behoefte wat bevredig moes word. Daarmee saam is verantwoordelikheid vir die ander persoon en samelewing weggeneem (Storkey, 1997:90-91; Percy, 1997:14-15).

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Die kerk het 'n groot rol gespeel in die stilte oor en onderdrukking van seks en gesprekke oor seks, wat gelei het daartoe dat daar 'n onderskeid tussen spiritualiteit en seksualiteit gemaak is. Die gevolg is dat seksualiteit ook nie veel aandag gekry het nie (Cloete, 2012:4). Die boodskap wat oorgedra is aan adolessente was dat daar slegs manlike en vroulike seksualiteit is en dat seks ook net vir die huwelik tussen 'n man en 'n vrou is. Die gevolg is dat daar 'n aantal persone is wat nie in hierdie raamwerk van manlik en vroulik pas nie en wat óf verwronge beelde ontvang het oor hulle seksuele identiteit óf die boodskap ontvang het dat hulle onaanvaarbaar en verkeerd is as gevolg van hulle seksualiteit en uitleef daarvan (Percy, 1997:9-10; Thatcher, 2011:12).

1.3.2. Adolessensie

Ek is bewus daarvan dat adolessensie op verskillende wyses ervaar word deur verskillende kulture en gemeenskappe. As navorser gebruik ek my eie agtergrond en verwysingsraamwerk as adolessent wat groot geword het in 'n eerste wêreldse, Westerse, Afrikaanssprekende NG Kerk omgewing[1]. Verder word daar gebruik gemaak van ontwikkelingsielkunde om my beperkte siening van adolessensie aan te vul en uit te bou. Die ontwikkelingstadia van adolessensie word deur sielkunde in vier groepe verdeel, naamlik fisiese-, kognitiewe-, persoonlikheids- en sosialeontwikkeling (Louw & Kail, 2007:6-8). Adolessensie is 'n oorgangstydperk tussen kinderjare en volwassenheid. Dit is moeilik om 'n ouderdomsperk op hierdie fase van die lewe te plaas, maar die algemeen aanvaarde tydperk is tussen die ouderdomme van 11 en 18. Adolessensie begin in puberteit, wanneer die liggaam seksuele rypwording bereik en eindig wanneer die persoon aan die samelewing se verwagtinge en norme van volwassenheid voldoen (Louw, Louw & Ferns, 2007:279). Puberteit word beskou as die tydperk wanneer adolessente al hoe meer bewus word van hulle seksualiteit. Hierdie seksualiteit vorm deel van hulle interpersoonlike verhoudings en adolessente ontdek ook hulle seksuele oriëntasie tydens hierdie ontwikkelingsfase (Louw et al., 2007:288; Kelly, 2011:139; Westheimer et al., 2005:440-441). Om hierdie redes word puberteit beskou as 'n baie dramatiese gebeurtenis (Louw et al., 2007:284; Kelly, 2011:139).

[1] As navorser is ek geposisioneer binne die NG Kerk, enige verdere verwysing na kerk binne hierdie studie verwys na die kerk oor die algemeen en nie net die NG Kerk dinominasie nie.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Tydens adolessensie vind daar fisiese-, morele-, en kognitiewe ontwikkeling plaas. Al hierdie vorme van ontwikkeling vorm ŉ adolessent in die geheel; daarom kan daar nie op slegs een vorm van ontwikkeling gefokus word nie (Shelton, 1983:29-100; Westheimer et al., 2005:422-446; Louw et al., 2007:279-336; Bornman, 2013). Gowers (2005:6) is van mening dat daar drie hooftake is wat uitgevoer moet word deur adolessente. Die eerste taak wat afgehandel moet word, is om ŉ onafhanklike identiteit te ontwikkel. Die tweede taak is om meer onafhanklik te funksioneer en ook suksesvolle intieme verhoudings te ontwikkel, sowel as om ŉ seksuele identiteit te ontwikkel. Die laaste taak wat afgehandel moet word, is om ŉ loopbaan te ontwikkel en die huis te verlaat. Hierdie ontwikkelingstake word uitgevoer teen die agtergrond van die verskillende ontwikkelingsprosesse waardeur ŉ adolessent beweeg tydens adolessensie (Gowers, 2005:6; Steinberg, 2005:69).

Soos reeds genoem, vind identiteit en seksuele-identiteitsvorming tydens adolessensie plaas en hierdie ontwikkeling word beïnvloed deur aktiwiteite waaraan adolessente deelneem, die samelewing se verwagtinge en ook ander adolessente se ervarings (Sharp, Coatsworth, Darling, Cumsille & Ramieri, 2007:252-253). Bronfenbrenner (in Beyers, Cok: 2008:148) het vier sisteme identifiseer wat ŉ invloed het op die ontwikkeling van identiteit en seksuele identiteit, nl. Die mikrosisteem (onmiddellike omgewing soos familie, vriende en klaskamer), mesositeem (twee mikrosisteme wat interaksie het met mekaar, bv. die skool), ekosisteem (eksterne omgewing bv. etniese groep, eienskappe wat eie is aan die plaaslike gemeenskap) en makrosisteem (groter sosio-kulturele konteks). Hierdie verskillende sisteme het ŉ invloed op die ontwikkeling van die identiteit en seksuele-identiteit van die adolessent (Beyers et al., 2008: 147-150; Kerpelman, Pittman, Cadely, Tuggle, Harrell-Levy & Adler-Baeder, 2012:1427-1429). Verder vorm die verwagtinge van die samelewing ook hierdie sisteme waarvolgens adolessente hulle identiteit en seksuele identiteit vorm en daarom is dit nodig om aandag te gee aan die ontwikkeling van die konsep van seksualiteit.

Steinberg (2005:69-70) verduidelik verder dat daar gedurende hierdie ontwikkelingsprosesse eerstens ŉ verandering in die adolessent se motivering en seksuele opwekking plaasvind, voordat die adolessent se brein die vermoë ontwikkeling het om die seksuele situasie te evalueer. As gevolg van die feit dat die ontwikkeling van die brein in hierdie volgorde plaasvind, ervaar die adolessent die

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

krisis dat die situasie wat seksuele opwekking veroorsaak nie as belonend of gevaarlik geëvalueer kan word nie, omdat die evaluerende aspek van die brein nog nie ontwikkel het nie (Steinberg, 2005: 69-70).

Aangesien daar ŉ aantal verskillende ontwikkelingsprosesse plaasvind tydens adolessensie, soos reeds kortliks genoem, is dit verder van belang om aandag te gee aan die verskillende aspekte van ontwikkeling wat plaasvind tydens adolessensie, want al hierdie ontwikkeling het ŉ uitwerking op die identiteit en seksuele identiteitsvorming. Die fisiese ontwikkeling wat tydens adolessensie plaasvind is die opvallendste en word gekenmerk deur die seksuele, sowel as vinnige fisiese ontwikkeling. Die tempo van ontwikkeling verskil van individu tot individu. Gene, die omgewing, hormoonvlakke, algemene gesondheid en dieet beïnvloed fisieke ontwikkeling (Greathead, Devenish & Funnell, 2008:3). Tydens hierdie fase van fisiese ontwikkeling vind daar eksterne veranderinge plaas, soos ledemate wat skielik begin groei, toename in liggaamshare, stemtoon wat verander, sweet, vergroting van heupe en ontwikkeling van borste (Bornman, 2013:2; Westheimer et al., 2005:443-445; Louw et al., 2007:283-284). Die interne verandering sluit die verandering in geslagsorgane in, asook die produsering van testosteroon, vergroting van die testes, produksie van semen, ontwikkeling van borsweefsel, die Fallopiusbuise en uterus wat seksuele volwassenheid bereik en ovulasie en menstruasie wat begin (Bornman, 2013:2; Westheimer et al., 2005:443-445; Louw et al., 2007:283-284).

Die bogenoemde fisiese ontwikkeling het tot gevolg dat die adolessent seksuele gevoelens ervaar wat ŉ impak op die kognitiewe en emosionele aspekte van die individu het (Bornman, 2013:2). Verder vind hierdie fisiese ontwikkeling ook plaas saam met die ontwikkeling van ŉ persoonlike morele waardestelsel. Die morele waardestelsel bied riglyne vir adolessente se gedrag en help hulle om sosiaal en moreel verantwoordelike gedrag te toon (Louw, Van Ede & Louw, 1998:392). Aangesien hierdie twee ontwikkelingsfases (fisiese- en morele ontwikkeling) gelyktydig plaasvind, is dit noodsaaklik om die fisiese ontwikkeling van die adolessent in verhouding tot hulle morele ontwikkeling te plaas. Die fisiese en morele ontwikkeling het ook ŉ invloed op die adolessent se persoonlikheidsontwikkeling, wat identiteit en seksuele identiteitsontwikkeling insluit (Bornman, 2013:3; Kruger & Van Niekerk, 1994:52-53).

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Kognitiewe verandering vind plaas gedurende adolessensie en hierdie verandering is sigbaar in die emosionele verandering, asook die adolessent se vermoë tot formeel-operasionele denke. Die fase van kognitiewe ontwikkeling vorm die grondslag vir die ontwikkeling van ’n persoonlike waardestelsel. Hierdie persoonlike waardestelsel bepaal die riglyne vir die adolessent se gedrag (Kruger et al., 1994:66-67). Die adolessent se kognitiewe ontwikkeling vind tesame met die morele ontwikkeling plaas en staan as kognitiewe morele ontwikkeling bekend (Bornman, 2013:3; Shelton, 1983:30-31,42).

Kognitiewe ontwikkeling word in vier verskillende periodes verdeel, maar die formeel-operasionele periode vind plaas tydens adolessensie (Bornman, 2013:3; Shelton, 1983:31-32; Louw et al., 2007:299-300). Gedurende hierdie periode ontwikkel die adolessent die vermoë om logies en abstrak te dink. Die vermoë ontwikkel om deduktief (van die algemene na die spesifieke) en induktief (van die spesifieke na die algemene) te redeneer. Bogenoemde denke is nie aan konkrete voorwerpe verbind nie en kan abstrakte dinge soos moontlikhede en hipoteses hanteer. Dit het tot gevolg dat adolessente kan dink of redeneer ooreenkomstig met dit wat kan of mag wees. Hierdie is ’n vaardigheid wat nie in voorafgaande periodes moontlik is nie (Bornman, 2013:3; Shelton, 1983:31-32; Louw et al., 2007:299-300).

Kolhberg (in Bornman, 2013:3) sluit hierby aan deur aan te voer dat morele ontwikkeling op verskillende vlakke plaasvind en elk uit twee stadia bestaan. Die eerste moraliteitsvlak is die ‘pre-konvensionele moraliteit’ en word reeds gedurende die kinderjare bereik. Vlak II staan bekend as ‘konvensionele moraliteit’ en word deur die meeste adolessente en volwassenes bereik. Die derde vlak is ‘post-konvensionele moraliteit’ en word deur baie min volwassenes bereik (Shelton, 1983:43-45; Louw et al., 2007:341-342). Tydens adolessensie konformeer die individu tot die sosiale orde en die verwagtinge van ander mense. Die implikasie is dat die morele standaarde van die individu ekstern beheer word en die individu sal konformeer tot die morele verwagtinge van ouers, portuurgroepe en ander sosiale groepe, ten spyte van die onmiddellike gevolge. Tydens hierdie vlak het die individu die self reeds geïdentifiseer en die reëls en verwagtinge van ander is geïnternaliseer (Shelton, 1983:43-45; Louw et al., 2007:341-342; Bornman, 2013:3). Swart (2004:68) bevind ook dat adolessente op hierdie vlak hulle eie morele perspektief verander om te konformeer tot persoonlike verwagtings, asook die sosiale orde. Die

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

spesifieke wyse waarop moraliteit ontwikkel en die besluite wat daarmee geassosieer word in adolessente se lewens, word as die rede aangevoer waarom tieners nie die gevolge van die besluite kan verstaan nie. Dit beteken dat adolessente besluite kan neem, maar omdat hulle morele perspektief maklik verander, het hulle nie die vermoë om die gevolge van hulle besluite te begryp nie. Verder word daar deur Saelen en Markovits (2008:54) aangevoer dat morele keuses kompleks is en dat die verstaan daarvan van verskeie faktore afhang. Kennis rakende 'n groot verskeidenheid kognitiewe, sosiale en morele sisteme bepaal die individu se gedrag wanneer daar 'n morele keuse gemaak moet word.

Adolessensie is 'n tydperk waartydens daar terselfdertyd fisiese en morele ontwikkeling plaasvind. Soos in bostaande bespreking aangedui, word morele ontwikkeling beïnvloed deur kognitiewe ontwikkeling. Bornman (2013:8-9) het bevind dat adolessente nie die geloofsgemeenskap, wat deel vorm van die mesosisteem wat adolessente se identiteitsontwikkeling beïnvloed, as 'n belangrike inligtingsbron rakende seks beskou nie. Die rede hiervoor is dat geloofsgemeenskappe veroordelend is en nie as gesaghebbende gespreksgenote gesien word nie (Bornman, 2013:9). Dit laat die ruimte vir ander bronne, soos die media, om die etiese besluitnemingsraamwerk van adolessente te beïnvloed. Alternatiewe inligtingsbronne, soos die media, verkondig 'n ander morele waardestelsel as dié van die geloofsgemeenskap. Die morele waardestelsel wat alternatiewe bronne verkondig, het die vermoë om adolessente aan te hits om riskante seksuele gedrag te toon, juis omdat die geloofsgemeenskap dikwels nie betrokke is in die vorming van 'n morele waardestelsel wat ook die identiteits- en seksuele identiteitsvorming van adolessente beïnvloed nie (Bornman, 2013:11). As gevolg van die aard van die studie word die keuse gemaak om nie op die riskante gedrag van adolessente te fokus nie, maar op die elemente wat adolessente se ontwikkeling van identiteit en seksuele identiteit, wat ook seksualiteit insluit, beïnvloed. Soos reeds bespreek in hierdie onderafdeling, word adolessente se ontwikkeling beïnvloed deur verskillende elemente. Mikro-, meso-, eko en makrosisteme, wat uit ander individue bestaan, beïnvloed die adolessent se verstaan van die samelewing, morele waardestelsel, identiteitsontwikkeling en kognitiewe ontwikkeling. Die adolessente se ontwikkeling kan dus nie plaasvind sonder die invloed van ander persone se idees, perspektiewe en verwagtinge nie. Daarom speel die ontwikkeling van die konsep van seksualiteit 'n

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

rol, omrede die samelewing waarin adolessente ontwikkel 'n bepaalde siening het rakende seksualiteit en dit beïnvloed weer die adolessent se siening van seksualiteit en dus ook die ontwikkeling van seksuele identiteit, wat seksualiteit insluit (Bornman, 2013:12; Saelen et al., 2008:54; Shelton, 1983:43-45; Beyers et al. 2008: 148).

Na aanleiding van die bogenoemde gaan ek liggaamsteologie kortliks bespreek om ondersoek in te stel of liggaamsteologie waarde kan byvoeg tot die ontwikkeling van 'n inklusiewe verstaan van seksualiteit tydens adolessensie.

1.3.3. Liggaamsteologie

Christelike literatuur was tot onlangs baie eensydig met die beskrywing van die liggaam en seksualiteit. Die literatuur begin gewoonlik by geloof en beweeg stelselmatig na die liggaam; dit begin selde by die liggaam. Die gevolgtrekking is dat die waarheid wat geloof bied onafhanklik van die liggaam ontvang word en dat dit dien as instruksies tot die verstaan en beheer van die liggaam (Nelson, 1992:41). Gelooftradisie het ook nie veel aandag gegee aan die feit dat die mens 'n liggaam is en deur hierdie beliggaming teologies reflekteer oor die lewe nie. Die bogenoemde siening, dat die liggaam nie van belang is vir die teologiese refleksie nie, is egter besig om te verander na 'n meer inklusiewe benadering tot die ervaring van die mens (Nelson, 1992:42, Isherwood & Stuart, 1998:10-11). Liggaamsteologie se fokus is juis die beliggaming van die bewussyn en ervaring, sowel as die menswees met 'n liggaam in die wêreld.

Liggaamsteologie se vertrekpunt is die vleeslike ervaring van die lewe. Dit begin by die reuk van koffie, die aanraking van 'n vriend, die gevoel van die son op die vel, hongerte, passies, behoeftes, die fisiese ervaring van die individu. Liggaamsteologie is ook 'n kritiese refleksie van die liggaamlike ervaring as die fundamentele ervaring van God (Nelson, 1992:42-43). Nelson (1992:50) verduidelik liggaamsteologie soos volg: "It is nothing more, nothing less than our attempts to reflect on body experience as revelatory of God."

Isherwood en ander (1998:15-16) verduidelik die rede vir die gebruik van liggaamsteologie soos volg: "The Christian faith tells us that redemption is brought through the incarnation of God. A redemption that could not be wished or just thought, even by God herself, she had to be enfleshed. Therefore, it can be argued

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

that until the body is liberated from the patriarchal ties that bind it, many of which have been set in place by Christianity, creation will never understand the truly liberating power of incarnation."

Die patriargale sisteem word verduidelik as die sisteem wat in plek gestel is om vrouens te onderdruk. Dit is die sisteem wat bepaal dat die man mag oor die vrou het en verwys na strukture, praktyke en denke wat vrouens in hierdie onderdanige posisie hou (Thatcher, 2011:26; Thatcher, 1993:30-31). Om die patriargale sisteem beter te verstaan moet daar verwys word na die dualismes wat hierdie verstaan van patriargie ondersteun. Daar is twee dualismes wat verweef is om die ideologie van patriargie te vorm. Die eerste dualisme word die filosofiese dualisme genoem en handel oor die skeiding van die liggaam en siel. Hierdie dualisme het die skeiding gemaak dat die siel die onsterflike sowel as die goeie van die mens is, terwyl die liggaam die sterflike en die slegte is. Die tweede dualisme is die seksuele dualisme wat bepaal dat die vrou ondergeskik aan die man is (Thatcher, 1993:31-32; Nelson, 1978:37,46). Hierdie dualismes vorm deel van die individu se verstaan van die lewe, sowel as die posisie wat die individu moet inneem. Die dualismes heers in die samelewing se verstaan van wat die aanvaarbare gedrag van 'n individu is en daarom word liggaamsteologie voorgestel, wat hierdie dualismes verbreek, om 'n inklusiewe verstaan van seksualiteit te ontwikkel (Thatcher, 1993:33-34; Isherwood et al., 1998:16-17,20-24).

> "Body theology holds out the hope of healing the cruel rupture that patriarchal thinking has introduced into theology; it attempts to put the body, mind and emotions back together in order to see anew the glory and goodness of all of creation" (Isherwood et al., 1998:33).

Om hierdie rede word liggaamsteologie gekies as die teologiese lens om 'n inklusiewe verstaan van seksualiteit tydens die komplekse ontwikkeling van adolessente te ontwikkel. Liggaamsteologie wil gebruik word om hierdie inklusiewe verstaan van seksualiteit te ontwikkel by predikante, jeugwerkers en Christen ouers sodat hulle adolessente kan bystaan in die komplekse ontwikkelingproses van adolessensie. Hierdie groep persone, predikante, jeugwerkers en Christen ouers, word gekies omdat hierdie studie 'n inklusiewe verstaan van seksualiteit wil ontwikkel binne Christelike geloofsgemeenskappe waar predikante, jeugwerkers en Christen

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

ouers die persone is wat 'n invloed op die adolessent se sosiale sisteme het en daarom ook 'n invloed op adolessente se ontwikkelingsproses. Soos reeds genoem, vind fisiese-, morele- en kognitiewe ontwikkeling plaas tydens adolessensie. Gedurende hierdie fase ontwikkel die adolessent se identiteit en seksuele identiteit, wat ook beïnvloed word deur morele waardesisteem-ontwikkeling. Liggaamsteologie kan dien as die teologiese lens aangesien dit die totale liggaam se ervaring as belangrik ag, dualisme kan uitwys en 'n inklusiewe en geïntegreerde ontwikkeling van seksualiteit kan bevorder.

1.4. Navorsingsprobleem

Die navorsingprobleem kan soos volg geformuleer word: Adolessente se ontwikkeling vind plaas in afhanklikheid van sosiale sisteme (mikro-, meso-, eko- en makrosisteme). Dit impliseer dat die perspektiewe van die samelewing 'n rol speel in die ontwikkeling van adolessente (Bronfenbrenner in Beyers et al., 2008: 148). Die perspektief rakende seksualiteit as eksklusief (slegs manlik en vroulik) veroorsaak 'n beperkte verstaan van seksualiteit. Aangesien 'n eksklusiewe verstaan van seksualiteit 'n redelike algemene perspektief is in die samelewing waarin adolessente ontwikkel, het dit 'n direkte invloed op hulle ontwikkeling. Die uitdaging vir adolessente is om hulle seksualiteit te ontwikkel terwyl hulle in 'n gemeenskap grootword waar 'n siening van seksualiteit beperk kan wees tot manlik en vroulik (Sharp et al., 2007:252-253).

Tydens adolessensie vind daar fisiese, morele en kognitiewe ontwikkeling plaas. Die fisiese ontwikkeling moet in verhouding met hulle morele ontwikkeling geplaas word, omdat hierdie twee ontwikkelingsfases gelyktydig plaasvind. Die samelewing beïnvloed die adolessent se ontwikkeling van 'n morele waardestelsel, veral rakende seksuele gedrag (Bornman, 2013:2; Louw et al., 1998:392; Kruger et al., 1994:52-53). Indien die adolessent in 'n samelewing ontwikkel waar die siening rakende seksualiteit beperk is tot manlik en vroulik, kan dit ook die morele en fisiese ontwikkeling van die adolessent beïnvloed. Dit kan lei tot die onderdrukking van seksualiteit, omdat die fisiese ontwikkeling nie ooreenstem met die meer aanvaarbare morele siening van die samelewing nie. Die onderdrukking van

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

seksualiteit kan verder lei tot ’n identiteitskrissis of seksueel riskante gedrag, omdat hulle nie weet hoe om dit te verwerk of te hanteer nie (Louw et al., 2007:299-300; Shelton, 1983:30-31; Bornman, 2013:11).

Adolessente sal ’n waardestelsel ontwikkel wat by die samelewing se verwagtinge aansluit, omdat hulle die reëls en verwagtinge van ander reeds geïnternaliseer het. Hierdie geïnternaliseerde verwagtinge beïnvloed die adolessent se ontwikkeling van ’n morele waardestelsel. Die adolessent kan óf aanpas by die beperkte siening van seksualiteit omdat hulle bang is vir verwerping deur die samelewing, óf hulle kan riskante seksuele gedrag toon omrede hulle nie wil aanpas by die beperkte siening nie (Swart, 2004:68; Bornman, 2013:3). Die riskante seksuele gedrag kan ook ’n gevolg wees van morele waardestelsel wat nie ontwikkel het nie, omdat daar nie betroubare en goeie inligtingsbronne was rakende goeie waardes, wat seksualiteit insluit, nie. Die uitdagings wat adolessente dus ervaar is om fisies te ontwikkel terwyl hulle ’n morele waardestelsel ontwikkel volgens die samelewing se reëls en verwagtinge. Gedurende hierdie ontwikkeling moet hulle ’n identiteit en seksuele identiteit ontwikkel terwyl daar ook kognitiewe ontwikkeling plaasvind, wat beteken dat hulle begin om formeel-operasionele denke te vorm (Bornman, 2013:3; Shelton, 1983:31-32; Louw et al., 2007:299-300; Swart, 2004:68). Indien die samelewing se siening rakende seksualiteit beperk is, kan adolessente identiteitskrisse en swak morele waardestelsels ontwikkel, wat tot riskante seksuele gedrag kan lei. Die probleem is dus die beperkte siening van seksualiteit wat ’n bepaalde invloed op die fisiese, morele en kognitiewe ontwikkeling van die adolessent het, omdat die samelewing ’n groot rol in die adolessent se ontwikkeling speel.

1.4.1. Navorsingsvraag

Die navorsingsvraag vir hierdie studie is soos volg: Watter bydrae kan liggaamsteologie maak tot die bevordering van ’n inklusiewe verstaan van seksualiteit tydens adolessensie?

1.4.2. Doelstellings

Die studie sal die volgende doelstellings rig:

- ’n Historiese oorsig van die verstaan van seksualiteit.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

- ’n Historiese oorsig van die verstaan van die liggaam.
- Die sentrale rol van seksuele ontwikkeling tydens adolessensie.
- Bespreking van liggaamsteologie ten einde aan te dui hoe dit ’n inklusiewe verstaan van seksualiteit kan bevorder.
- Om die waarde van ’n inklusiewe verstaan van seksualiteit tydens adolessensie aan te toon.

1.5. Navorsingsmetodologie

Die studie neem die vorm van ’n literatuurstudie aan. In hierdie studie gaan daar ondersoek word wat die waarde van liggaamsteologie kan wees om ’n inklusiewe verstaan van seksualiteit tydens adolessensie te ontwikkel. Om hierdie ondersoek te voltooi sal daar ondersoek ingestel word na die geskiedenis en eksklusiewe verstaan van seksualiteit, sowel as die sentrale rol wat seksuele ontwikkeling speel gedurende adolessensie. Liggaamsteologie sal ook bespreek word om te bepaal of dit gebruik kan word om ’n inklusiewe verstaan van seksualiteit te kweek tydens adolessensie.

1.6. Waarde vir en bydrae tot die veld van studie

Teologie was oorspronklik een dissipline, maar dit het verdeel en afsonderlike dissiplines gevorm. Praktiese teologie word beskryf as die oorbrugging en sement tussen hierdie verskillende dissiplines. Praktiese teologie word verder ook verduidelik as die praktiese doen van teologie, maar dit is nie bloot net die doen van teologie nie, maar ’n manier van lewe (Veling, 2005:3-4). Die verduideliking wat Veling (2005:4-5) bied is dat daar eerder gepraat moet word van praktiserende teologie. Praktiese teologie is daarop gefokus om teologie te praktiseer en dit in dade om te sit. Heitink (1999:6) se verduideliking van praktiese teologie is dat dit die mediasie van teologiese teorie in die Christelike geloof is, wat in die vorm van praksis in die samelewing uitgeleef word. Anderson (2001:23) verduidelik dat praktiese teologie die luisteraar verantwoordelik hou vir die waarheid wat God geopenbaar het deur die geskiedenis en die luisteraar hou weer die teoloog verantwoordelik vir die waarheid van God se versoening met die mensdom.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Nel (2001a:5-7) stel dit dat die fundamentele vraag van teologie die volgende is: Hoe kom God na mense? Hy is van mening dat teologie se antwoord op hierdie vraag is dat God mense en sy skepping op verskillende maniere benader; God benader mense en sy skepping deur Sy Gees en sy Woord, maar ook deur ander mense. Hierdie studie fokus op adolessente se ervaring tydens seksuele ontwikkeling en die moontlikheid om ’n inklusiewe benadering te ontwikkel by die rolspelers in die adolessente se ontwikkelingsfase. Deur Jeugbediening in die veld van Praktiese Teologie te plaas, kan dit ingesluit word in die soeke na die manier (praxis) waarop God na mense kom. Praktiese teologie fokus op die refleksie van die geestelike en menslike aksie van gemeenskappe op God se teenwoordigheid in die wêreld. Verder moet praktiese teologie ’n reaksie in die Christen se lewe wees wat aansluit by dit waarmee God besig is in die wêreld. Jeugbediening kyk juis na sake wat van belang is vir adolessente, soos seksualiteit, hoop, onderskeidingsvermoë en vele meer (Root en Dean, 2011:17; Root 2007:19)

Hierdie studie sluit verder ook aan by die veld van Praktiese teologie omdat dit ondersoek instel op die gebruik van liggaamsteologie as die teologiese lens sodat ’n inklusiewe verstaan van seksualiteit kan ontwikkel word. Liggaamsteologie skep die geleentheid en moontlikheid om ’n inklusiewe verstaan van seksualiteit te ontwikkel omdat dit die mens beskou as ’n wese wat na die beeld van God geskep is en wat geloof beskou as iets wat deur die hele liggaam ervaar word en nie slegs deur die verstand nie.

Die doel van hierdie studie, binne die veld van Praktiese teologie, vra dan die volgende praktiese teologiese vrae; wat gaan aan? (wat is die verstaan van seksualiteit wat vandag teenwoordig is), wat doen ons? (wat is die effek van hierdie bepaalde verstaan van seksualiteit op adolessente), hoe goed doen ons dit gemeet aan God se standaarde? en hoe kan ons dit beter doen? (hoe lyk ’n verstaan van seksualiteit wat inklusief is) (Dean, 2001:20).

Nel (2001b:88-94) onderskei tussen agt areas van Jeugbediening wat gedifferensieerd-toegespits moet wees, wanneer hy oor ‘n inklusiewe benadering tot Jeugbediening skryf. Hierdie agt areas is kerugma (prediking), leitourgia (erediens), didaché (onderrig), paraklese (pastorale sorg), koinonia (onderlingheid), diakonia (diens), marturia (getuienis), en kubernesis (administrasie).

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Wanneer Nel (2001:89) oor die bogenoemde areas skryf, voer hy aan dat die jeug deel moet wees van die predikant en jeugwerker se agenda. Die inklusiewe verstaan van seksualiteit kan die predikant en jeugwerker in staat stel om sensitief te wees vir adolessente wat nie in die tradisionele twee-geslag[2] model pas nie. Hierdie sensitiwiteit en inklusiwiteit teenoor elke adolessent sal in elkeen van hierdie areas 'n positiewe invloed hê omdat die predikant en jeugwerker inklusiewe taal kan gebruik wanneer daar gepreek word, in eredienste, op 'n onderrig vlak en wanneer daar pastorale sorg toegepas word. 'n Inklusiewe verstaan van seksualiteit kan ook 'n invloed hê op die koinonia (onderlingheid) van 'n gemeente, wat veroorsaak dat adolessente deur meer mense onvoorwaardelik lief gehê kan word. Koinonia is gebou op die waarheid dat God deur mense by ander mense is omdat Hy so uniek deur die vleesgeworde Woord na ons toe gekom het. Christene is mense vir mekaar en bymekaar (Nel, 2001:91). Die inklusiewe verstaan van seksualiteit kan die vrymoedigheid skep vir adolessente om meer betrokke te wees by diens in 'n erediens en om werklik deel te voel van die geloofsgemeenskap. Nel (2001:93) is verder van mening dat die kerk deel vorm van die missionêre mandaat van die evangelie. 'n Inklusiewe verstaan van seksualiteit kan 'n enorme uitwerking op die marturia (getuienis) van 'n geloofsgemeenskap hê, in die sin dat as 'n gemeente werklik inklusief is, verkondig dit werklik die Evangelie, dat almal welkom is en dat God onvoorwaardelik lief is vir elkeen, ongeag van die seksualiteit. Die laaste area is die kubernesis (administrasie) en hierdie area gaan meer oor die herderlike aksie van sorg en omgee. Adolessente sal moontlik nie so erg belangstel in die ordereëlings van die gemeente nie, maar 'n inklusiewe verstaan van seksualiteit sal aan adolessente die geleentheid gee om deel te hê aan die sorgsame begeleiding en aanmoediging van 'n geloofsgemeenskap (Nel, 2001:94).

In die bogenoemde is daar baie na 'n inklusiewe verstaan van seksualiteit verwys. Aangesien die doel van hierdie studie is om 'n inklusiewe verstaan van seksualiteit te ontwikkel, is dit wel van belang om te verduidelik wat bedoel word met "'n inklusiewe verstaan". 'n Inklusiewe verstaan beteken in hierdie studie om die mens as 'n eenheid te sien, om die liggaam te erken en te aanvaar as die enigste wyse waardeur die lewe ervaar kan word en daarom is die liggaam nie net 'n voorwerp nie, maar 'n

[2] As navorser is ek bewus daarvan dat seksualiteit nie beperk kan word tot hierdie 'twee-geslag' model nie en daarom word die verstaan van seksualiteit in hoofstuk 2 bespreek. Sien 2.3. Oorsig van die ontwikkeling en verstaan van geslag.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

wesenlike deel van menswees. “The body is deelply symbolic in human culture, the means by which and through which the person and the community express themselves” (Ishwerwood et al., 1998:10-11). Die inklusiewe verstaan verskuif die fokus van om ’n liggaam te hê, na om ’n liggaam te wees.

> “Our concern is the interaction of the ‘giveness’ of our fleshly realities and the ways in which we interpret them. It is our bodily sense of connections to the world, our bodily sense of the space and time we are in, our bodily knowing of the meanings of our relationships” (Nelson, 1992:42).

Hierdie studie is gegrond in Praktiese Teologie, maar geen teologie vind in ’n vakuum plaas nie. Praktiese teologie vind in ’n spesifieke kulturele en sosiale konteks plaas (Hendriks, 2004:27). Müller (2013:1,5) is van mening dat Praktiese Teologie die vryheid het om tussen twee pole te beweeg, waarvan die een pool dogmatiek, en die ander kuns is. Dit gee weer die vryheid om heen en weer tussen hierdie twee pole te beweeg, maar die motivering van die beweging tussen hierdie pole word gegrond deur die spesifieke en gelokaliseerde konteks. Dit is daarom baie belangrik om die konteks in ag te neem. Preul (1999:152-153) verduidelik dat kontekstualiteit of konteks op drie verskillende maniere gebruik kan word, maar ek verkies die verstaan dat konteks beteken dat die Christelike boodskap altyd gekonfronteer word met vrae, behoeftes en belangstellings wat ontstaan vanuit lewenservaring as gevolg van veranderde lewensomstandighede. Dit het ook op sosiale, kulturele en intellektuele vraagstukke betrekking. In hierdie studie is die konteks adolessente wat deur seksuele ontwikkeling gaan en vrae het na die aanvaarding van hulle seksualiteit. Die probleem moet gekontekstualiseer word en daarom is dit van belang om kennis te dra dat die navorser se konteks Afrikaanssprekende adolessente en gemeenteleiers van die NG Kerk is en dat die navorsing vanuit hierdie posisie gedoen word.

Hierdie studie sluit aan by gender studies omdat die hooffokus van die studie die ondersoek na ’n inklusiewe verstaan van seksualiteit is. Tydens hierdie ondersoek na ’n inklusiewe verstaan van seksualiteit word die seksuele ontwikkeling tydens adolessensie bespreek om te verstaan hoe die seksuele ontwikkeling plaasvind, maar ook om te verstaan watter tipe ontwikkelingsproesesse tydens adolessensie plaasvind. Binne hierdie ondersoek na ’n inklusiewe verstaan van seksualiteit word ’n

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

oorsig van die ontwikkeling en verstaan van geslag en gender bespreek om te verstaan watter rol hierdie twee (geslag en gender) speel in die verstaan van seksualiteit. Verder word daar gebruik gemaak van liggaamsteologie om veral adolessente te ondersteun met betrekking tot seksuele ontwikkeling sodat hulle welkom kan voel in 'n geloofsgemeenskap waar daar 'n inklusiewe verstaan van seksualiteit is. Hierdie studie fokus daarop om liggaamsteologie te gebruik om adolessente te ondersteun tydens die seksuele ontwikkeling en die waarheid van God se versoening met die mens te verkondig. Verhoudings is die middelpunt van God en hoe ons God verstaan as die Drie-Enige wat in verhouding met mense wil staan. God is opsoek na 'n verhouding met alle mense en liggaamsteologie fokus juis op die mens se ervaring van God deur hulle liggaam. Seksualiteit is deel van menswees en omdat mens God deur die liggaam ervaar, is seksualiteit ook 'n wyse waardeur mens God ten volle kan ervaar (Ward, 2001:34-35).

1.7. Beperkinge van die studie

Die studie is 'n literatuurstudie, wat beteken dat dit tot slegs literatuur beperk is. Die studie se verdere beperking is die spesifieke fokus op liggaamsteologie en veral die seksuele ontwikkeling van die adolessent, alhoewel daar kortliks ook na ander aspekte van ontwikkeling verwys sal word.

1.8. Hoofstukindeling

Hoofstuk 1: In hierdie hoofstuk sal die agtergrond en motivering, met verwysing na relevante literatuur, bespreek word. Hierdie hoofstuk sal baie van die inligting en navorsing in die hoofstuk bevat en sal ook die navorsingsmetode bespreek.

Hoofstuk 2: Hierdie hoofstuk sal handel oor 'n historiese oorsig oor seksualiteit.

Hoofstuk 3: In hierdie hoofstuk word 'n historiese oorsig oor die liggaam gebied.

Hoofstuk 4: Hierdie hoofstuk sal handel oor die sentrale rol van seksuele ontwikkeling tydens adolessensie.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Hoofstuk 5: In hierdie hoofstuk sal liggaamsteologie bespreek word.

Hoofstuk 6: In die laaste hoofstuk sal voorstelle gemaak word oor hoe liggaamsteologie ’n inklusiewe verstaan van seksualiteit kan bevorder.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Hoofstuk 2

Historiese oorsig van die verstaan van Seksualiteit

2.1. Inleiding

Seksualiteit[3] is 'n komplekse term. Die wyse waarop seksualiteit vandag verstaan word het 'n lang geskiedenis. In hierdie hoofstuk word gepoog om 'n historiese oorsig oor die verstaan seksualiteit te verskaf om lig te werp op waar vandag se verstaan rakende seksualiteit vandaan kom. Geslag, gender en genderrolle het 'n uitwerking op die wyse waarop seksualiteit uitgeleef word en verstaan word, en daarom is dit van belang om ook 'n oorsig van die ontwikkeling en verstaan van geslag, gender en genderrolle saam met seksualiteit te bespreek.

2.2.1. Vroeë historiese rekord

In Europese en Middel-Oosterse kulture is daar in 4500 voor Christus artefakte gemaak wat hulle belangstelling in seksuele gevoelens uitgebeeld het. Hierdie artefakte het verder ook hulle sensitiwiteit teenoor seksuele aangetrokkenheid uitbeeld. Die beelde wat gedurende die Steentydperk gemaak is, illustreer temas van vrugbaarheid, sowel as manlike seksuele bevoegdheid. Die vroulike beelde het groot borste en eksplisiete vroulike liggaamsbou en die beelde wat prominente penisse het, se doel is om die manlike seksuele opwekking te vier. Hierdie beelde en tekens toon op die behoefte van die mens om hulle diepste ervaring en gevoelens te koester en te vier (Westheimer et al., 2005:29; Tannahill, 1980:59).

Die vroegste teken van seksuele beperktheid kan opgemerk word in die Egiptiese samelewing. Die bekendste hiervan is inteling, waar daar ook duidelike beperkinge was vir toelaatbare en ontoelaatbare onder-trouery. Hierdie beperking was oor die algemeen van toepassing op die Farao en hulle families. Die agtiende Egiptiese dinastie is die eerste wat geïdentifiseer is wat hierdie beperkinge toegepas het. Hierdie is van belang omdat dit die eerste gedokumenteerde materiaal is waar seksuele kodes/etiket/gedrag geïdentifiseer word (Tannahill, 1980:60-61). Verder is

[3] Die woord seksualiteit is 'n relatiewe nuwe woord en was eers in die 1860's gebruik as deel van die diskoers oor seks in die mediese professie. Verdere bespreking onder '2.3. Oorsig van die ontwikkeling en verstaan van geslag'.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

hierdie beperkinge ingestel as gevolg van die psigososiale omgewing en nie as gevolg van die teologiese oortuiging van die tyd nie. Seks was gedurende die vroeë historiese tydperk gesien as 'n sekulêre en nie teologiese kwessie nie (Westheimer et al., 2005:29).

2.2.2. Antieke Hebreeuse invloed

Die antieke Joodse idees rakende seksualiteit het redelik onveranderd deur die geskiedenis gebly. Seksuele gedrag en norme wat die idee van die kerngesin onderhou het is bevorder deur die samelewing, terwyl idees wat wegbreek van die solidariteit van die huwelik verwerp is. Vaste verhoudings was die enigste tipe verhoudings waarin seksuele interaksie goedgekeur is. Binne hierdie private verhouding was seks gesien as 'n seëning wat deur beide partye geniet moet word (Terrien[4], 2004:121-122; Westheimer et al., 2005:30). Verder was seks beskou as die refleksie van die belangrike verbintenis tussen 'n man en 'n vrou wat deel is van 'n wyer geloofsgemeenskap. Die Talmoed beskryf dat die man en vrou moet trou en kinders hê. Diegene wat trou en nie kinders het nie of wat glad nie trou nie, word deur die gemeenskap as abnormaal beskou, maar ontvang steeds die gemeenskap se besorgdheid en omgee. Voortplanting was die hoofdoel van seksuele interaksie gedurende hierdie tydperk (Westheimer et al., 2005:29-30; Terrien, 2004:122).

2.2.3. Griekse en Romeinse tradisie

Objektiewe navorsing rakende menslike seksuele gedagtes en idees het eers in die twintigste eeu plaas gevind. Griekse filosowe soos Plato en Aristoteles het seksuele giere vanuit die perspektief van liggaamlike bevrediging bespreek. Hierdie perspektief het veroorsaak dat seksuele dade of giere as negatief beskou is. Die strewe moes eerder wees na vriendskapsliefde en nie seksuele liefde nie (Kelly, 2011:13).

Aristoteles het in die jare 500 na Christus gelewe en in hierdie tyd was seksuele aantrekking baie prominent in kuns, filosofie en literatuur. Die rol wat seksualiteit in menslike gedrag gespeel het kan tot 'n mate verstaan word deur na die Griekse onderskeiding van Eros en Philia te kyk. Eros was die naam van die Griekse god van

[4] Terrien (2004:121-122) verduidelik meer oor die posisie van die vrou binne hierdie huwelik, waar die vrou as die eiendom van die man beskou is.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

erotiese liefde en behels die onbetaamde uitdrukking van seksuele wellus en die volledige plesier van passievolle liefde (Turner, 1997:20-21; Westheimer et al., 2005:31). Eros was nie met deurdagte inagneming van ’n verhouding of enige vorm van ’n verhouding assosieer nie, maar is die fisiese seksuele ervaring sonder emosionele verbintenis. Philia verwys weer na die toegewyde vriendskap. Dit is meer emosioneel van aard en handel oor die verhouding en verbintenis tussen twee persone. Dit is in kontras met Eros, maar beide kan deel wees van ’n seksuele verhouding (Westheimer et al., 2005:31). Foucault (in Turner, 1997:21) is van mening dat hierdie verstaan van seksualiteit met ‘n sekere mate van introspeksie en privatisering van die lewe assossieer kan word. Die huwelik is gesien as die spasie waarbinne seksuele plesier ervaar moet word, daarom moet Eros en Philia deel wees van die seksuele verhouding (Turner, 1997:21).

Antieke Grieke was gemaklik met ’n verskeidenheid van seksuele verhoudings. Hierdie verskillende seksuele verhoudings is ook in hulle kunswerk uitgebeeld. Homoseksualiteit was oor die algemeen ook ’n aanvaarbare en algemene leefstyl in antieke Griekeland en daar was geen stigma aan verbonde nie. Hierdie selfde geslag verhoudings, veral tussen mans, is gesien as ’n suiwer of hoër verbintenis (Boswell, 1994:74-75). Die verstaan was dat mans die opperwese is, die wese met intellektuele en morele integriteit en daarom was homoseksuele seksuele verhoudings en vriendskappe as die hoogste vorm van liefde en vriendskap beskou. Die vrou was beskou as ’n wese wat nie die intellektuele of morele integriteit het om die bogenoemde tipe verhouding te hê nie. Aangesien die vrou die swakker wese tussen die man en vrou was, was heteroseksuele verhoudings ook as vulgêr beskou. Homoseksuele verhoudings was daarom meer aanvaarbaar as heteroseksuele verhoudings. Die vrou was beskou as ondergeskik aan die man en die samelewing se oortuiging was dat die vrou nie oor genoegsame intelligense en morele integriteit beskik om hierdie tipe verhoudings te handhaaf nie (Wordelman, 1998:482-488; Westheimer et al., 2005:31; Boswell, 1994:75-76).

Homoseksuele huwelike was algemeen in antieke Griekeland en het gewoonlik bestaan uit ’n ouer en jonger man. Hierdie huwelike was baie algemeen en het gewoonlik ontstaan tussen soldate wat ’n eed afgelê het wat hulle liefde en toewyding aan mekaar bevestig. Heteroseksuele verhoudings het anders gewerk as wat die moderne persoon dalk sou verwag. Vrouens is as die eiendom van hulle

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

mans gesien en het daarom ook geen keuses gehad wanneer dit by seksuele dade kom nie. Mans en vroue van welgestelde families het huwelike gesien as ŉ geleentheid om hulle grondgebied te vergroot. Die gevolg was dat hierdie verhoudings nie noodwendig ŉ romantiese of seksuele motivering gehad het nie; dit was slegs as ŉ transaksie beskou (Boswell, 1994:45-47; Westheimer et al., 2005:32; Wordelman, 1998:482-488). Emosionele en seksuele aantrekking het ŉ groter rol gespeel in die ontwikkeling en onderhouding van ŉ huwelik vir armer paartjies. Dit was algemeen vir ryk Grieks of Romeinse mans om ‘n veelvoud van vrouens te hê. Die een vrou sal dien as hulp om die erfenis van die man te verseker en die ander vrou sal voorsiening maak vir die seksuele behoeftes van die man. Byvrouens was vrouens wat deur getroude en ongetroude mans onderhou is om hulle seksuele behoeftes te bevredig. Hierdie groepe vrouens was óf in die huishouding óf in aparte woonplekke onderhou (Wordelman, 1998:482-488; Westheimer et al., 2005:32). Die Grieke het die huwelik soos volg beskou: “a union of ‘spirits’ or harmony of minds – but not erotic satisfaction, sexual fidelity, or romantic fulfillment” (Boswell, 1994:47).

Soos wat die invloed van die Grieke in pre-moderne Europa verminder het en die Romeinse invloed al sterker geraak het, het die seksuele norme en waardes verander. Huwelik het al meer ŉ emosionele gebeurtenis geraak. Die persoonlike voorkeure en aangetrokkenheid tot die ander persoon het ŉ al groter rol begin speel in die keuse van ŉ huweliksmaat. Die huwelik het dus verander na ŉ meer emosionele gebeurtenis as ŉ ekonomiese besluit (Westheimer et al., 2005:32).

Hierdie verandering het wel nie regdeur die Romeinse Ryk plaasgevind nie. Seksuele omgang was nie nodig in die Romeinse verstaan van die huwelik nie en die verwagting was ook nie dat elke huwelik kinders moet voortbring nie. ŉ Huwelik is beskou as ŉ viering van ŉ vennootskap en nie as ŉ viering van seksuele belangstelling nie. Vir die Grieke was die huwelik ŉ transaksie en ŉ viering van ŉ vennootskap. Die fokus was nie op die seksuele behoeftes en belangstellings van die individue nie (Boswell, 1994:50).

2.2.4. Vroeë Christelike leringe

Die vroeë Christene het meer negatiewe idees rakende seksualiteit bevorder as die Jode, wat baie gemakliker was met seksualiteit en die huwelik. Christene het hulle

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

siening rakende seksualiteit veral ontwikkel vanuit Paulus se werk rakende seks. Gedurende hierdie tyd was seksuele dade nie net beperk tot die huis nie. Orgies was in die openbaar beoefen, egbreuk was algemeen en daar was geen beperkinge op seksuele dade nie. Hierdie tipe seksuele losbandigheid het 'n groot invloed op die vroeë kerk se leerstellings gehad (Turner, 1997:21; Westheimer et al., 2005:33).

Jesus was selibaat en het die huwelik beskou as die enigste gepaste gebied van die mens se lewe waar daar aan seksuele gevoelens uitdrukking gegee kan word. Hy het verder nie veel oor homoseksualiteit gesê nie, maar het die mense geleer dat hulle genade moet hê vir mense wat hulself skuldig maak aan seksuele oortredinge. Ten spyte van Jesus se lering, was Paulus oortuig daarvan dat 'n beter en hoër spirituele lewe daarvan afhang om selibaat te wees. Paulus het die vermoë om selibaat te wees beskou as 'n persoonlike oorwinning teen die wêreldse versoekings (Sheldrake, 2001:23-24; Ware, 1997:93-94). Vroeë Christelike materiaal skets die konflik tussen vleeslike behoeftes en geestelike behoeftes baie duidelik. Volgens Paulus is die vlees sleg en die vleeslike behoeftes moet onderdruk word, terwyl die geestelike behoeftes nagestreef moet word. Die siening dat die vleeslike behoeftes onderdruk moet word en die geestelike behoeftes voorkeur moet kry, is steeds deel van die algemene menslike verstaan (Jacobs, 1997:71-72; Westheimer et al., 2005:33; Sheldrake, 2001:25).

Augustinus het 'n groot aantal van Paulus se idees bevorder en ook uitgebrei. Hy was net so streng soos Paulus en was oortuig daarvan dat die behoefte aan seksuele dade en uitdrukking verwyder kon word vanuit die menslike psige. As gevolg van Augustinus se leringe het die Kerk ook 'n sterk posisie teen seksuele omgang buite die huwelik ingeneem. Die Kerk het verder gegaan en enige seksuele omgang wat nie in voortplanting uitloop nie verban. Die gevolg was dat enige seksuele dade wat nie in voortplanting geëindig het nie as sonde beskou is. Hierdie seksuele dade sluit homoseksuele gedrag, masturbasie en orale-genitale stimulasie in (Sheldrake, 2001:24; Westheimer et al., 2005:33).

Die Kerk se posisie teenoor seksuele gedrag het meer in fokus gekom na die lering van Thomas Aquinas. Hy het die aangesluit by Augustinus se siening dat seksuele omgang wat nie 'n nageslag voortbring nie, sondig is. Paulus, Augustinus en Aquinas

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

was grootliks verantwoordelik vir die omtrent 1000 jaar lange filosofie van die Kerk teenoor seksuele dade (Westheimer et al., 2005:34).

2.2.5. Ontwikkeling in Europa in die 16, 17 en 18de eeue

Middeleeuse Christen teoloë het gemengde gevoelens gehad rondom seksualiteit. Soos reeds genoem het Augustinus 'n negatiewe siening rakende seksuele plesier gehad en seksuele omgang was beperk tot die huwelik, met voortplanting as doel. Thomas Aquinas het weer 'n positiewe siening gehad rakende seksualiteit, maar het baie beperkinge daarop geplaas. Hy was van mening dat seksuele omgang slegs binne die huwelik mag plaasvind en dat dit net een doel gehad het; om voort te plant. Enige ander vorme van seksuele dade is as sondig beskou. Verder het Aquinas die huwelik gesien as deel van die geloof se sakramente en seksuele omgang behoort slegs binne hierdie sakrament van die huwelik plaas te vind (Semenya, 2015:3; Kelly, 2011:13).

Die Protestante Reformasie was 'n wydverspreide aksie en was 'n uitdaging vir die Rooms Katolieke Kerk. Hierdie reformasie is gelei deur Martin Luther wat 'n kwaai jong man was. Martin Luther was 'n rebelse man in die sin dat hy die sieninge rakende seksualiteit bevraagteken het en nie terug gestaan het om deel te neem aan sy struweling rakende sy seksualiteit en die onwillekeurige skuld gevoelens wat daarmee gepaard gegaan het nie. Hierdie tipe gedrag was nie aanvaarbaar nie, omdat individue nie die outoriteit se opinies en bevele mag bevraagteken het nie. Luther was oortuig daarvan dat die Rooms Katolieke Kerk se siening rakende die selibate lewe onnatuurlik is. Hy het die gevolgtrekking gemaak dat die seksuele behoeftes van die mens nie sondig nie, maar natuurlik is, hoewel die huwelik die enigste plek is vir die uitleef van die seksuele behoeftes. Luther het nie geglo dat priesters nie moet trou of kinders verwek nie, hy het verder ook geglo dat voortplanting nie die enigste rasionaal vir seksuele interaksie is nie. Protestante groepe het 'n alternatief gebied vir die Katolieke. Hierdie alternatief was dat hulle wel mag trou en kinders kry (Westheimer et al., 2005:34-35; Cahill, 2001:167-169; Semenya, 2015:4-5; Shaw, 2007:220-221).

Johannes Calvyn het die ideologie ontwikkel dat daar wel voordele is aan seksuele uitdrukking, onder andere om die druk van die alledaagse spanning te verlig. Calvyn

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

het verder gevoel dat die huwelik verbeter word met die hernuwing van intimiteit deur seksuele interaksie. Voorhuwelikse en buitehuwelikse seksuele dade bedreig die integriteit van die familie en was skerp veroordeel deur die Protestante kerke. Calvyn word beskou as die verbintenis tussen die reformasie en die ontwikkeling van die Puriteine (Van De Walle en Muhsam, 1995:261-279; Westheimer et al., 2005:34-35).

In die 18de eeu in Frankryk was daar 'n groot afname in geboortesyfers, veral onder vroue oor die ouderdom van 20. Alhoewel enige voorbehoedmetodes as moord beskou was, het familiebeplanning, sowel as voorbehoeding en beperking 'n algemene praktyk geword. Voorbehoedmiddels was beskou as moord omdat enigiets wat die geboortesyfer verlaag, die integriteit en groei van die Franse nasie bedreig het.

Die getal kindersterftes het wel begin afneem, maar familiebeplanning het al meer populêr geword. Dit was 'n vreemde gebeurtenis in 'n land waar voortplanting en groot families die norm was (Van de Walle et al., 1995:261-279).

> "What is important here is that public discourse on contraceptive techniques was entirely new in that society, as well as in most of Europe, and discussed for the first time with an intention to change behavior and offer reproductive choices where few had existed before" (Westheimer et al., 2005:35).

Vroeë weergawes van die kondoom en onttrekking voor ejakulasie was die mees algemene voorbehoedmiddels in Frankryk (Westheimer et al., 2005:35).

2.2.6. Puriteinse Tradisie in Noord Amerika

Die Puriteine het Luther en Calvyn se seksuele ideologieë as basis vir hulle beweging in Noord Amerika gebruik. Die nukluêre familie was van enorme belang vir hierdie beweging en hulle het daarna gestreef om nukluêre families te vorm en te onderhou. Die Puriteine het 'n pessimistiese siening van die mensdom gehad, omdat hulle van mening was dat die mens sonde geërf het vanuit die sondeval (Tannahill, 1980:328-329).

Puriteine het hoerery en egbreuk beskou as erge oortredinge en dit streng veroordeel. Persone wat in hierdie dade betrap was, is in die publiek gestraf met geseling. Hulle het verder ook streng opgetree teenoor persone wat seksuele dade

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

met diere uitgevoer het en hierdie oortreding was gestraf met die dood. Die Puriteine het duidelike riglyne gehad van wat as verkeerde seksuele verhoudings beskou was en homoseksualiteit was nie deel van hierdie groep verkeerde seksuele verhoudings nie. Die Puriteine se kultuur het baie duidelike en sterk riglyne gevolg van wat dit beteken om manlik te wees en daardie riglyne word aangevoer as die rede waarom hulle niks negatiefs rakende homoseksualiteit gesê het nie (Tannahill, 1980:329).

Die Puriteinse perspektiewe rakende seksualiteit en die nukluêre familie het baie belangrik geraak in die 'nuwe wêreld' omdat 'n groot aantal immigrante na Amerika in die 1700's deel was van die Protestante sektes. Die Puriteine het baie klem gelê om die familie se samewerking en funksionering binne die gemeenskap. Daar was wel 'n toename in die aanvaarding van voorhuwelikse seks omdat dit beteken het dat daar meer plaaswerkers sal wees. Indien die voorhuwelikse seks 'n swangerskap voortbring, is dit onvermydelik dat die twee individue moet trou. Ten spyte van die aanvaarding van voorhuweliks seks, is egbreuk steeds nie aanvaar nie en steeds gesien as 'n ergerlike sonde (Westheimer et al., 2005:36).

2.2.7. Vroeë Mediese en pseudo-wetenskaplike dissiplines

Die ontwikkeling van seksuele kennis in Brittanje en Europa het grootliks vanuit die mediese veld gekom. *Aristotle's Master-Piece* was die bekendste dokument oor seks en voortplanting gedurende die Viktoriaanse tydperk. Hierdie boek was 'n samestelling van verskillende artikels deur 'n verskeidenheid van skrywers, Aristoteles was nie een van die skrywers nie. Die boek het 'n skeiding gemaak tussen seksualiteit en die psigologiese en emosionele aspekte. Seksualiteit is vanuit 'n kliniese en objektiewe perspektief bespreek (Westheimer et al., 2005:36-37; Kelly, 2011:13).

> "The book contributed significantly to the gradual loss of the church's authority over sexual information and is an early example of how, to many, scientific information (even when inaccurate) seemed more believable than church teachings" (Westheimer et al., 2005:36).

Die publisering van hierdie boek kan beskou word as die begin van die kerk se stryd met seksualiteit. Die inligting wat in die hande van die mens geplaas is, het veroorsaak dat hulle meer na die wetenskap begin luister het as na die Kerk

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

(Westheimer et al., 2005:36). Dit is voortgesit met die verdere publisering van *Tableau de l'amour conjugal,* geskryf deur Nicolas Venette. Hierdie boek was ook 'n invloedryke boek oor seks, maar is ook verwerk en nuwe artikels is deur 'n aantal verskillende skrywers bygevoeg. Die boek is ook vertaal in Nederlands, Duits en Engels. Dit was 'n anatomiese en fisiologiese boek, maar die psigologiese en fisiologiese aspekte van seksuele interaksie is gesien as komplementêre elemente van die ervaring. Venette was van mening dat die persoon se behoefte om seks te hê 'n aanduiding van die persoon se algemene fisiese en psigologiese gesondheid is. Al was hierdie Venette se mening, het hy steeds die mense gewaarsku en aangeraai om nie oorboord te gaan nie. Hy het ook dan na Aristoteles verwys wat van mening was dat gematigdheid met die uitvoer van erotiese gevoelens die ideaal is (Westheimer et al., 2005:36-37; Kelly, 2011:13).

Na 1660 was daar veel meer dokumente gepubliseer met die tema van seksualiteit. Die meeste aandag was gegee aan seksueel oordraagbare siektes en die sonde van oordadige masturbasie. Masturbasie het angs by mense veroorsaak en daarom het dokumente wat masturbasie as onderwerp gehad het die meeste aandag getrek. Teen die tyd wat Tissot *Omanism* gepubliseer het, was daar 'n epidemie van vrees oor self-mishandeling. Die heersende idees was dat masturbasie die oorsaak is dat mense hulle rasionaliteit en onskuld verloor (Kelly, 2011:14). Verder was masturbasie ook gesien as die mors van waardevolle menslike saad. Die gevolg was dat skuldgevoel die emosie was wat geassosieer word met seksuele dade en seksuele interaksie. Die Georgiaanse gemeenskap in Engeland het seksuele uitdrukking geassosieer met gesondheid, skoonheid en vrugbaarheid. Ten spyte van hierdie idees was die onderdrukkende gevoel teenoor masturbasie en so min as moontlike seksuele omgang bevorder en het geheers vir ten minste 150 jaar (Westheimer et al., 2005:37).

2.2.8. Viktoriaanse Era

Tydens Koningin Victoria se era was daar vele seksuele fobies en duidelik geformuleerde houdings teenoor seksualiteit. Koningin Victoria is in 1837 gekroon en het die grootste invloed gehad op die ontwikkeling van die seksuele klimaat gedurende die 19de eeu. Die Viktoriaanse era word tussen die vreemde en losbandige idees wat vroeër beskryf is en die 20ste eeu se intense en intellektuele

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

fokus op menslike seksualiteit geplaas. Die rede waarom sy so groot invloed gehad het op die ontwikkeling van seksualiteit was omdat sy vir so lang tydperk koningin was, van 1837 tot 1901 (Westheimer et al., 2005:37-38).

Die impak van hierdie era se seksuele konnotasies wat gemaak was, kon maklik in literatuur opgemerk word.

> "Pianos didn't have 'legs,' they had 'limbs,' and these were discretely hidden in cloth adornments in case the symbolism became overwhelming. At the traditional Sunday dinner one didn't ask for the 'breast' of roast chicken but rather the 'white meat.' Women weren't 'seduced' but 'betrayed'" (Westheimer et al., 2005:37).

Hierdie manipulasie van woorde skep 'n idee van hoe taal gebruik is as 'n middel vir die verandering van denke rakende die fisiese aspek van seks. Die gevolg was dat daar 'n gees van seksuele onderdrukking geheers het en dit het ook versprei na Noord Amerika (Mason, 1995: 34).

Sylvester Graham het geglo dat mans jonger as 30 jaar nie fiks genoeg is om seksuele omgang te hê sonder om uiterste uitputting te ervaar nie. Hy het verder aangeraai dat getroude paartjies dit moet vermy om meer as een keer in drie jaar seksuele omgang te hê. Graham was van mening dat sekere kosse seksuele stimulasie veroorsaak. Kaas, melk en eiers moes vermy word, sowel as vleis en sterk gegeurde kosse. Hierdie kosse moes vervang word met smaaklose kraakbroodjies, bekend as 'Graham crackers.' Dr. John Kellogg het graanvlokkie pap ontwerp as 'n alternatief tot die kraakbroodjies. Die Britte was meer ontspanne met die seksuele morele kode. Daar is gevind dat die huiswerkers en helpers 'n strenger seksuele kode gevolg het as die eienaars waarvoor hulle gewerk het. Gedurende hierdie tydperk was daar nie werklik gebruik gemaak van voorbehoedmiddels nie (Westheimer et al., 2005:338). In die helfte van die 19de eeu het die gebruik van kondome algemeen geraak en die koste was 'n half pennie een. Weerhouding of onthouding was nie deur Britse vrouens beoefen nie (Mason, 1995:40). Die Viktoriaanse tydperk het te doen gekry met 'n aantal paradokse:

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

> "Sexual restraint versus sexual liberality, open sensuality versus a repressive social environment, and anxiety about too frequent intercourse versus the availability of inexpensive condoms" (Westheimer et al., 2005:38).

Ten spyte van die streng en duidelike riglyne rakende seksuele interaksie en dade was daar 'n florerende prostitusie besigheid in Engeland. Die Viktorianers was baie gestel op die publieke beeld en die samelewing se opinie, daarom is prostitusie in die geheim beoefen en het die formele dokumente van die polisie verklaar dat daar slegs 30 000 prostitute is, terwyl daar in werklikheid meer as 'n half miljoen was (Mason, 1995:45).

Wetenskaplike materiaal het al meer na vore gekom en dit het ook stelselmatig die posisie van geloofsoortuigings rakende seks en seksualiteit oorgeneem. Die verskyning van boeke oor die huwelik was 'n uitbreiding van die wetenskaplike soeke na antwoorde rakende seks en seksualiteit. Hierdie boeke was nie so merkwaardig nie, maar amper almal het die boeke gelees. Daar was 'n groot belangstelling in alle aspekte van menslike seksualiteit, maar dit was slegs in privaatheid nagejaag. Hierdie wetenskaplike dokumente wat te voorskyn gekom het, het die nuuskierigheid net aangehits (Westheimer et al., 2005:38-39).

Elements of Social Science or Physical, Sexual and Natural Religion was een van die boeke wat die beste verkoop het gedurende daardie tyd en is deur George Drysdale geskryf. Dit was 'n baie lang boek wat die belangrikheid van gereelde seksuele gemeenskap aangegee het as die middel tot die onderhouding van goeie gesondheid en geluk. Hy het wel kondome afgekeur en aangeraai dat die vrou eerder gebruik moet maak van 'n spons wat binne die vagina geplaas word en dan as voorbehoeding dien. George Drysdale (in Westheimer et al., 2005:39) was van mening dat die gemoed en atmosfeer van seksuele omgang vernietig word wanneer die man aan voorbehoedmiddels moet dink en voorsien, daarom het hy voorgestel dat die vrou verantwoordelik moet wees vir voorbehoedmiddels (Westheimer et al., 2005:39).

Semenbewaring teorie was 'n baie belangrike aspek van die plaaslike gemeenskap se geloof en het 'n groot invloed op die Victoriaanse denke rakende masturbasie, homoseksualiteit en gereelde omgang gehad. Semen se legendariese betekenis kan terug geneem word tot in China en Indië, sowat 2500 jaar terug (Westheimer et al.,

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

2005:39). Dit is beskou as die mees sigbare simbool van voortplantingspotensiaal. Semenbewaring teorie stel voor dat semen nooit gemors moet word nie, maar ook dat die man se karakter versterk word deur die versigtige verspreiding van die semen. Enige mors van semen is gesien as ’n sonde en erge straf was belowe vir enigiemand wat betrokke is by seksuele dade wat nie voortplanting as ’n gevolg het nie. Volgens Ellen White was fisiese en verstandelike onbevoegdheid die gevolg van masturbasie (Tannahill, 1980:270).

’n Seksuele verhouding tussen ’n man en ’n vrou het beteken dat die vrou nou ’n lewenslange verbintenis het aan die man, al het hulle nie getrou nie. Die man moet voorsiening maak vir ’n huis vir die vrou en haar kinders, en sy het verder ook beperkte regte om te erf. Hierdie tipe verhoudings kan kortstondig wees, of vir jare lank aanhou. Die arm vrou het wel ’n ander tipe stryd gehad (McLoughlin, 1994:271; Westheimer et al., 2005:39). As ’n arm vrou ’n kind sou hê sonder die beskerming van ’n huwelik, sou hulle in die publiek gestraf word. Indien ’n ongetroude vrou swanger word en die man weier om te trou, het sy slegs een opsie gehad om die skande te verhoed. Haar pa moes haar voorsien van ’n groot bruidskat sodat haar skande minder sal wees en sy ’n kans sal hê om haar status te herbou in die gemeenskap. Teen 1880 was dit beter om ’n maagd te wees as wat jy ongetroud is en ’n kind het (McLoughlin, 1994:271-272).

Die laaste aspek om te bespreek is die impak wat hierdie siening gehad het op genderrolle. Die verskillende verwagtinge van die geslagte het ’n groot invloed gehad op die gender rolle in Noord Amerika en op die verstaan van genderrolle in die 20ste eeu. Daar is verwag dat Viktoriaanse vroue passief, rein en op hulle kinders en mans gefokus is, daarom was ‘n onafhanklike vrou ’n skaarsheid. Die verwagting was dat mans meer beheer oor hulle emosies het, en objektief en rasioneel is in hulle werk en huwelik. Mans moes in beheer gewees het sonder om te lyk of hulle hard probeer. Emosionele spontaniteit was abnormaal in beide mans en vrouens. Dit moet wel in gedagte gehou word dat hierdie eeu geëindig het met die werke van Havelock Ellis en Sigmund Freud, wat ’n meer liberale intellektuele klimaat gestig het ten opsigte van die verstaan van seksuele kwessies (Westheimer et al., 2005:39; Kelly, 2011:15).

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

2.2.9. Laat 19de en vroeë 20ste eeu

In die laaste kwart van die negentiende eeu het daar ’n verandering plaasgevind in die sieninge van seksualiteit, veral op die Viktoriaanse siening (Westheimer et al., 2005:39). Sommige het steeds vasgehou aan ’n onderdrukkende morele kode, sowel as aan die idee dat seks een van die grootste faktore is wat ’n rol speel in die ontwikkeling van emosionele en sielkundige versteuringe. Die fokus was nie meer soseer op die sondige en verkeerde sy van seksualiteit nie, maar seksualiteit is eerder aangepak vanuit ’n sistematiese en kwantitatiewe perspektief (Kelly, 2011:13).

Gedurende die negentiende en twintigste eeu was daar ’n aantal persone wat merkwaardige werk gepubliseer het rakende die kwessies van seksualiteit. Hierdie persone was nie net geïnteresseerd in die diverse en fassinerende manifestasie van menslike seksuele motivering nie, maar ook in die posisie wat seks in die mens se lewe in neem, sowel as die impak wat dit op die kwaliteit van die lewe van die individue het (Westheimer et al., 2005:40).

Die Duitser Richard von Krafft-Ebing (1840-1902), ’n neuroloog en psigiater, het grootliks die verskillende vorme van seksuele gedrag en opwekking as aardig en patologies beskou, wat daartoe gelei het dat hy seksuele afwykings in vier groepe gedeel het, nl. sadisme, masochisme, fetisjisme en homoseksualiteit (Kelly, 2011:14). Vir die eerste keer was daar ’n bewustheid gekweek in die samelewing om aandag te gee aan seksuele gedrag wat as atipiese seksuele gedrag beskou kon word. Hierdie bewustheid het veroorsaak dat mense wat atipiese seksuele gedrag toon nie so alleen gevoel het met hulle stryd met hulle seksualiteit nie. Krafft-Ebing was verder van mening dat masturbasie die hoofoorsaak van seksuele afwykings is (Weeks, 2010:14-15; Kelly, 2011:14). Hy het aangevoer dat masturbasie tot die stadige ontwikkeling van die normale erotiese inklinasies lei en dat dit tot gevolg kan hê dat ’n jong man onbevoeg raak wanneer dit kom by heteroseksuele omgang. Hierdie gedrag lei weer tot homoseksualiteit in volwassenheid (Westheimer et al. 2005:40).

Henry Havelock Ellis (1859-1939) het verskil van Krafft-Ebing. Hy was ’n Brit en het ’n groot rol gespeel in die verandering van die houding teenoor seksualiteit, veral na

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

die Viktoriaanse tydperk (Kelly, 2011:16). Hy was van mening dat masturbasie ŉ gesonde en algemene oefening is wat deur beide mans en vrouens gedoen word. Ellis het die gevolgtrekking gemaak dat vrouens net so groot seksuele dryfveer het as mans en dat die orgasme by mans en vrouens baie ooreenkomste het (Kelly, 2011:16; Westheimer et al., 2005:40). Hy het ontdek dat mense wesenlik verskil in hulle seksuele gedrag en dat die kultuur en sosiale omgewing ŉ invloed het op die individu se seksuele gedrag (Kelly, 2011:16). Ellis se siening rakende seksuele oriëntasie was anders omdat hy aangevoer het dat seksuele oriëntasie nie ŉ absolute is nie, maar op ŉ skaal beweeg (Kelly, 2011:16). Krafft-Ebing en Ellis het geglo dat homoseksualiteit ŉ psigopatologie is, maar Ellis was van mening dat ŉ persoon homoseksueel gebore word (Westheimer et al., 2005:40). Beide hierdie wetenskaplikes se werke was verban, maar hulle het sistematies omgegaan met die kwessie en gebruik gemaak van psigologiese perspektiewe (Weeks, 2010:19-20; Kelly, 2011:14-15, Westheimer et al., 2005:40).

Sigmund Freud (1856-1939) was ŉ Weense dokter wat merkwaardige gevolgtrekkings gemaak het rakende seksualiteit. Hy het gefokus op die invloed wat psigoseksuele ontwikkeling tydens kinderjare het op die volwasse lewe, sowel as die invloed wat dit het op die verstandelike ontwikkeling (Kelly, 2011:15). Die algemene siening van seksualiteit het gefokus op die genitalieë en die gevoel wat ontstaan wanneer dit gestimuleer word. Freud het nie so beperkte siening rakende seksualiteit gehad nie, hy was van mening dat seksualiteit baie meer te doen het met die sensualiteit as met die genitalieë (Kelly, 2011:15; Westheimer et al., 2005:40). Volgens Freud is dit nie net die genitalieë wat seksuele gevoelens kan ontlok nie, maar ŉ verskeidenheid van liggaamsdele. Die liggaamsdele wat hy identifiseer het wat ook vir seksuele stimulasie verantwoordelik kan wees is die mond, anus, sowel as die genitalieë, en hy het hierdie organe die erogene sones genoem. Hierdie dele is beskou as die primêre erogene sones. Hy het ook sekondêre erogene sones identifiseer, wat bepaal word deur persoonlike ervaring. Die sekondêre sones is areas wat deur persoonlike ervaring verbind word aan sensuele genot wanneer die areas gestimuleer word. Dit kan die rug, borste, dye, en boude insluit (Westheimer et al., 2005:40).

Freud se werk was ook grootliks negatief teenoor die meeste aspekte van menslike seksualiteit omdat hy die oorsaak van afwykende seksuele gedrag gesoek het. Hy

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

het probeer bewys dat volwasse afwykende seksuele gedrag die uiteinde van verwronge seksuele uitdrukking tydens kinderjare is. Indien 'n volwassene se problematiese seksuele gedrag verstaan wil word, moet daar ondersoek ingestel word deur 'n vorm van terapie om uit te vind watter trauma gedurende kinderjare die oorsaak van die probleem is (Kelly, 2011:15; Westheimer et al., 2005:41).

Freud het nie seksuele gedrag as immoreel, misdadig of patologies geklassifiseer nie en dit het gelei tot die atmosfeer waar daar meer vrymoedigheid was om ondersoek in te stel oor kwessies rakende seksualiteit. Hy was wel nie gewillig om die normaliteit van vroulike seksualiteit of homoseksualiteit te aanvaar nie. Ten spyte van sy beperkte siening het sy werk 'n groot uitwerking op moderne verstaan van die menslike erotiek en seksuele motivering gehad (Kelly, 2011:15, Westheimer et al., 2005:41).

Die Berlynse psigiater, Magnus Hirschfeld (1868-1935), was die eerste professionele persoon om op te staan vir die regte van persone wat homoseksueel was. Hy was ook een van die stigters van die *Institute for Sex Research* en was self ook homoseksueel (Kelly, 2011:15; Westheimer et al., 2005:41-42). Hy het die stelling gemaak dat persone met 'n homoseksuele seksuele oriëntasie 'n intermediêre derde geslag het en daarom ook al die regte verdien wat 'n heteroseksuele persoon geniet. Verder het hy ook gestry teen die bevindinge dat masturbasie verkeerd is (Kelly, 2011:15). Hy is bekend vir sy brawe aanname dat homoseksualiteit nie 'n psigologiese afwyking is nie. Hirschfeld het die vermoë gehad om aan 'n onpopulêre aspek van seksualiteit uiting te gee met die nodige professionele integriteit (Westheimer et al., 2005:42).

Alfred C. Kinsey (1894-1956) se belangstelling in seks het begin toe sy studente na hom toe gekom het vir raad oor seks in die huwelik. Hy het nie veel kennis gehad rakende hierdie tema nie en het begin oplees oor seks. Hy was teleurgesteld in die gehalte en verskeidenheid van materiaal wat beskikbaar was. Die studente het by die universiteit gepleit vir 'n kursus oor seksualiteit en die huwelik. Kinsey se belangstelling in menslike seksualiteit het begin as intellektuele nuuskierigheid en het ontwikkel tot die tema van sy lewe. Hy het saam met sewe ander dosente 'n kursus ontwikkel wat handel oor die tema van seksualiteit, wat nie voorheen voorkeur gekry het in Amerika nie (Westheimer et al., 2005:42; Weeks, 2010:14-22).

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Kinsey het ’n alternatiewe vorm van ondersoek, naamlik statistiese analise, gehad om seksuele gedrag te bestudeer eerder as om van kliniese observasies gebruik te maak. Die gevolg is dat hy ’n aantal onderhoude met mense gevoer het om inligting rakende hulle seksuele gedrag te kry (Kelly, 2011:18; Westheimer et al., 2005:42-43). Die kritiek teen sy metode was dat dit nie veralgemeen kan word nie, omdat dit slegs persone was wat vrywilliglik die onderhoude gevoer het. Herman Wells van Indiana Universiteit het aan Kinsey ’n ultimatum gestel, dat hy die kursus moet staak of sy navorsing tot ’n einde moet bring. Kinsey het besluit om voort te gaan met sy navorsing. Deur Kinsey se vermoë om aan te hou met die navorsing het hy ’n bydrae gemaak tot die bevestiging dat seks bestudeer mag word (Kelly, 2011:18; Westheimer et al., 2005:43).

Kinsey het baie aandag gevestig op die verskil tussen die moraliteit wat in die publiek getoon word en wat in die privaatheid van die huise plaasvind. Die eerste boek wat hy gepubliseer het was *Sexual behavior in the Human Male* in 1948 en het meer as 275 000 kopieë verkoop. Hierdie boek is geskryf vir die akademiese gehoor, maar almal het dit gelees. Dit het verrassende statistieke weergegee, bv. 95% mans was voor die ouderdom van 15 seksueel aktief, ’n enkellopende man ervaar 3 of 4 orgasmes per week, 70% van die wat deel geneem het aan die studie het al seksuele omgang met ’n prostituut gehad en 37% het erken dat hulle homoseksuele ervarings gehad het voor die ouderdom van 21. Kinsey en sy kollegas is gevra om nie verder artikels of boeke te publiseer nie, want die borge het nie meer geglo dat hy werklike akademiese werk verrig nie (Westheimer et al., 2005:43).

Kinsey en kollegas het wel voortgegaan en ’n volgende boek in 1953 gepubliseer met die titel *Sexual behavior in the Human Female*. Die kritiek was erger en die akademici het gesê dat hy vrouens, ma’s en dogters bespreek. Dit was nie aanvaarbaar in daardie tyd nie en van die borge wat die navorsing ondersteun het, het onttrek. Kinsey het ’n verskeidenheid van inligting gedurende hierdie studie ingesamel, onder andere die gereeldheid van orgasmes, voorkeur seksuele gedrag, duur van seksuele interaksie en die getal van seksuele maats. Sy verdere gevolgtrekkings was dat masturbasie nie lei tot psigologiese probleme nie, maar eerder die persoon help om meer te weet van hulle eie unieke seksuele reaksie tydens seksuele interaksie. Seks buite die huwelik was baie meer algemeen as wat die gemeenskap voorgegee het (Westheimer et al., 2005:43).

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Kinsey se werk was uniek, maar in die 1940's en 1950's het mense sy werk beskou as skandelik omdat dit iets wat baie persoonlik is, verander het in 'n koue, objektiewe onderwerp (Westheimer et al., 2005:43; Kelly, 2011:18). Sy werk het die pad oop gemaak vir verdere studie oor seksualiteit.

William H. Masters en Virginia E. Johnson is twee verdere navorsers wat 'n groot bydrae gelewer het in die vroeë kennis wat daar was rakende seksuele funksionering. Hulle werk het hoofsaaklik gefokus op twee areas, naamlik die fisiologie van die menslike seksuele reaksie en die behandeling van seksuele disfunksies. Hulle werk het ook die bestudering van homoseksualiteit en ontwikkeling, sowel as verfyning van navorsing in die seksuele veld ingesluit (Kelly, 2011:18; Westheimer et al., 2005:44). Masters, 'n navorser oor seksuele funksionering, het voortgebou op die werk van Kinsey, behalwe dat Masters gebruik gemaak het van moderne mediese instrumente om die seksuele reaksie van die deelnemers te meet. Masters het 'n assistent nodig gehad en Virginia E. Johnson het daardie posisie beklee. Masters was van mening dat 'n vrou 'n goeie keuse sal wees wanneer daar met vrouens gewerk word in die studie (Westheimer et al., 2005:44).

Die eerste twee boeke het hulle eers na 11 jaar se navorsing gepubliseer. Hierdie boeke was *Human Sexual Response* (1966) en *Human Sexual Inadequacy* (1970). *Homosexuality in Perspective* is eers in 1979 gepubliseer na 14 jaar se navorsing. Hierdie boeke het vir die publiek wetenskaplike inligting gegee rakende die reaksies van die manlike en vroulike liggaam op erotiese stimulasie tydens die seksuele reaksie siklus. Die boeke het verder ook inligting bevat oor hoe seksuele disfunksies ontwikkel en die rede waarom disfunksies nie 'n aanduiding van 'n psigologiese siekte is nie. Verder is daar ook strategieë voorgestel van hoe seksuele disfunksies behandel kan word en ook baie inligting rakende die homoseksuele leefstyl en patrone van seksuele uitdrukking (Westheimer et al., 2005:44). Masters en Johnson se werk het die weg geopen vir seksterapie omdat hulle van mening was dat seksuele disfunksie die gevolg is van wanaangepaste leringe van seksuele gedrag wat daarom ook verleer en vervang kan word met aangepaste seksuele gedrag (Kelly, 2011:18). Indien dit dan wel so is dat seksuele disfunksie die gevolg is van emosionele trauma van die verlede, het Masters en Johnson terapie voorgestel om hierdie trauma op te klaar (Kelly, 2011:18; Westheimer et al., 2005:44).

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Noudat daar ’n kort oorsig gegee is rakende die verstaan van seksualiteit deur die eeue, is dit ook nodig om ’n oorsig te kry rakende die ontwikkeling en verstaan van geslag. Deur die verskillende tydperke wat bespreek is, het die geslag bepaal watter seksualiteit die persoon moet ten toon stel. In die oorsig van die ontwikkeling en verstaan van geslag word die argument gemaak dat die geslag van die individu nie noodwendig die seksualiteit van die individu bepaal nie. Daarom is dit van belang om ’n oorsig van die ontwikkeling en verstaan van geslag te hê om ook te verstaan dat die siening rondom geslag verander het.

2.3. Oorsig van die ontwikkeling en verstaan van geslag

Tot onlangs het mans en vrouens gedink dat hulle aan dieselfde geslag behoort. Dat hulle selfs dieselfde geslagsorgane het, maar geskei is deur verskillende gender (Thatcher, 2011:3).

Vir die grootste gedeelte van die Christelike geskiedenis was die mens van mening dat daar slegs een geslag was. Hierdie geslag was die manlike geslag, wat op ’n kontinuum beweeg waar die een pool meer perfek (man) en die ander pool minder perfek (vrou) is. Hierdie siening is radikaal anders van die moderne siening dat daar twee geslagte is wat nie op ’n kontinuum beweeg nie (Thatcher, 2011:4)

Die woord seksualiteit is ’n relatiewe nuwe woord en was eers gebruik in die 1860’s as deel van die diskoers oor seks in die mediese professie. Die rede hoekom daar na die pre-moderne sienings van seks en gender gekyk moet word, is sodat die moderne mens kan besef hoe broos die huidige sieninge is rakende seks en gender. Dit beteken verder dat die moderne[5] sieninge ook kan verander soos wat dit deur die verloop van die tyd verander het (Woodhead, 1997:99; Thatcher, 2011:4).

Die algemene opinie is dat daar twee geslagte is wat teenoor mekaar staan. Hierdie siening is so deel van die Westerse kultuur en geloof dat dit verregaande klink om dit te bevraagteken. Hierdie geslagte is die teenoorgestelde van mekaar. Die een is sterker en die eerste geslag, die ander is swakker en die tweede geslag. Die kerk

[5] Die moderne siening van seksualiteit is soos volg: seksualiteit is die woord wat gebruik word om die fundamentele komponent van die persoonlikheid te beskryf waardeur die mens sy/haar verbindtenis met die self, ander, die wêreld en met God kan ervaar (Louw, 2012:95; Thatcher, 2011:4; Sheldrake, 2001:22).

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

het hierdie siening aangeneem en was oortuig daarvan dat daar slegs twee geslagte is. Karl Barth het die idee ondersteun dat daar twee geslagte is en die twee geslag doktrine, wat dit stel dat die geslagte teenoorgesteldes van mekaar is, maar waar die een die sterker en eerste geslag is en die ander die tweede en swakker geslag is, het die naam komplementariteit van geslagte gekry. Dit was nie kort daarna nie, toe word dit voorgestel dat elke lid van die verskillende geslagte slegs die teenoorgestelde geslag aantreklik mag vind (Cahill, 1996:4; Thatcher, 2011:7).

Dit is nodig om in meer diepte te kyk na die idee dat daar slegs een geslag is. Vir ŉ groot gedeelte van die Christelike geskiedenis was die idee onderhou dat daar ten minste twee gender tipes is, maar slegs een geslag. Die grense tussen manlik en vroulik was ook nie duidelik uiteengesit nie. Die antieke verstaan van menslike voortplanting kan moontlik lig werp op die een-geslag teorie (Thatcher, 2011:8).

Galen (c.129-c.216 CE) was ŉ Griekse dokter en was van mening dat mans en vrouens dieselfde soort genitalieë gehad het. Die grootste verskil tussen mans en vrouens se genitalieë was dat vrouens se genitalieë binne hulle liggaam is, terwyl mans se genitalieë aan die buitekant is. Die opinie was dat vrouens ŉ penis gehad het, maar dat dit na binne gedraai was. Dieselfde het gegeld vir die testes, dit was ook binne die liggaam en die rede waarom vrouens die heeltyd seks wil hê. Die vrou se baarmoeder is gesien as die skrotum (Thatcher, 2011:8). Omdat Galen se verstaan van die man en vrou was dat hulle dieselfde anatomie het, was hy ook van mening dat ŉ kind gevorm word vanuit beide die man en vrou se sperm. Sy opinie was dat die man en vrou ejakuleer en dat die kind ŉ samestelling van beide se sperm is. Die man en die vrou voorsien twee verskillende weergawes van dieselfde produk en hierdie produk smelt saam in die vrou se baarmoeder. Hierdie produk is gesien as die voedingstowwe wat die moeder nodig het om die kind te laat groei. Die vrou se orgasme was daarom ook gesien as belangrik vir voortplanting. Al was die vrou se deelname in die voortplanting as belangrik beskou, was daar steeds ŉ groot verskil tussen sy sperm en haar sperm. Die man se sperm was warmer en ook meer perfek (Shaw, 2007:223; Thatcher, 2011:9).

Die antieke verstaan het twee hoof idees gehad rakende menslike voortplanting. Aristoteles was die eerste een wat die opinie gehad het dat die man die voorsiener van die vorm en struktuur van die kind is en dat die ma die materiaal voorsien wat

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

die kind gebruik om te groei. Die Latynse woord vir moeder is *mater*, wat afgelei is van die een wat die materiaal aan die kind voorsien om te groei in die baarmoeder. Aristoteles het geen idee gehad wat *sperma* (saad) was nie of dat die vrou ‘n eiersel vrystel nie. Sy idee was dat die manlike liggaam voeding van die hoogste kwaliteit voortbring wat ook lewe gee. Daar was natuurlik geen bevrugting wat plaasgevind het nie, omdat daar geen eiersel was om te bevrug nie. Die sperm was die draers van die ‘sensitiewe siel’ of die lewe en die opinie was dat temperatuur ’n invloed op geslag van die kind gehad het. Daar is geglo dat hoe warmer die ejakulasie, hoe groter die kans dat die kind ’n seun kan wees. Die menstruasie siklus was nog onbekend en daarom was die menstruele bloed gesien as die bydrae van die vrou gedurende die voortplantingsproses. Die voortplantingsproses was nog ‘n onbekende terrein en die geleerdes het gevolgtrekkings gemaak so goed hulle die proses verstaan het (Shaw, 2007:223;Thatcher, 2011:8-9).

Mans is gesien as warmer as vrouens omdat hulle meer perfek is. Die genitalieë wat buite die liggaam is bevestig hierdie hitte toestand van die man. Daar is verder geglo dat die liggaam uit vier basiese vloeistowwe bestaan. Die vrou bestaan uit koud en nat terwyl die man uit warm en droog bestaan. Dit het beteken dat alle mense op ’n skaal beweeg wat twee pole het. Die een pool is man en die ander is vrou. Die mens beweeg tussen hierdie twee pole, maar die hoeveelheid vloeistof bepaal waar die individu op die skaal lê (Thatcher, 2011:9).

Soos wat die medici ontwikkel het en daar meer ondersoek ingestel is oor die vrou se siklus, het hulle die ovulasie siklus ontdek. Die gevolg was dat die vrou se orgasme nie meer van belang was vir voortplanting om plaas te vind nie. Die doel van seks was om kinders voort te bring en omdat vrouens se orgasme nie meer nodig was vir voortplanting nie, het mans die gevolgtrekking gemaak dat vrouens verkieslik nie orgasmes moet kry nie. Die vrou se orgasme was gesien as ongewens en moet verkieslik vermy word. Hierdie siening het eers verander aan die einde van die 17de eeu (Thatcher, 2011:10; Shaw, 2007:223). Dit het ook die onderdrukking van die vrou aangehits, tesame met die onderstaande sieninge.

Die siening rondom voortplanting was radikaal anders as die verstaan wat die moderne persoon vandag het, maar dit is steeds nodig om bewus te wees van hierdie verstaan, omdat dit ’n invloed op die verstaan van seks en gender het.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Aristoteles en Galen het die verbintenis gemaak tussen warm en perfek. Galen het vir Aristoteles geëggo met die volgende:

> "Now just as mankind is the most perfect of all animals, so within mankind the man is more perfect than the women, and the reason for his perfection is his excess of heat, for heat is Nature's primary instrument" (Conway, 2008:165).

Hierdie verstaan van die man as meer perfek as die vrou het 'n groot invloed gehad op die vrou se posisie in die samelewing. Dit het ook 'n radikale invloed gehad op die verwagtinge van elke geslag. Die man is gesien as die opperwese en daarom was dit ook verwag dat die man beheer oor sy liggaam moet hê. Hierdie was gesien as 'n taak wat 'n man makliker kan uitrig, omdat vrouens onbeheerste gedrag en behoeftes toon. Vrouens het die heeltyd manlike toesig nodig gehad omdat hulle nie beheer oor hulle liggame kan uitoefen nie (Thatcher, 1993:34; Thatcher, 2011:10). Soos vroeër reeds genoem het die een geslag model op 'n kontinuum gewerk. Die samelewing het geglo dat dit moontlik vir 'n man is om 'n vrou te raak en vir 'n vrou om 'n man te raak, hang af waar hulle op die kontinuum is. 'n Man wat passief raak gedurende seksuele interaksies faal daarin om 'n man te wees, want 'n vrou word gepenetreer en 'n man moet verantwoordelik wees vir die penetrasie. Mans wat dus gepenetreer word loop die risiko om as 'n vrou gesien te word. Dieselfde het vir vroue ook getel; as 'n vrou seks te veel geniet of die inisiatief neem in seksuele situasies sou hulle as manlik beskou word (Thatcher, 2011:10-11; Thatcher, 1993:34; Nelson, 1978:46).

Vanuit hierdie oorsig rakende die een geslag model is dit moontlik om die moderne idee dat daar twee geslagte is te verstaan. Dit is moontlik om te verstaan dat hierdie twee geslagte teenoorgesteldes van mekaar is en dat elke individu by een van hierdie twee geslagte moet inpas. Verder is dit moontlik om te verstaan dat die sosiale omstandighede en kultuur ook 'n invloed het op die individu se proses om 'n man of 'n vrou te word. Daar was 'n groot vrees dat 'n man sy manlikheid kan verloor deur hom skuldig te maak aan onaanvaarbare seksuele en sosiale gedrag. Die geskiedenis van die ontwikkeling van die verstaan van seks en gender het veroorsaak dat die moderne mens 'n beter verstaan van die moderne sieninge rakende seks en gender het (Thatcher, 2011:12).

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

> "The Christian Lactantius (*c.*250-*c.*325 CE) taught that when a masculine seed entered the right part of a uterus, or a feminine seed entered the left part, a boy or a girl respectively, with the potential gender characteristics of male and female, would be born. However, when a masculine seed entered the left part, or a feminine seed entered the right part, then the boy would acquire feminine characteristics or the girl male ones" (Kuefler, 2001:21-22).

Die bogenoemde aanhaling is 'n aanduiding van die spekulasie oor die biologiese oorsprong van persone wat interseks en transgender is. Hermafrodiet was die woord wat eerste gebruik was vir mense wat beide geslagte gehad het. Eers in 1920 is die woord interseks gebruik. Persone wat interseks is, ondergaan gewoonlik operasies om hulle geslag 'reg te maak'. Fausto-Sterling (2000:78) is van mening dat hierdie tipe operasies verkeerd is en dat dit die twee-geslag teorie bevorder:

> " 'Unruly bodies' which are literally 'between' the sexes challenge the rigid binary of male and female" (Fausto-Sterling, 2000:78).

Die boorlinge van Amerika praat van mans en vrouens wat die genderrolle van die teenoorgestelde geslag aanneem as 'two-spirit.' Dit is die naam wat vir mense gegee is wat meer gemaklik voel met die teenoorgestelde geslag se gender rolle. Die teenwoordigheid van 'two-spirit' mense gee heteroseksuele persone die kans om te sien dat die twee-geslag model nie die enigste model kan wees nie. Dit bevestig die nuuskierigheid van die vroeë medici dat daar wel interseks en transgender persone is en daarom moet daar 'n veelvoud-geslag model wees en nie slegs 'n een-geslag of twee-geslag model nie (Thatcher, 2011:13-14).

Die verstaan van geslag het verander van 'n een-geslag model na 'n twee-geslag model, tot dit duidelik geword het dat nie een van hierdie twee modelle voldoende is nie. Die behoefte is eerder aan 'n veelvoud-geslag model wat ruimte laat vir interseks en transgender persone. Gender en gender rolle was hoofsaaklik ook bepaal deur die geslag wat die individu het, wat ook weer die seksualiteit bepaal het. Met ander woorde, geslag het bepaal watter gender en gender rolle uitgebeeld moet word, wat ook bepaal watter seksualiteit uitgeleef word. Daarom is dit van belang om te verstaan dat gender en gender rolle nie meer op hierdie wyse verstaan word nie. Dit is meer kompleks as slegs manlike en vroulike gender rolle en wat bepaal word deur die geslag wat weer 'n invloed het op die seksualiteit wat uitgeleef word.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

2.4. Oorsig van die verstaan van gender en gender rolle

Die eerste keer wat die woord gender en gender rolle gebruik was, is in 1955 in 'n artikel wat geskryf is deur John Money:

> "Hermaphroditism, gender and precocity in hyperadrenocorticixm," published in the subsequently discontinued *Bulletin of the John Hopkins Hospital*. In this paper the word *gender* made its first appearance in English as a human attribute, but it was not simply a synonym for *sex.* With specific reference to the genital birth defect of hermaphroditism, it signified the overall degree of masculinity and/or femininity that is privately and publicly manifested in infancy, childhood, and adulthood, and that usually though not invariably correlates with the anatomy of the organs of procreation" (Money, 1995:18-19).

Die woorde gender rol, gender identiteit en gender is eers sedert die tweede helfte van die twintigste eeu in gebruik geneem in die Engelse taal. Voorheen het mense geslag gehad en nie gender nie. Wanneer daar oor genitalieë of voortplanting as man en vrou gepraat word, dan word die woord geslag gebruik. Gender het behoort aan die tale, aan die klassifikasie van voornaamwoorde, bywoorde ensovoorts as manlik, vroulik of neutraal. Gender se definisie was soos volg: geslag, man of vrou (Weeks, 2010:4-5; Money, 1995:17-18).

Die oorsprong en formulering van die woord gender word gevind in die navorsing van John Money. Hy het spesifiek met hermafrodiete gewerk en dit moeilik gevind om 'n term te vind wat hy kan gebruik. Deur sy studies het hy gevind dat meer as een element 'n uitwerking op 'n individu se seksuele oriëntasie en gedrag het. "Libidinal orientation, sexual outlook, and sexual behavior as masculine or feminine in both its general and its specifically erotic aspects" was die stelling wat gebruik was om 'n individu te beskryf. Hierdie stelling was te lank om te gebruik en daarom het Money probeer om een enkele woord te vind wat hierdie stelling kan opsom (Money, 1995:20-21).

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

> "The first step was to abandon the unitary definition of sex as male or female, and to formulate a list of five prenatally determined variable of sex that hermaphroditic data had shown could be independent of one another, namely, chromosomal sex, gonadal sex, internal and external morphologic sex, and hormonal sex (prenatal and pubertal), to which was added a sixth postnatal determinant, the sex of assignment and rearing. The seventh place at the end of this list was an unnamed blank that craved a name. After several burning of the midnight oil I arrived at the term, gender role, conceptualized jointly as private in imagery and ideation, and public in manifestation and expression" (Money, 1995:21).

Die bostaande aanhaling beskryf die proses waardeur Money gewerk het om die term gender te ontdek. Money het 'n aantal artikels geskryf en die eerste formele definisie van gender word gevind in 'n artikel wat hy in 1955 geskryf het.

> "By the term, gender role, we mean all those things that a person says or does to disclose himself or herself as having the status of boy or man, girl or woman, respectively. It includes, but is not restricted to sexuality in the sense of eroticism. Gender role is appraised in relation to the following: general mannerisms, deportment and demeanor; play preferences and recreational interests; spontaneous topics of talk in unprompted conversation and casual comment; content of dreams, daydreams and fantasies; replies to oblique inquiries and profective tests; evidince of erotic practices and, finally, the person's own replies to direct inquiry" (Money, 1995:21-22).

Money was die eerste een wat die term gender rol gebruik het en hy het verder ook 'n groot rol gespeel in die ontwikkeling van die term gender identiteit. Gender rol is beide ekstern en intern. Gender rol behoort aan die individu (intern) en word ook aan ander getoon deur optrede (ekstern). Gender identiteit is die term wat gebruik word om te verwys na die interne aspek van die individu se gender rol. Gender rol is dus die term vir die eksterne en gender identiteit is die term vir die interne (Money, 1995:23; Weeks, 2010:4-5).

Die definisie wat gegee was vir elk van die bogenoemde terme was deur Money geskryf in 1972:

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

> "Gender identity: the sameness, unity and persistence of one's individuality as male or female or ambivalent in greater or lesser degree, especially as it is experienced in self-awareness and behavior. Gender identity is the private experience of gender role, and gender role is the public expression of gender identity" (Money, 1995:25).

> "Gender role: everything that a person says and does, to indicate to others or to the self the degree in which one is male or female or ambivalent. It includes but is not restricted to sexual arousal and response. Gender role is the public expression of gender identity, and gender identity is the private experience of gender role" (Money, 1995:25).

Hierdie aanhalings gee die definisie van gender rol en gender identiteit. Noudat daar 'n kort oorsig gegee is van die ontwikkeling van die term gender word daar nou gekyk na die ontwikkeling van die verstaan van gender rolle en gender identiteit in die samelewing.

Gender is nie verbind aan die geslag van die persoon nie. Dit is iets wat deur die samelewing gevorm word. Daarom kan daar nie gesê word dat seks die gender bepaal nie. Butler (2006:10) verduidelik gender soos volg:

> "Gender is not to culture as sex is to nature; gender is also the discursive/ cultural means by which "sexed nature" or "a natural sex" is produced and established as "prediscursive," prior to culture, a political neutral surface on which culture acts" (Butler, 2006:10).

Lorber (2009:112) is van mening dat gender so deel van die mens se roetine geraak het dat dit ingewikkeld is om te identifiseer wanneer daar gender stereotipering toegepas word. Gender stereotipe het so deel geraak van die samelewing dat 'n individu spesiale aandag moet gee om die stereotipes te identifiseer (Lorber, 2009:112-113 Weeks, 2010:44).

Gender konstruksies begin deur die individu in 'n kategorie te plaas volgens geslag. Wanneer 'n individu geklassifiseer is, word hulle volgens daardie geslag se gepaste gender wyses hanteer. Op hierdie wyse bepaal die geslag die gender van die individu. Hierdie gender word bevorder deur die taal wat gebruik word om met die individu te kommunikeer, die klere wat aangetrek word en die gedrag wat hulle moet

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

toon. Die geslag speel nie werklik op hierdie stadium 'n rol nie, want die gender rol word baie meer bevorder en aangemoedig. Eers in puberteit word die geslag van die individu weer van belang. Teen hierdie tyd het die individu se seksuele gevoelens en behoeftes verander om by die gender rol en identiteit te pas. Al het dit plaasgevind is dit moontlik dat die individu nie saamstem met die gender rol waarin hy of sy geplaas is nie. Gender klassifikasies vind plaas omdat dit 'n sosiale konstruk is; dit is die wyse waarop die samelewing probeer om orde skep en mense in bepaalde rolle te plaas (Lorber, 2009:113-117).

Gender is 'n proses waar daar duidelike riglyne gegee word van wat 'n individu 'n man of 'n vrou maak. Die individu leer hierdie riglyne deur waar te meen wat hulle ouers en die samelewing se verwagting is van die verskillende geslagte. Die individu reageer op hierdie verwagtinge en doen wat verwag word om aanvaar te word en bevorder op hierdie wyse die gender rolle (Lorber, 2009:114).

Alhoewel dit die wyse is waarop die samelewing orde skep, kan dit groot verwarring in individue mee bring. Money (1995:96) verduidelik dat elke individu 'n genderkaart het. Hierdie kaart word gevorm voor geboorte en word voltooi deur insette van die samelewing na geboorte. Hierdie kaart is die entiteit of templaat wat bepaal of die individu manlik, vroulik of in die middel van die twee geslagte is (Money, 1995:96).

> "Gendermaps: a developmental representation or template synchronously in the mind and brain depicting the details of one's gender-identity/role (G-I/R). It includes the lovemap but is larger, insofar as it incorporates whatever is gender coded vocationally, educationally, recreationally, sartorially, and legally, as well as in matters of etiquette, grooming, body language, and vocal intonation" (Money, 1995:96).

Kinders word gebore met hierdie genderkaarte reeds ontwikkel, maar die samelewing ontwikkel dit verder. Hierdie ontwikkeling kan veroorsaak dat daar 'n krisis ontstaan by die individu omdat die genderkaart en die samelewing se verwagting nie ooreenstem nie. Die individu maak keuses op grond van identifisering en komplementering. Identifisering beteken die nabootsing van 'n held of rolmodel wat dieselfde geslag as die individu het. Komplementering is die projeksie van gevoelens wat deur identifisering aangeleer is. Hierdie proses gaan voort regdeur die kinderjare tot volwassenheid en hierdie gedrag help die ontwikkeling van die

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

genderkaarte aan en toon ook die effek wat die samelewing op die individu se ontwikkeling het (Money, 1995:112).

Die genderkaarte het twee pole; die een pool is manlik en die ander pool is vroulik. Die pole is verder ook negatief en positief. Die positiewe pool is die pool wat bekend is vir die individu en die negatiewe pool is die onbekende pool. Met ander woorde, die positiewe pool toon die gender van die individu aan, maar beide pole is teenwoordig in die genderkaart. Dit is moontlik dat die pole kante ruil, wat veroorsaak dat die persoon transseksueel is, of dat beide pole ewe positief is. In daardie geval kan die persoon biseksueel wees. Die verwagting is dat die genderkaart se positiewe pool ooreen stem met die eksterne genitalieë, maar dit is nie altyd so nie. Daarom kan gender rolle nie net toegepas word op individue nie, want die genderkaart stem nie noodwendig ooreen met die eksterne genitalieë nie (Money, 1995:112).

Individue moet die geleentheid gebied word om self te ontdek wat hulle genderkaart is en dan daarvolgens te ontwikkel. Die samelewing se gender konstruksies moet nie die individu inperk tot die eksterne genitalieë nie.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

2.6. Gevolgtrekking

Hierdie hoofstuk se doel is om 'n historiese oorsig van seksualiteit weer te gee om te verstaan waar die perspektiewe rakende seksualiteit vandaan kom. Dit was beperk tot spesifieke historiese tydperke en tradisies as gevolg van die aard van die studie. Hierdie spesifieke historiese tydperke en tradisies sluit die volgende in: die vroeë historiese[6] rekord waartydens seksualiteit deur beeldhouwerk gevier is en in die publiek uitgebeeld was. Gedurende hierdie tydperk is daar vir die eerste keer beperkinge opgestel rakende seksuele dade. Hierdie beperkinge was wel te doen met toelaatbare en ontoelaatbare inteling en seksualiteit was gesien as 'n sekulêre kwessie. Ek is van mening dat hierdie die begin van beperkinge op seksuele dade was en dat dit tot gevolg gehad het dat daar vandag, in Suid-Afrika, wette teen onder-trouery ingestel is. Hierdie wette[7] word ook gereeld hersien, sodat die wet teen onder-trouery nie net meer na vaginale omgang tussen familie lede verwys nie, maar na alle seksuele omgang sodat dit gender neutraal is.

Die antieke Hebreeuse invloed[8] op seksualiteit was redelik onveranderd deur die geskiedenis, want vaste verhoudings was die enigste erkende verhouding in die samelewing waarin seksuele interaksie goedgekeur is en voortplanting was die hoofdoel van seksuele interaksie.

In die Griekse en Romeinse tradisie[9] het bekende filosowe soos Plato en Aristoteles groot bydraes gelewer tot die verstaan van seksualiteit. Hulle het onderskeid getref tussen verskillende liefdes (Eros – erotika, Philia – vriendskapsliefde). Verder was die antieke Grieke gemaklik met 'n groot verskeidenheid van seksuele verhoudings en homoseksualiteit was 'n aanvaarbare en algemene leefstyl. Homoseksualiteit was gewoonlik tussen mans en was beskou as 'n suiwer of hoër verbintenis tussen persone.

Soos wat die invloed van die Grieke verminder het en die Romeinse invloed sterkte geword het, het die seksuele waardes en norme begin verander en die huwelik het 'n emosionele gebeurtenis geraak. Daarom was seksuele omgang nie 'n prioriteit of

[6] Sien 2.2.1. Vroeë Historiese rekord
[7] Sien South African Law Commission, Project 107: Sexual Offences Report, December 2002, bl.39.
[8] Sien 2.2.2. Antieke Hebreeuse invloed
[9] Sien 2.2.3. Griekse en Romeinse tradisie

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

nodig in die Romeinse verstaan van die huwelik nie en daar was geen verwagting dat kinders voortgebring moet word in die huwelik nie. Ek voel meer gemaklik met die Hebreeuse verstaan en ondersteuning van vaste verhoudings omdat ek dink dat daar, soos die Romeine, ’n emosionele verbintenis met die ander persoon in die verhouding is en daarom is die huwelik nie net ’n fisiese gebeurtenis nie, maar ’n emosionele gebeurtenis. Ek verskil wel van die verdere Hebreeuse verstaan dat voortplanting die hoofdoel van ’n huwelik of seksuele omgang moet wees. As hierdie siening van die huwelik volgehou word, dat voortplanting die hoofdoel en rede vir ’n huwelik is, kan dit na my mening ’n negatiewe invloed op die individue wat in ’n huwelik tree hê. Indien een van die twee partye as gevolg van mediese redes nie kan voortplant nie, word die huwelik as irrelevant en die individu as ’n mislukking beskou. Daarom stem ek saam met die Romeine dat die emosionele verbintenis van ’n huwelik belangrik is.

In die vroeë Christelike leringe[10] het Paulus, Augustinus en Aquinas ‘n groot invloed gehad op sieninge rakende die huwelik en seksuele dade. Hulle siening was dat spiritualiteit hoër geag moet word as seksualiteit en daarom was ’n selibaat leefstyl beskou as die hoogste vorm van spiritualiteit. Verder was hulle siening dat seksuele dade in voortplanting moes uitloop; enige ander vorm van seksuele dade was verban.

Die Reformasie het ook ’n groot invloed op die ontwikkeling van die verstaan van seksualiteit in Europa in die 16de, 17de en 18de eeue[11] gehad. Die kerkvader Martin Luther het ’n groot probleem met die uitgangspunt van die Rooms Katolieke Kerk rakende die huwelik gehad. Hy het gesê dat die seksuele behoeftes van die mens nie sondig is nie, maar natuurlik, en dat die selibaat lewenstyl wat die Rooms Katolieke Kerk onderhou onnatuurlik is. Luther het ook gesê dat die huwelik die enigste plek is waar seksuele behoeftes uitgeleef mag word. Johannes Calvyn het hierdie ideologie verder ontwikkel en hy het genoem dat voorhuwelikse en buitehuwelikse seksuele dade die integriteit van die familie bedreig. Hierdie dade was skerp veroordeel deur die Protestante kerke.

[10] Sien 2.2.4. Vroeë Chrsitelike leringe
[11] Sien 2.2.5. Ontwikkeling in Europa in die 16, 17 en 18de eeue

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Die Puriteinse tradisie in Noord Amerika[12] het Luther en Calvyn se seksuele ideologieë gebruik as die basis van hulle verstaan van seksualiteit. Die nukluêre familie was die norme waarvolgens almal moes leef en die Puriteine het sterk en duidelike riglyne gehad van wat verkeerde seksuele verhoudings was, asook van wat dit beteken om manlik te wees. Die gemeenskap het nie daaraan gedink om die sterk riglyne te oorkom nie en daarom was homoseksualiteit nie 'n brandende kwessie wat opgelos moet word nie. Gevolglik was homoseksuele verhoudings nie gegroepeer onder verkeerde seksuele verhoudings nie, want geen man sou buite die natuur optree nie.

Die ontwikkeling van vroeë mediese en pseudo-wetenskaplike dissiplines[13] het spanning veroorsaak in die kerk, want mense het selfs onakkurate inligting meer geglo as die Kerk se uitgangspunte, aangesien die kerk groot klem gelê het op die sondige aspek van seksualiteit. Dit het spanning by die mense veroorsaak; daarom het hulle eerder na die wetenskaplike stem oor seksualiteit geluister wat weg beweeg het van die sondige natuur van seksualiteit en dit op 'n wetenskaplike wyse verduidelik het. Ek is van mening dat Martin Luther korrek was om te sê dat seksualiteit nie 'n sonde is nie en dat Calvyn nie ver verkeerd was om te sê dat voorhuwelikse- en buitehuwelikse seksuele dade afbreek aan die integriteit van die familie maak nie. Dit is vandag algemeen dat persone in voorhuwelikse seksuele verhoudings verkeer, maar ek is van mening dat indien dit op 'n verantwoordelike wyse hanteer word, dit nie afbreek maak aan die integriteit van die familie nie. Buitehuwelikse verhoudings het die meeste van die tyd 'n negatiewe uitwerking op die familie, omdat dit die verhoudings breek tussen familie lede en daarom stem ek saam met Calvyn dat buitehuwelikse verhoudings die integriteit van die familie afbreek.

Die Viktoriaanse Era[14] is gekenmerk deur die skep van 'n taal rondom seksualiteit. Seksualiteit was nie net gekoppel aan dade nie, maar ook aan die manier hoe mense gepraat het, bv. "Pianos didn't have 'legs,' they had 'limbs" en "one didn't ask for the 'breast' of roast chicken but rather the 'white meat'" (Westheimer et al., 2005:37). Deel van die taal wat geskep is, het verdere ontwikkelings in die

[12] Sien 2.2.6. Puriteinse Tradisie in Noord Amerika
[13] Sien 2.2.7. Vroeë Mediese en pseudo-wetenskaplike dissiplines
[14] Sien 2.2.8. Victoriaanse Era

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

wetenskap gehad en gelei tot die publikasie van verskeie boeke oor seksualiteit soos bv. *Elements of Social Science or Physical, Sexual and Natural Religion*[15] wat tot gevolg gehad het dat die vrou die verantwoordelikheid gedra het om voortplanting te voorkom. Ek is van mening dat die Viktoriaanse Era wel iets goeds gedoen het deur 'n taal te skep rondom seksualiteit. Die verskil vandag is dat die taal wat gebruik word in moderne pop musiek[16] uiters eksplisiet is en geen verskuilde taal gebruik word nie. Die pendulum het geswaai van taal wat geen seksuele konnotasies het nie na 'n taal wat glad nie seksuele konnotasies vermy nie.

Die laat 19de en vroeë 20ste eeu[17] het die opkoms van groot name in die medici en geesteswetenskappe tot gevolg gehad (Freud, Kraft-Ebing, Kinsey, Master ens.). Dit het beteken dat daar baie navorsing oor die onderwerp van seksualiteit gedoen is en dit het ook daartoe gelei dat daar navorsingsinstitute gestig en kursusse ontwikkel is. Ek is van mening dat hierdie steeds 'n invloed het op die 21ste eeu se siening en verstaan van seksualiteit, want hierdie persone se bevindinge was baanbrekerswerk ten opsigte van die verstaan van seksualiteit. Seksualiteit was deur hulle werk nie meer 'n geslote en beperkte bespreking nie, maar het meer publiek geraak en meer persone het daaroor begin navorsing doen. Akademiese materiaal rakende seksualiteit word vandag as 'n erkende wetenskap gesien en nie net meer as perverse materiaal nie.

Dit is ook van belang om te verstaan hoe geslag verskillend verstaan is deur die eeue. Geslag vorm deel van die bespreking van seksualiteit omdat geslag bepaal het watter seksualiteit die individu ten toon moet stel. Daarom was daar kortliks verduidelik hoe die verstaan van geslag verander het tot waar ons vandag verstaan, dat daar nie slegs van 'n twee geslag-model gepraat kan word nie. Gender en genderrolle is sosiale konstrukte wat 'n invloed het op die wyse hoe seksualiteit uitgebeeld word en hierdie konstrukte bestaan in die samelewing, maar die verstaan van hierdie twee terme het ook verander van die eerste gebruik van die woorde. Hierdie hoofstuk het 'n kort oorsig geskets van seksualiteit, geslag, gender en gender rolle.

[15] Sien 2.2.8. Viktoriaanse Era
[16] Iggy Azalea, Lil'Kim, Nicki Minaj ensovoorts.
[17] Sien 2.2.9. Laat 19de en vroeë 20ste eeu

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Die beweging van seksualiteit deur die verskillende tradisies en tydperke het ’n groot invloed op ons verstaan van seksualiteit in die 21ste eeu. Christenskap het ontstaan met Judaïsme as agtergrond, maar het in die konteks en samelewing van die Grieks en Romeinse tydperk ontwikkel. In hierdie hoofstuk het die verandering van die verstaan van seksualiteit duidelik na vore gekom. Die verstaan van seksualiteit het met ‘n sirkel beweging begin in die vroeë historiese rekord met ’n onbeperkte[18] siening rakende seksuele dade en die verstaan van seksualiteit en hierdie siening het gewissel tussen onbeperk en beperk[19] tot by die Viktoriaanse era, waar die verstaan van seksualiteit in ’n beperkte siening geëindig het. In die 19de en 20ste eeu het die grootste verskeidenheid van navorsing na vore gekom en hierdie navorsing het die verstaan van seksualiteit beïnvloed. Dit het daartoe gelei dat seksualiteit nie slegs in een dissipline ondersoek word nie, maar dat seksualiteit in verskillende dissiplines bespreek en ondersoek word, byvoorbeeld teologies, psigologies, fisiologies en biologies. Hierdie oopbreek van seksualiteit in verskillende dissiplines help om seksualiteit teologies te ondersoek omdat daar getoon word dat seksualiteit nie net biologies van aard is nie.

Noudat die agtergrond van seksualiteit geskets is, verskuif die fokus na ’n historiese oorsig van die liggaam. Omdat seksualiteit deur die liggaam uitgeleef kan word, is dit ook van belang om te ondersoek hoe die liggaam verstaan is deur die eeue.

[18] Met onbeperk word hier bedoel dat daar geen duidelike beperkings op die uitbeelding en uitleef van seksualiteit was nie. Daar was beelde met prominente genitalië en verskillende soorte seksuele verhoudings is aanvaar.
[19] Beperk verwys hier na duidelike riglyne of beperkings wat geplaas was op seksuele dade en uitbeeldings, soos byvoorbeeld gevind in die Victoriaanse en Puriteinse tydperke.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Hoofstuk 3

Historiese oorsig van die verstaan van die liggaam

3.1. Inleiding

In hierdie hoofstuk word die liggaam histories bespreek om te verduidelik hoe die liggaam verstaan is binne verskillende tydperke. Die vorige hoofstuk het gehandel oor ŉ historiese oorsig van seksualiteit en soos seksualiteit verskillend verstaan is, so is die liggaam ook op verskillende wyses verstaan. Die teologiese lens wat in hierdie studie gebruik word, is liggaamsteologie en daarom is dit van belang om te verstaan hoe die liggaam verstaan en geïnterpreteer is deur die geskiedenis. Gedurende die verloop van tyd het daar sekere perspektiewe rakende die liggaam ontstaan en dit het aanleiding gegee tot die formulering van dualismes, wat ŉ groot uitwerking op die samelewing het. Dit is van belang om te verstaan watter verskillende dualismes bestaan wat ŉ hindernis kan wees in die proses om ŉ inklusiewe siening van seksualiteit te vorm.

3.2. Historiese oorsig van die liggaam

Die historiese oorsig van die liggaam is ŉ beperkte bespreking van hoe die liggaam verstaan is deur die geskiedenis. Ek is bewus daarvan dat daar veel meer tydperke is om te bepreek, maar as gevolg van die aard van hierdie studie het ek slegs die volgende tydperke gekies: vroeë Christendom, Middeleeue, Reformasie en die Verligtingsera. Hierdie tydperke is gekies omdat dit skuiwe in die siening van die liggaam ten toon stel.

3.2.1. Vroeë Christendom

Die omgewing waarin die vroeë Christendom ontwikkel het, was grootliks beïnvloed deur Hellenistiese filosofie en dualismes. Die Hellenistiese filosofie het nie die liggaam gehaat nie, maar het wel die siening gehad dat die liggaam totaal anders as die siel is. Die verstaan was dat die liggaam beheer moet word tot die siel vry kan wees van die liggaam. Christene wat geglo het aan die opstanding kon egter nie hierdie tipe skeiding van liggaam en siel nastreef nie. Die geloof in die opstanding

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

het vermy dat gelowiges in dualistiese denke verval, maar die liggaam het steeds ’n moeilike posisie in die vroeë Christendom vervul (Isherwood et al., 1998:64).

Die sieninge rakende die liggaam wat geheers het gedurende die vroeë Christendom was nie oral dieselfde nie. Die meeste teoloë het die Gnostiese idee, dat die liggaam die gevolg van rebellie teen God is, verwerp, maar steeds die idee onderhou dat die liggaam verlos moet word. Dit is ook vanuit hierdie siening dat die asketiese beweging aandag getrek het (Brown, 1998:103-121). Origenes was van mening dat daar ’n dubbele skepping was, waarvan die eerste ’n heilige skepping was. Die skepping het egter weggedraai van God en hierdie eerste skepping het in die tweede skepping liggame ontvang. Hierdie teoloë was wel nie van opinie dat die liggame van die tweede skepping sondig of boos was nie, maar dat dit wel nie so goed was soos die eerste skepping nie. Die gevolg was dat hierdie teoloë geglo het dat verlossing moontlik sal wees indien hulle terugkeer na ’n genderlose status (Brown, 1998:160-177; Nelson, 1992:37).

Augustinus het ’n baie beperkte siening van die liggaam gehad en was van mening dat die liggaam ’n uitwaartse instrument is waardeur die innerlike gevoelens uitgedruk kan word. Die innerlike gevoelens waarvan hier gepraat word is grootliks seksuele gevoelens. Augustinus se siening van seksualiteit, soos bespreek in hoofstuk twee, het sy verstaan van die liggaam beïnvloed en daarom was hy ook van mening dat die liggaam rein gehou moet word. Hy het aanleiding gegee tot die lewenstyl wat die monnike volg deur maagdelikheid, totale weerhouding en sistemiese verwaarlosing van die liggaam. Kastrasie is beskou as ’n morele daad en teken van toewyding aan die geloof. Die mishandelde liggaam is gesien as ’n teken van geloof, sowel as ’n objek van geloof en toewyding (Haeberle, 1986:329; Lemmer, 2005:17). Augustinus se siening van seksualiteit het sy siening van die liggaam op so ’n wyse beïnvloed dat hy verwaarlosing van die liggaam as ’n teken van geloof beskou het.

Die kerk was dus gekenmerk deur ’n teenstrydige onopgeloste spanning oor die liggaam en dit kom voor of hierdie probleem rakende die posisie van die liggaam ’n herhalende probleem in die kerk is (Ware, 1997:98-99).

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

3.2.2. Middeleeue

Die teenstrydige houding teenoor die liggaam wat gedurende die vroeë Christendom teenwoordig was, was steeds sigbaar in die Middeleeue. Thomas Aquinas het wel 'n belangrike rol gespeel in die vereniging van die liggaam en siel, maar daar was steeds baie klem gelê op sakramente en opofferings vir Christus (Isherwood et al., 1998:67). In die Middeleeue het die Christelike kerk 'n voorstel gemaak om spesiale kerklike howe op te stel wat uitspraak lewer oor sake van kettery, laster, toordery en seksuele afwykings. Hierdie kerklike howe het grootliks in Engeland, Skotland en Ierland gefunksioneer. Die kerklike howe het nie die mag gehad om 'n straf toe te ken nie, maar die individue moes 'n bepaalde boete betaal. Die meeste van die kerklike hofsake het nie konkrete bewyse van die oortreding gehad nie en was vrywillige belydenis van oortredinge. Die boetes wat aan verskillende oortredinge toegeken is, is opgeteken in spesiale boeke, die boetedoeningsboeke. Die kerklike siening was baie negatief teenoor seks, en selfs seksuele dade tussen getroude persone was baie beperk (Lemmer, 2005:18; Haeberle, 1983:360; Thatcher, 2011:76).

> "Sexual intercourse was forbidden for 3 days after the wedding, during a woman's menstrual period, during her pregnancy, and for several weeks after childbirth. It was also prohibited on Thursdays (Jesus' arrest), Fridays (Jesus' crucifixion), and Sundays (Jesus' resurrection) as well as during official periods of fasting (40 days each before Easter and Christmas). Menstruating women were not allowed to enter the church" (Lemmer, 2005:19).

Isherwood en ander (1998:68) is van mening dat vas ook 'n groot rol gespeel het gedurende die Middeleeue, maar dat oormatige vas deur vrouens 'n sentrale plek in hulle spiritualiteit ingeneem het. Die vas van kos was gesien as iets waaroor die vrou mag gehad het, omdat kos en die liggaam gesien is as die vrou se verantwoordelikheid. Dit was juis hierdie opoffering van mag wat die individu lei tot heiligheid en dit is ook op hierdie wyse wat vrouens deur die gebruik van hulle liggame uitdrukking kan gee aan hulle eenheid met Christus (Isherwood et al., 1998:68-69).

Die Middeleeue het ook aandag gevestig op die gender vloeibaarheid wat die gelowiges gehad het. Die monastiese tradisie was bekend vir die mening dat seks,

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

die familie en die huwelik nie belangrik is om Christus te volg nie, maar om alle behoeftes na God te draai. Die monastiese tradisie het ŉ aantal verhale waar die gelowiges erotiese taal gebruik om die verhouding met Christus te verwoord (Loughlin, 2007:1-4; Stuart, 2007:69). In die monastiese lewe is daar ŉ ambivalensie teenoor gender en word dit soos volg verduidelik:

> "Their Christ is both male and female; their soul both male and female and their self-seek dissolution through union with that which is both utterly far and near" (Loughlin, 2004:20).

3.2.3. Reformasie

Shaw (2007:215) is van mening dat die Reformasie ŉ tyd van radikale verskuiwings binne die verstaan van geslag en gender was. Luther het verskillende vlakke van menslikheid onderskei en die liggaam beskou as die laagste tussen die verstand en die gees. Hy het egter meer aandag aan die Bybelse onderskeiding tussen die geestelike en vleeslike gegee. Sonde is as vleeslik beskou en Luther het hierdie sonde verstaan as die verwerping van God, sowel as God se wil (Tripp, 1997:134).

> "Luther unambiguously places the core of sin in the will. The spiritual is the whole self, body and all, ideally, open to God and trusting and rejoicing in God by means of God made flesh: 'In order ... that we may become truly holy, it is necessary that God preserve, first, our spirit, and then our soul and body, not only from outward sins but much more from false and apparent good works'" (Tripp, 1997:134-135).

Luther het alle aspekte van die mens ingesluit wanneer hy gepraat het oor die geloofslewe en daarom ook dan van die hele mens gepraat wanneer hy van geloof gepraat het (Tripp, 1997:135).

Zwingli het die liggaam erken as ŉ beeld van die samelewing en daarom het hy ook voorgestel dat die mens moet oefen en aktief wees, maar aangeraai dat daar nie geswem moet word nie. Zwingli was van mening dat God geleer ken kan word deur die wêreld wat deur God geskep is (Tripp, 1997:137). Calvyn het die volgende opinie rakende die liggaam gehad:

> "For Calvin, the body, though marginal within the essence of humanity, in none the less integral to the divine image" (Tripp, 1997:138).

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Calvyn was van mening dat dans ’n gevaarlike aktiwiteit is omdat dit aanleiding kan gee tot owerspel. Al het Calvyn die liggaam onderdanig aan die siel gemaak, is sy grootste fokus egter op die totale mens (Tripp, 1997:140).

> “... his concern is essentially with the wholeness, the moral integrity, of the entire person; and we find that his advice on the use of the body looks beyond the individual to the corporate life of the church and of society in general” (Tripp, 1997:140).

Die grootste verskil tussen die Hervormers vind mens wanneer daar oor die Nagmaal gepraat word. Luther is van mening dat die totale Christus teenwoordig is tydens Nagmaal; die brood is Christus se liggaam. Zwingli voer weer aan dat Christus nie tydens die Nagmaal teenwoordig kan wees nie, want Hy het opgestaan. Christus is dus teenwoordig by die Nagmaal omdat die Kerk sy Liggaam is. Calvyn sien egter weer die kern van die Nagmaal in die hemel. Sy mening is dat Christus homself aan gelowiges gee, maar dit kan slegs in die hemel plaasvind, ten spyte daarvan dat die sakramente op aarde bedien word (Tripp, 1997:141-142).

Gedurende die Reformasie het daar ’n groot klem verskuiwing plaasgevind toe daar meer klem op die huwelik geplaas word en nie meer op maagdelikheid nie. Die Reformasie het geen skriftelike ondersteuning gevind waarom iemand selibaat moet bly nie, maar die gevolg was dat die huwelik alle fokus ontvang het. Hierdie nuwe fokus op die huwelik het vrouens negatief beïnvloed omdat die kloosters waar hulle gewoon het toegemaak het en hulle nou in die rol van vrou en moeder verval het; hulle het geen keuses meer oor hulle toekoms gehad nie. Die Reformasie het vrouens se mag wat hulle gehad het gedurende die monastiese tydperk weggeneem (Isherwood et al., 1998:70; Shaw, 2007:221).

Die nuwe fokus op huwelike en die rol van die vrou het ook veroorsaak dat sosiale rolle geïnternaliseer was as inherente persoonlikheidstrekke. Alle sterk en onafhanklike vrouens het verdwyn en in hulle plek was daar slegs passiewe en beperkte vroulikheid. Die gender vloeibaarheid wat teenwoordig was tydens die monastiese tydperk het verander na ’n vasgestelde afhanklike en passiewe vrou teenoor ’n sterk en onafhanklike man (Woodhead, 2007:236).

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Die Reformasie het meer klem gelê op die huwelik, maar binne die huwelik was die Levitiese reëls onderhou en daar was geen spontane seksuele aktiwiteite tussen 'n getroude paartjie nie (Isherwood et al., 1998:70).

> "Nevertheless they feared excessive desire, on the grounds that it reduced human beings to the level of animals. As a result the bodies of married couples had to be disciplined. Spontaneity was curtailed by the requirement that couples pray before intercourse. Levitical laws on the timing of intercourse were observed" (Isherwood et al., 1998:70).

Ten spyte van die verskuiwings wat plaasgevind het tydens die Reformasie, kon die teenstrydigheid rakende die liggaam steeds nie opgelos word nie.

3.2.4. Verligtingsera

Rene Descartes word beskou as die een wat die dualisme tussen liggaam en siel bekend gemaak het. Sy redenasie was dat die verstand 'n totaal ander stof as die liggaam is en nadat Descartes se idees bekend geraak het, was menslike rede beskou as die enigste sleutel tot die ontdekking van die heelal (Isherwood et al., 1998:71-72). Gedurende hierdie tydperk is die mens begin verstaan as 'n rasionele wese wat veroorsaak het dat die liggaam as ondergeskik aan die verstand beskou word.

Die verskuiwing na die mens as 'n rasionele wese het die vrou in staat gestel om outoriteit op grond van rede te neem. Een reaksie hierop was die ontwikkeling van die twee-geslag[20] model wat 'n duidelike onderskeid tussen man en vrou gemaak het. Vroeër was vrouens en mans beskou as een geslag, maar die vrou was die onvolmaakte geslag wat altyd ook die swakker geslag was. Gedurende die Verligting is hierdie ou hiërargiese strukture begin bevraagteken en daarmee saam het vrae ontstaan oor die regte van vroue. Die hoof idee met die onderskeid tussen mans en vrouens was om te bewys dat daar werklik 'n verskil tussen die twee geslagte is, wat ook die geleentheid gebied het om vrouens verder te onderdruk en alle regte weg te neem. Die ondersoek na die verskille tussen die geslagte het aanleiding gegee tot die idee van komplementariteit, wat beteken dat daar verskillende rolle toegeskryf was op grond van biologie (Shaw, 2007:222-223).

[20] Sien Hoofstuk 2.3 Oorsig van die ontwikkeling en verstaan van geslag.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Turner (1997:21-33) is van mening dat die kapitalisme ŉ behoefte aangehits het vir ŉ produktiewe arbeidsmag en dit het aanleiding gegee tot die verskuif van fokus aan die innerlike van die liggaam na die eksterne liggaam. Vas, wat voorheen ŉ geestelike dissipline was, het verander in die oefening en onderhouding van die liggaam om produktief en effektief te wees. Liggame het deel geword van die verbruikermentaliteit en daar was ook meer klem gelê op die seksuele aanvraag van die liggaam.

> "The development of consumerism was associated with a certain secularization of society, because consumer culture opened up endless opportunities for experimentation with innovative and deviant life styles and personal images separated from the church or from a religious perspective" (Turner, 1997:32).

Die skuif na ŉ dualistiese siening wat gefokus is op rede, ŉ twee-geslag model en die kommodifisering van die liggaam, is graag deur die kerk aanvaar. Die nuwe ekonomiese strukture het bepaal dat werk verwyder is van die huis, dat geloof ŉ privaatsaak geraak het en dat huis en geloof die werk van die vrou geword het. Die kerk het verder die onderskeid tussen mans en vrouens skriftelike ondersteuning gegee en op hierdie wyse is die vrou onderdruk en onderdanig gehou (Shaw, 2007:224).

Teoloë soos Paul Tillich en Karl Barth het die moderne idees aangegryp en hierdie dualismes ondersteun. Paul Tillich het die liggaam verwerp en slegs van die interne self gepraat. Karl Barth, aan die ander kant, het teologiese begronding gehad vir die verskille tussen man en vrou. Hierdie onderskeid het veroorsaak tot die ondergeskiktheid van die vrou (Shaw, 2007:225-226; Isherwood et al., 1998:72).

> "Barth's insistence upon the distinctively different "natures" of men and women enables him to hold together the seemingly incompatible notions of both the mutuality and the hierarchy of the sexes. Distinctively gendered natures and consequent roles lead, for Barth, straight to the superordination of the man and the subordination of the woman; the subordination of woman to man indicates the submission of the church as a whole to Christ" (Shaw, 2007:226).

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Die Verligtingera se invloed is steeds teenwoordig vandag en die gevolge van hierdie denke word steeds vandag ervaar. Hierdie kort historiese oorsig van die liggaam toon dat daar dualismes gevorm het oor die liggaam en dat die liggaam op verskillende wyses verstaan is, soos seksualiteit ook op verskillende wyses verstaan is. Dualismes het ontstaan deur die eeue soos mense probeer om sin te maak van gebeure en hierdie dualismes het 'n groot rol op die samelewing se verstaan van die liggaam. Dualismes is verder ook ideologieë wat gebruik word om patriargale sisteme te onderhou. Hierdie dualismes het 'n baie belangrike effek op die verstaan van die liggaam en daarom is dit ook van belang om die verskillende dualismes te bespreek.

3.3. Verskillende vorme van dualisme

Pittenger (1978:5-7) is van mening dat die kerk bewus moet word van die seksuele rewolusie wat besig is om plaas te vind. Mense binne en buite die kerk begin vrae te vra rakende seksualiteit en die algemeen aanvaarbare opinies daaroor.

'n Groot aantal Christene sal erken dat die liggaam 'n belangrike rol speel in teologie, ten spyte daarvan dat die liggaam tradisioneel beskou word as iets wat onderdruk moet word. Hierdie siening van die liggaam, dat dit onderdruk moet word, is 'n paradoks aangesien die belangrikste aspek van die Christelike geloof is, dat God mens geword het (Isherwood et al., 1998:15).

> "It was the body of Christ that took away the sins of the world. It is the body of Christ that brings redemption to the world and to the individual believer. The same body that many of the faithful consider themselves consuming the Eucharist. This is a very earthy, fleshy, physical way to connect with one's God and should set the pattern for a positive approach to the body" (Isherwood et al., 1998:16).

Die Christelike geloof is sterk beïnvloed deur Griekse filosofie, meer as deur die Joodse oorsprong van die Jesus verhaal. Die gevolg was dat Plato en Aristoteles 'n groot invloed op die Christelike beweging gehad het; die Joodse verhaal is vervang deur Griekse verhale en interpretasies van God. Die God van die geskiedenis, van die woestyn en van die volk van Israel is vervang met Griekse idees rakende God (Isherwood et al., 1998:16).

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

> "This led to a God and Messiah removed from the world in a way that would have been difficult for Judaism to imagine. The gods of the Greek pantheon replaced, to an extent, the God of history, the one who walked with his people through the desert and made his way known in the history of his people" (Isherwood et al., 1998:16).

Hierdie beweging het veroorsaak dat daar dualismes ontstaan waarvan die dualisme tussen liggaam en siel die grootste is. Die dualisme wat bestaan, wat die liggaam as ondergeskik aan die siel beskou, gee ook aanleiding tot 'n seksistiese dualisme waar die vrou as ondergeskik aan die man beskou word (Thatcher, 1993:30; Nelson, 1978:37; Hahn, 1991:42-44). Omdat daar nie 'n ooreenkoms tussen mense is oor wat dit beteken om 'n mens te wees nie, is die afwesigheid van 'n definisie die ideale geleentheid vir dualismes om te ontwikkel en te floreer (Thatcher, 1993:30).

Thatcher (1993:30) verskaf die rede waarom daar aandag gegee moet word aan dualismes:

> "It is a way of thinking about human beings which has historically reinforced the subordination of women to men. It has caused the body, with its intrinsic senses and desires to become alienated and devalued in relation to the soul. Sexuality under dualism ceases to be a celebration of God's grace and becomes instead the occasion of God's judgement" (Thatcher, 1993:30-31).

In die Westerse denke het twee verskillende dualismes, naamlik die filosofiese of antropologiese en seksistiese dualismes, saamgesmelt. Die filosofiese of antropologiese dualisme is abstrakte teorieë wat dit stel dat die siel van die mens nie uit materie bestaan nie, maar apart van die liggaam funksioneer en ook ewigheidswaarde het. Die liggaam, aan die ander kant, word beskou as iets wat uit materie bestaan, wat losstaande van die siel is en geen ewigheidswaarde het nie. Die seksistiese dualisme is die konkrete aannames dat die man beter as die vrou is en hierdie dualisme word grootliks onderhou deur die filosofiese dualismes (Nelson, 1978:45-46; Thatcher, 1993:30-31; Hahn, 1991:42-44).

Hierdie dualismes het ingebed geraak in die verhoudings van mense en die prominentste dualisme pare is liggaam en siel, rede en passie, wil en begeerte, gees en vlees, kultuur en natuur, en publiek en privaat (Thatcher, 1993:33). Die basiese

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

weergawe van die filosofiese dualisme is die dualisme tussen liggaam en siel. Hierdie dualisme is van mening dat die mens uit twee verskillende entiteite, naamlik liggaam en siel, bestaan. Dit is ’n Griekse leerstelling wat die Christelike denke beïnvloed het reg deur die Neoplatonisme in die derde eeu. Hierdie siening was wel verwerp deur Aquinas, maar is weer deur Descartes aangewakker in Europa (Nelson, 1978:45-46; Thatcher, 1993:33; Hahn, 1991:42-44).

> “This view is widely held among Protestant and Catholic Christians alike, yet it is unbiblical, and, in a faith which teaches the goodness of the created world, the incarnation of God in flesh and the resurrection of human bodies at the end of the age, its survival is remarkable” (Thatcher, 1993:33).

Thatcher (1993:33) is van mening dat hierdie dualisme steeds onderhou word omrede dit die ideologie van die man se posisie as hoër as die vrou onderhou. Die dualismes is verder teenoorgesteldes van mekaar, in die sin dat vrouens vereenselwig word met die liggaam en mans met die siel en verstand. Die gevolg is dat mans gesien word as die met die vermoë om te redeneer en vrouens gesien word as die emosionele en passievolle mense (Thatcher, 1993:33).

> “In sexist dualism, men are rational; women are emotional” (Thatcher, 1993:34).

Die dualisme van die wil en begeerte beskou die vrou as die een wat nie wilskrag of beheer oor haar wil het nie en daarom vereenselwig word met begeerte. Augustinus was van mening dat die onvermoë om die orgasme te beheer die gevolg is van die sonde wat Adam en Eva gepleeg het. Hy het verder aangevoer dat die persoon die orgasme moet kan beheer en as gevolg van hierdie siening het mense uiterste maatreëls gevolg soos kastrasie, hongersnood en tugtiging. Vrouens is beskou as die swakker wese en moes beheer word deur mans, omdat mans hulle wellus kan beheer. Die vrou was beskou as ’n wese wat nie haar wil kan beheer nie en slegs reageer op haar begeertes. Hierdie dualisme ondersteun die seksistiese dualisme dat mans die opperwese is en vrouens moet beheer en reguleer (Thatcher, 1993:34; Nelson, 1978:53; Hahn, 1991:42-44).

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Die dualisme van gees en vlees ondersteun ook baie sterk die seksistiese dualisme. Die uitsluiting van vrouens in die ampte van die Kerk het die siening dat die man die mediator van die gees is versterk.

> "Women, through menstruation, procreation and lactation, have been more associated with flesh. Women are more easily associated (by men) with uncleanness and temptation" (Thatcher, 1993:34).

As gevolg van die vrou se vermoë om voort te plant word hulle outomaties in die kategorie van die natuur geplaas. In die dualisme tussen kultuur en natuur is die vrou dus aan die kant van die natuur geplaas. Omdat sy kan voortplant en lewe skenk aan 'n baba word haar kanse op kulturele aangeleenthede soos onderrig en werk verminder. Die tekort aan toegang tot hierdie tipe kulturele aangeleenthede veroorsaak dat die vrou in die onderdanige posisie bly. Die laaste dualisme is die private en publieke dualisme. Hierdie dualisme neem al die ander dualismes saam in die sin dat die man die publieke werke verrig. Mans ontvang die rol van professionele besigheidsman, politikus of finansiële bestuurder terwyl die vrou die rol van huisvrou vertolk waar sy private emosies hanteer (Thatcher, 1993:35; Nelson, 1978:60-61; Hahn, 1991:42-44).

> "The man alone suffers the 'peril and trial' of the public world, but 'he guards the woman from all this; within his house, as ruled by her, unless she herself has sought it, need enter no danger, no temptation, no cause of error or offence'" (Thatcher, 1993:35).

Vrouens word in die onderdanige posisie gehou deur dualismes soos die bogenoemde ses pare. Die vrou word beskou as een wat nie die intellektuele vermoë het om te kan werk, haar begeertes te beheer of meer as slegs 'n voortplantings meganisme te wees nie. Die dualismes word grootliks ondersteun en onderhou deur die dualisme van die liggaam en siel. Daarom word dit verkies dat die persoon as 'n holistiese wese beskou word, as 'n geïntegreerde eenheid van liggaam en siel (Thatcher, 1993:33; Hahn, 1991:56-61). Nelson (1978:68) vra die vraag waar die mens kan begin soek vir antwoorde en oplossings vir hierdie probleem en antwoord die vraag deur die volgende:

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

> “From a Christian perspective this divine love, continually enfleshed in human experience, is ultimately and utterly necessary if the dualistic nemesis of our sexual alienation is to be overcome” (Nelson, 1978:69).

Dualismes is steeds teenwoordig en dit is ook hierdie dualismes wat dit ingewikkeld maak om ’n inklusiewe siening van seksualiteit te bevorder. Dit is daarom nodig om hierdie dualismes te verbreek en te verander.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

3.4. Gevolgtrekking

In hierdie hoofstuk is die historiese agtergrond van die verstaan van die liggaam bespreek en daar is na vier tydperke verwys, naamlik die Vroeë Christendom, Middeleeue, Reformasie en Verligtingsera. In hierdie tydperke het die siening rakende die liggaam redelik gewissel. Deur hierdie tydperke het die spanning tussen die liggaam en siel herhaaldelik na vore gekom. Die Vroeë Christendom[21] is grootliks deur Hellenistiese denke beïnvloed, omdat dit die omgewing is waarin Christendom ontwikkel het. Die Hellenistiese denke het die liggaam as boos beskou en dat die siel moet bevry word van die liggaam. Vroeë Christene het geglo in die opstanding van die Liggaam (Jesus) en daarom kon hulle nie die liggaam as totaal boos beskou, soos wat die Hellenistiese denke dit voorstel nie. Dit het spanning veroorsaak tussen die skeiding van die liggaam as liggaam en siel. Tog het die vroeë kerkvaders (soos Origens en Augustinus) die liggaam as minder belangrik as die siel beskou en die skeiding wat voorgestel word deur die Hellenistiese filosowe versterk. Augustinus het baie klem gelê op die reinheid van die liggaam en deur die liggaam rein te hou is die siel versterk. Die verwaarlosing van die liggaam is beskou as 'n middel om geestelike volwassenheid te bereik. Hierdie spanning tussen die liggaam en siel was steeds teenwoordig tydens die Middeleeue[22]. Gedurende die Middeleeue was daar aan die een kant sterk gefokus op die beheer van die liggaam (onderdrukking, weerhouding en straf) en aan die ander kant, op die gebruik van die liggaam in die uitdrukking van spiritualiteit (vas en opoffering van mag).

Die Reformasie[23] was die tyd van radikale verskuiwing van die verstaan van geslag en gender. Dit was ook die tyd waar daar groot verskuiwings en veranderings, rakende die liggaam (asook seksualiteit[24]), in die kerk plaasgevind het. Luther, Zwingli en Calvyn het al drie 'n onderskeid getref tussen die liggaam en die siel, maar hulle fokus was steeds op die totale mens. Verder is dit belangrik om te weet dat die Reformasie se fokus verskuiwing na die huwelik verreikende gevolge gehad het. Hierdie verskuiwing het veroorsaak dat die vrou 'n passiewe rol inneem, waar sy voorheen 'n aktiewe en onafhanklike rol gehad het. Die Verligtingsera[25] kan gekenmerk word aan die ontstaan van dualistiese denke rakende die liggaam.

[21] Sien 3.2.1. Vroeë Christendom
[22] Sien 3.2.2. Middeleeue
[23] Sien 3.2.3. Reformasie
[24] Sien hoofstuk 2, 2.2.5 Ontwikkeling in Europa in die 16,17 en 18de eeu
[25] Sien 3.2.4. Verligtingsera

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Hierdie dualistiese siening het aanleiding gegee tot die verstaan van die mens as ’n rasionele wese, wat weer die fokus op rede geplaas het. Verder was kommodifisering van die liggaam baie prominent en die nuwe ekonomiese strukture het bepaal dat sake wat voorheen publiek was, privaat sake geraak het; werk is byvoorbeeld van die huis verwyder, geloof het ’n privaatsaak geraak en gevolglik was die huis en geloof die vrou se verantwoordelikheid. Die Verligtingsera was die begin van die dualistiese siening van die liggaam.

Hierdie dualistiese sieninge van die liggaam het in die Westerse denke die vorm van filosofiese (antropologiese) en seksistiese dualismes ingeneem. Hierdie twee dualismes het saamgesmelt en veroorsaak dat die vrou assosieer word met die liggaam, wat beskou word as die swakker wese, terwyl die man assosieer word met die siel, wat as die sterker wese beskou word. Die prominentste dualisme pare is die liggaam en siel, rede en passie, wil en begeerte, gees en vlees, kultuur en natuur, en publiek en privaat. In al hierdie dualismes word die man assosieer met die sterker en beter deel (siel, rede, wil, gees, kultuur en publiek), terwyl die vrou met die swakker en ondergeskikte deel (liggaam, passie, begeerte, vlees, natuur en privaat) assosieer word.

In hierdie hoofstuk is die verskillende tydperke bespreek om ’n oorsig te gee oor die verstaan van die liggaam. Juis aangesien die liggaam die enigste middel is waardeur ’n persoon seksualiteit kan uitleef, is dit belangrik om te verstaan dat die liggaam nie altyd as ’n eenheid beskou is nie, maar deur die verskillende dualismes verdeel iss. Hoofstuk twee het ’n oorsig oor die verstaan van seksualiteit gebied; daar is wel oorvleuelings tussen die verstaan van die liggaam en die verstaan van seksualiteit, maar dit is van belang om op te let dat hierdie twee mekaar beïnvloed het. Daarom word daar beweeg na ’n inklusiewe verstaan van die liggaam en seksualiteit en nie ’n dualistiese siening van seksualiteit en die liggaam (soos in die hoofstukke weergee) nie. Hierdie hoofstuk bied die agtergrond om te verstaan hoe die liggaam verskillend uitgebeeld en verdeeld (dualisme) is deur die verskeie tydperke. Hierdie agtergrond help om te verstaan hoe belangrik dit is om ’n teologie vir die liggaam (liggaamsteologie[26]) te ontwikkel, juis omdat daar sulke verskillende en uiteenlopende opinies is.

[26] Sien Hoofstuk 5

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Na hierdie historiese oorsig van die verstaan van die liggaam, asook die historiese oorsig van die verstaan van seksualiteit, word daar nou na die sentrale rol van seksuele ontwikkeling tydens adolessensie beweeg om die navorsingsvraag rakende die bevordering van ’n inklusiewe verstaan van seksualiteit tydens adolessensie te beantwoord. Hierdie vraag kan slegs bereik word indien ’n mens kyk na die sentrale rol van seksuele ontwikkeling tydens adolessensie.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Hoofstuk 4

Die sentrale rol van seksuele ontwikkeling tydens adolessensie

4.1. Inleiding

In hierdie hoofstuk sal die rol van seksuele ontwikkeling tydens adolessensie bespreek word. Seksuele ontwikkeling vind plaas tydens adolessensie en puberteit word beskou as die aanvang van hierdie ontwikkeling. In hierdie hoofstuk word nie net die fisiese aspek van seksuele ontwikkeling tydens adolessensie bespreek nie, maar ook die moreel en kognitiewe aspekte wat die uitleef van seksuele ontwikkeling beïnvloed. Die seksuele ontwikkeling wat plaasvind tydens fisiese ontwikkeling verander die liggaam op so ’n wyse dat dit gereed is vir seksuele omgang en voortplanting. Die fase van fisiese ontwikkeling is die fase wat bekend staan as die ontwikkeling wat verantwoordelik is vir die seksuele ontwikkeling, omdat die meeste fisiese verandering die liggaam voorberei om seksuele omgang te bewerkstellig. Gedurende die fisiese ontwikkeling vind daar ook ontwikkeling op ‘n kognitiewe vlak plaas wat die fondasie bied vir morele ontwikkeling. Die kognitiewe ontwikkeling behels die verandering in redenasie vermoë, sowel as om die gevolge van dade te kan onderskei. Morele ontwikkeling vind tesame met kognitiewe ontwikkeling plaas, wat die adolessent in staat stel om ’n persoonlike waardestelsel op te stel waarvolgens hulle besluite maak rakende seksualiteit en ander aspekte van hulle lewens. Die persoonlike waardestelsel, wat ’n uitvloeisel van die kognitiewe en morele ontwikkeling is, word gebruik om adolessente se seksuele gedrag te bepaal. Die waardestelsel bepaal ook hoe hulle die fisiese verandering (seksuele ontwikkeling) wat in die liggaam plaasgevind het gedurende fisiese ontwikkeling hanteer en daarop reageer. Die fisiese ontwikkeling is die ontwikkeling wat die duidelikste sigbaar is en wat die adolessent in staat stel om deel te neem aan seksuele dade. Die fisiese ontwikkeling, met ander woorde die seksuele ontwikkeling, het ’n groot invloed op die verdere ontwikkeling van die adolessent omdat al die ontwikkeling in die adolessent se liggaam te gelyk plaasvind, maar die fisiese (seksuele) ontwikkeling is die sigbaarste en ook eerste ontwikkeling wat plaasvind.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

In hierdie hoofstuk word die fase van puberteit kortliks verduidelik, sowel as die veranderinge (seksuele) wat tydens puberteit plaasvind. Die take wat adolessente moet verrig voordat hulle beskou word as volwassenes, sowel as die sisteme waarin adolessente beweeg, word bespreek, gevolg deur die verskillende ontwikkelingsprosesse (seksuele) wat tydens adolessensie plaasvind. Die hoofstuk sluit af met ‘n bespreking van die invloed wat die samelewing op die ontwikkelingsprosesse (seksuele) van adolessente het.

4.2. Die fase van puberteit

Die tydperk waartydens die liggaam seksuele rypwording bereik, word puberteit genoem. Adolessensie begin ook gedurende hierdie tydperk van puberteit, wanneer adolessente al meer bewus word van hulle seksualiteit en seksuele oriëntasie (Louw et al, 2007:279).

Gedurende die proses van grootword vind daar verskillende prosesse plaas in die liggaam. Die eerste verandering om plaas te vind word primêre seksuele verandering genoem en hiermee word bedoel dat die liggaam begin om hormone vry te stel wat seksuele gevoelens en seksuele bewustheid aanhits. Die tweede verandering wat in die liggaam, ekstern sowel as intern, plaasvind word beskou as die sekondêre seksuele veranderinge. Hierdie sekondêre seksuele veranderinge vind plaas as gevolg van die seksuele hormone wat die liggaam vrygestel het tydens die primêre seksuele verandering (Westheimer et al., 2005:442).

Herdt en McClintock (2000:590) is van mening dat daar in werklikheid twee verskillende periodes van ontwikkeling is, maar dat hierdie periodes wel oorvleuel. Die eerste periode vind plaas tydens die ouderdom van ses en agt jaar, waartydens adrenalien kliere begin om klein hoeveelhede dihidroëpiandrosteroon (DHEA) vry te stel. Hierdie hormoon kom in klein hoeveelhede voor in die jonger kind, maar dit veroorsaak dat daar ’n verandering plaasvind in die kind se liggaam en psigiese denke rondom seksuele opwekking. Hierdie vroeë vrystelling van die hormoon DHEA word beskou as die verduideliking waarom kinders so jonk as 10 reeds bewus is van hulle seksuele oriëntasie en seksueel aangetrokke voel tot ’n ander persoon (Herdt et al., 2000:592; Westheimer et al., 2005:442).

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Puberteit word beskou as die tydperk wanneer sekondêre seksuele karaktereienskappe ontwikkel. Die sekondêre verandering vind plaas as gevolg van die verhoging in die vrystelling van hormone. Die ovariums en testes is die organe wat hierdie hormone vrystel omdat die pituïtêre klier gestimuleer word. Hierdie hormoon vrystelling kan baie dramaties wees vir die individu, omdat die hoeveelheid testosteroon wat teenwoordig is in vroeër adolessensie meer is as tydens die kinderjare. Estrogeen wat teenwoordig is in meisies is ook meer tydens vroeër adolessensie as in die kinderjare. Die hormone wat vrygestel word, is van belang vir die liggaamlike verandering wat plaasvind tydens puberteit (Lee & Styne, 2013:251; Westheimer et al., 2005:442).

Puberteit begin gewoonlik vroeër by meisies as by seuns en kan op die ouderdom van 9 of 10 by meisies begin en 11 of 12 by seuns. Die gevolg is dat meisies op ’n jonger ouderdom ’n meer volwasse voorkoms het as die seuns van dieselfde ouderdom (Westheimer et al., 2005:443; Louw et al., 2007:279).

Soos reeds genoem, word daar hormone vrygestel wat verandering teweegbring in die liggaam. Die veranderinge wat plaasvind in die liggaam vind nie onafhanklik van die ander plaas nie; baie van die veranderinge se tydstip en tydsduur oorvleuel met mekaar. Puberteit word daarom beskou as ’n dramatiese gebeurtenis omdat daar soveel verandering oor ’n kort tydperk plaasvind (Louw et al., 2007:288; Kelly, 2011:139).

Puberteit is nie slegs ’n tyd van liggaamlike veranderinge nie, maar ook ’n tydperk van sosiale, emosionele en kognitiewe ontwikkeling. Dit is ook ’n tydperk wanneer adolessente biologies volwasse word en ’n mate van onafhanklikheid ontwikkel. Adolessente word ook meer bewus van hulle persoonlike identiteit (Kelly, 2011:139). Die vaardigheid om abstrakte denke te vorm ontwikkel, sowel as die vermoë om vooruit te dink en planne te maak vir de toekoms. Adolessente ontwikkel die vermoë om die moontlike gevolge van dade te besef en te verstaan. Verder versterk jong mense hulle gender identiteit gedurende adolessensie en raak meer bewus van hulle seksuele oriëntasie en hierdie bewustheid vorm ook deel van hulle interpersoonlike verhoudings (Louw et al., 2007:288; Kelly, 2011:139; Delamater & Friedrich, 2002:).

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

4.3. Take en sisteme

Die bogenoemde veranderinge vind plaas terwyl daar spesifieke take is wat die adolessente moet verrig. Volgens Gowers (2005:6-9) en Steinberg (2005:69-74) is daar sekere take wat adolessente moet verrig voordat die tydperk van adolessensie as voltooid beskou kan word. Die eerste taak wat adolessente moet verrig is om ŉ onafhanklike identiteit te ontwikkel. Hiermee word bedoel dat adolessente tesame met die liggaamlike ontwikkeling ook hulle identiteit moet ontwikkel (Steinberg, 2005:69-74; Gowers, 2005:6). Jonger kinders is geneig daartoe om te identifiseer met ander wat dieselfde belangstellings, soos byvoorbeeld sport, het. Hulle identiteit is dan in lyn met die groter groep se identiteit. Gedurende adolessensie vind die ontwikkeling van identiteit plaas wanneer daar van kleiner en bekende groepe na groter en onbekende groepe beweeg word. Deur hierdie verandering van groepe word daar ook geleentheid geskep om ondersoek in te stel oor nuwe moontlikhede van verhoudings, ontspanning en ook werksgeleenthede. Die beweging van kleiner bekende groepe na groter onbekende groepe bied die geleentheid vir die adolessent om ŉ onafhanklike identiteit te vorm (Gowers, 2005:6; Steinberg, 2005:69-74).

Die tweede taak wat adolessente moet verrig is om meer onafhanklik van ander te wees en ook suksesvolle verhoudings met mense hê. Die verder onafhanklikheid wat adolessente moet ontwikkel is ŉ verdieping van die onafhanklikheid wat reeds in die eerste taak verrig is. Hierdie verdieping sluit in om byvoorbeeld alleen op kampe te gaan, self besluite te neem en om ook verantwoordelikheid te neem vir hierdie besluite. Adolessente moet die vermoë ontwikkel om intieme verhoudings met ander persone te hê. Tesame met die ontwikkeling van intieme verhoudings moet hulle ook ŉ sterker en meer gevestigde seksuele identiteit ontwikkel (Gowers, 2005:6). Die laaste taak wat adolessente moet verrig voor hulle beskou word as volwassenes is om ŉ loopbaan te begin en om die huis te verlaat. Dit is die finale taak wat adolessente moet verrig om beskou te word as deel van die volwassekultuur (Gowers, 2005:6).

Adolessente se ontwikkeling vind nie in afsondering plaas nie. Die samelewing waarin adolessente leef beïnvloed hulle interpretasie van die wêreld. Die kultuur en die breë sosiale omstandighede beïnvloed die adolessent se verstaan van die lewe en so ook die ontwikkelingsproses (Gowers, 2005:6). Verder speel die aktiwiteite

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

waaraan adolessente deelneem ook ’n rol in die ontwikkeling, sowel as die samelewing se verwagtinge en die ervarings van ander adolessente.

Die beste omstandighede vir adolessente om hulle identiteit en inisiatief in aksies te ontwikkel is deur vrywillige deelname aan aktiwiteite. Hierdie vrywillige deelname van adolessente skep die geleentheid om outonomie te ervaar, beheer uit te oefen en aktief betrokke te wees in hulle eie ontwikkelingsproses. ’n Wye verskeidenheid van aktiwiteite, soos gestruktureerde en ongestruktureerde aktiwiteite wat alleen of in groepsverband beoefen kan word, het ’n sterk invloed op die ontwikkeling van die adolessent se identiteitsontwikkeling (Sharp et al., 2007:252; Larson, 2000:170-183). Adolessente ontwikkel in ’n samelewing en gemeenskap wat verwagtinge het en wat die konteks vorm waarin adolessente hulle identiteit ontwikkel.

Die samelewing funksioneer hoofsaaklik binne vier verskillende sisteme. Die eerste sisteem wat bespreek word is die mikro-sisteem. die onmiddellike omgewing wat verwys na vriende, familie en die klaskamer. Dit is enige omgewing waarmee die adolessent op ’n daaglikse wyse in aanraking kom. Die tweede sisteem wat identifiseer word is die meso-sisteem. Die meso-sisteem is enige twee mikro-sisteme wat met mekaar interaksie het. ’n Voorbeeld hiervan is skool of sportspanne wat dien as ’n sosiale sisteem waar die adolessent met ander interaksie het wat deel is van ’n mikro-sisteem. Ekosisteme is die derde sisteem wat identifiseer is en eksterne omgewings wat ’n direkte invloed op die ontwikkeling van die adolessent het vorm hierdie sisteem. Die ouers se werksomgewing, die buurt waarin die adolessent woon en etniese subgroep is voorbeelde van ekosisteme. Die laaste sisteem wat teenwoordig is in die samelewing is die makro-sisteem, wat die breër sosio-kulturele konteks insluit, soos byvoorbeeld oorheersende godsdienstige of sosiale klassifisering. Elkeen van hierdie sisteme het bepaalde waardes, norme en rolle wat vervul moet word wat elk ’n uitwerking op die adolessent se seksuele-identiteit en identiteitsontwikkeling het (Bronfenbrenner in Beyers et al., 2008:148; Kerpelman et al., 2012:1427-1429, Louw et al., 2007: 27-28).

Adolessente is deel van ’n samelewing waarin daar sekere verwagtinge sowel as sisteme is waarvan hulle deel vorm. Hierdie sisteme en verwagtinge skep die konteks waarin adolessente hulle puberteit ervaar en die verwagtinge en sisteme het ’n uitwerking op die adolessent se ontwikkeling. Dit is ook van belang om kennis te

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

neem van die ontwikkelingsprosesse wat plaasvind tydens adolessensie, buiten die fisieke veranderinge wat reeds bespreek is.

4.4. Ontwikkelingsprosesse tydens adolessensie

Die ontwikkeling van die brein tydens adolessensie kom voor of dit in die verkeerde volgorde ontwikkel. Die brein ontwikkel laaste die vermoë om ’n situasie te evalueer (Steinberg, 2005:69). Die adolessent se motivering om in seksuele dade te verkeer en die vermoë om seksueel gestimuleer te word, is die eerste ontwikkeling wat plaasvind. Die vermoë om te evalueer of die spesifieke seksuele stimulerende situasie veilig en gepas is, ontwikkel eers later. Die gevolg is dat die moontlikheid ontstaan dat adolessente die krisis kan ervaar om die status (gepas of ongepas) van die spesifieke seksueel stimulerende situasie te bepaal (Steinberg, 2005:69-70). Die adolessent se liggaam verander gedurende puberteit op so ’n wyse dat die bogenoemde verstaanbaar is. Die liggaam begin op die ouderdom van 10 of 11 reeds gereed te maak om seksueel gestimuleer te word. Die vermoë om enige sosiale situasie te evalueer ontwikkel eers teen ’n latere ouderdom (Steinberg, 2005:69-70; Louw et al., 2007:284-288).

Adolessente ervaar verskillende ontwikkelingsprosesse, maar dit is veral van belang om aandag te gee aan die verskillende aspekte van ontwikkeling wat plaasvind, aangesien hierdie ontwikkeling ’n uitwerking het op die identiteit en seksuele identiteitsvorming. Die opvallendste ontwikkelingsproses is die fisiese ontwikkeling wat plaasvind tydens adolessensie. Hierdie proses word gekenmerk deur die seksuele ontwikkeling en vinnige fisiese ontwikkeling. Die tempo van die ontwikkeling verskil van individu tot individu omdat verskeie elemente ’n uitwerking op die ontwikkelingsproses se tempo het. Onder andere speel die omgewing, gene, hormone en algemene gesondheid ’n rol in die tempo van ontwikkeling (Greathead et al., 2008:3-4). Die fokus verskuif nou na die ontwikkelingsproses wat plaasvind tydens adolessensie. Soos reeds genoem, vind die fisiese ontwikkeling plaas tesame met kognitiewe en morele ontwikkeling. Die kognitiewe ontwikkeling bied die grondslag vir die morele ontwikkeling en vanuit hierdie ontwikkelingsprosesse ontwikkel die adolessent ’n persoonlike waardestelsel wat hulle gedrag bepaal. Die kognitiewe en morele ontwikkeling het ’n invloed op die adolessent se hantering van die fisiese (seksuele) veranderinge wat plaasgevind het.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

4.4.1. Fisiese ontwikkeling

Aangesien fisiese (seksuele) ontwikkeling die opvallendste verandering is wat plaasvind, word dit eerste bespreek. Eerstens sal die dogter se ontwikkeling bespreek word, waarna die seun se ontwikkeling volg.

Dogters ervaar die vergroting van borste, wat rondom die ouderdom van 10 begin. Die eerste ontwikkeling word die 'bud' fase genoem, waartydens die areola vergroot en verdik en daarna ontwikkel die weefsel onder die areola. Tydens puberteit is daar twee verskillende tipe skaamhare wat ontwikkel. Die eerste is gewoonlik fyn en reguit hare wat hoog in die genitalieë omgewing voorkom. Die eerste tipe ontwikkel gewoonlik rondom die ouderdom van 11. Die tweede tipe hare wat ontwikkel is gewoonlik gekrul en dig. Dit word aangetref regoor die genitalieë area en begin ontwikkel rondom die ouderdom van 13 of 14 jaar (Westheimer et al., 2005:443; Gowers, 2005:7; Louw et al., 2007:279-288). Tydens die ouderdom van 13 vind daar uitermate vinnige liggaamlike groei. Meisies is geneig om gewig op te tel net voor die aanvang van hierdie spoedige groei proses. Dit is die tydperk wanneer meisies die vinnigste liggaamlike groei ervaar tydens die puberteit fase. Meisies ervaar ook hulle eerste menstruasie tydens puberteit. Daar is nie 'n vasgestelde ouderdom wanneer menarche plaasvind nie, omdat dit deur verskeie elemente bepaal word. Die omgewing, gewig en liggaamlike ontwikkeling speel 'n rol. Die eerste menstruasie vind gewoonlik plaas sonder die vrystelling van 'n eiersel. Die gevolg is dat die eerste menstruasie nie noodwendig 'n aanduiding is dat ovulasie plaasgevind het nie. Soos die meisie verder ontwikkel verander die menstruasie na menstruasie waar die vrystelling van 'n eiersel wel plaasgevind het. Die laaste verandering wat plaasvind tydens puberteit vir meisies is die ontwikkeling van verdere liggaamshare soos onder-arm hare. Die hare wat op die arms en bene voorkom kan ook verder meer prominent word (Westheimer et al., 2005:443-444; Gowers, 2005:7; Kelly, 2011:139). Tydens hierdie ontwikkeling ervaar meisies angstigheid rakende hulle aantreklikheid, sowel as die keuse tot watter mate hulle moet konformeer tot die samelewing se verwagtinge (Westheimer et al., 2005:444; Louw et al., 2007:288; Bornman, 2013:2).

In seuns, soos in meisies, oorvleuel die pubiese ontwikkeling. Die ontwikkeling vind wel eers plaas rondom die ouderdom van 11 of 12. Die penis en testes se vergroting

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

vind plaas oor die verloop van maande, maar daar is ’n duidelike verskil tussen die grootte van vroeë kinder genitalieë en adolessent genitalieë. Seuns ontwikkel hare op verskillende gedeeltes van hulle liggame. Net nadat die penis en testes vergroot het, begin daar sagte, lang hare te ontwikkel. Hierdie sagte hare kom gewoonlik bo die penis voor en is skaars sigbaar. Die eerste teken van gesighare is sigbaar bo die lip. Hierdie hare is nie so dik en sterk soos die hare wat later daar gaan groei nie. Die hare is dus sag, maar sigbaar. Nadat hierdie eerste gesighare begin vertoon het, verkleur en verdik die bakkebaarde (Westheimer et al., 2005:444-445; Gowers, 2005:7; Bornman, 2013:2). Teen die ouderdom van 13 behoort seuns ten minste een keer per week te skeer, maar sommige seuns moet meer as ander as gevolg van donker haar kleur of vinnige groei tempo. Die aktiwiteit om te skeer word deur seuns beskou as ’n ritueel wat hulle ontwikkelende manlikheid bevestig en bevorder. Soos meisies twee verskillende tipe hare groei het, so het seuns ook. Daar ontwikkel donker, dik en gekrulde hare rondom die genitalieë wat die genitalieë bedek (Westheimer et al., 2005:445; Louw et al., 2007:279-288). Die hare wat voorkom rondom die genitalieë versprei ook opwaarts na die middel van die pelvis. Hierdie verspieding gaan gepaard met die verdikking en bondigheid van die hare op die bo-bene en onder die naeltjie. Die stem van die seun verander ook deur die verdikking van die stembande. Hierdie verandering kan ’n tyd neem waartydens die seun se stem onstabiel is omdat die stem wissel tussen diep en skril. Wanneer hierdie verandering voltooi is, versterk dit gewoonlik die seun se selfvertroue (Westheimer et al., 2005:445; Gowers, 2005:7; Bornman, 2013:2).

Die bogenoemde verandering is die grootste veranderinge wat plaasvind in die adolessente seun se liggaam. Die laaste verandering wat plaasvind in die seun se liggaam kondig die aanvang van volwassenheid aan. Hierdie verandering sluit in die vergroting van die penis, testes en skrotum tot die volwasse grootte. Tydens die tyd wat die liggaam neem om volwasse sperm te produseer ervaar die seun nagtelike emissie of 'wet dreams'. Erotiese drome is nie die enigste rede vir die teenwoordigheid van hierdie afskeidings nie en dit vervaag soos die seun ouer word. Teen die einde van ’n adolessent se tienerjare is die haarlyn sigbaar. Die haarlyn wat oorgedra is van die ouers na die seun sal dan reeds sigbaar wees. Die laaste verandering wat plaasvind tydens puberteit is die sigbaarheid van liggaamshare wat duideliker raak. Die teenwoordigheid en sigbaarheid van hare op die seun se arms,

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

bene, bors, rug en lae rug is die laaste liggaamlike verandering wat plaasvind tydens adolessensie (Westheimer et al., 2005:445; Gowers, 2005:7; Bornman, 2013:2).

Die fisiese ontwikkeling wat plaasvind, soos reeds bespreek, veroorsaak dat die adolessent meer bewus word van hulle seksualiteit en seksuele ontwikkeling. Die adolessent begin ook om meer seksuele gevoelens te ervaar en dit het ŉ impak op die individu se kognitiewe en emosionele ontwikkeling (Bornman, 2013:2). Tydens die fisiese ontwikkeling vind daar ook persoonlike morele ontwikkeling plaas. Dit beteken dat die individu begin om ŉ persoonlike morele waardestelsel te ontwikkel wat die riglyne is waarvolgens die individu optree. Die morele waardestelsel help adolessente verder om gedrag te toon wat sosiaal en moreel verantwoordelik is (Louw et al., 1998:392). Vir die adolessent om ŉ morele waardestelsel te ontwikkel, moet daar ook kognitiewe ontwikkeling plaasvind. Die kognitiewe ontwikkeling vorm die grondslag vir die ontwikkeling van die persoonlike waardestelsel (Kruger et al., 1994:66-67).

Dit is van belang om hierdie ontwikkelingsprosesse in verhouding met mekaar te plaas; die fisiese (seksuele) ontwikkeling moet in verhouding tot die morele ontwikkeling geplaas word, wat ook weer in verhouding met die kognitiewe ontwikkeling geplaas moet word. Die fisiese en morele ontwikkeling het ŉ invloed op die persoonlikheidsontwikkeling, wat identiteit en seksuele identiteitsontwikkeling insluit. Dit is daarom van belang om die kognitiewe ontwikkelingsproses te verduidelik, omdat dit die grondslag van die persoonlike morele waardestelsel bepaal. Die fisiese ontwikkeling is die eerste en prominentste ontwikkeling wat plaasvind. Fisiese ontwikkeling is die fase wanneer adolessente bewus word van hulle seksualiteit en wanneer daar ŉ persoonlike morele waardestelsel ontwikkel (Louw et al., 1998:392; Bornman, 2013:3; Kruger et al., 1994:53). Die adolessent se kognitiewe vermoëns ontwikkel ook, sodat hulle ŉ waardestelsel kan ontwikkel wat hulle persoonlikheidsontwikkeling beïnvloed. Daarom verskuif die fokus na die kognitiewe ontwikkeling om te verstaan oor watter kognitiewe vaardighede adolessente beskik om ŉ persoonlike morele waardestelsel te ontwikkel waarvolgens hulle gaan optree nadat fisiese (seksuele) ontwikkeling reeds plaasgevind het. Die kognitiewe en morele ontwikkeling vind ook tesame plaas, net soos wat die morele en fisiese ontwikkeling tesame plaasvind (Bornman, 2013:3; Shelton, 1983:30-31,42). Hierdie ontwikkeling wat tesame plaasvind word die kognitiewe morele

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

ontwikkeling genoem, maar daar word eerste klem gelê op die kognitiewe ontwikkeling, waarna morele ontwikkeling bespreek sal word.

4.4.2. Kognitiewe ontwikkeling

Jean Piaget se kognitiewe ontwikkelings teorie was invloedryk in onderrig, sowel as ontwikkelings teorieë (Shelton, 1983:29). Die teorie wat Piaget ontwikkel het bestaan uit verskillende stadia wat vir individue in 'n gestruktureerde wyse plaasvind. Elke individu ervaar ook hierdie stadia in die voorgestelde volgorde, soos verduidelik sal word (Shelton, 1983:29-30).

Kognitiewe ontwikkeling is die gevolg van biologiese ontwikkeling en die normale menslike ontwikkeling en groei. Shelton (1983:30) verduidelik dat die menslike organisme aanhoudend inligting versamel en inneem; hierdie inligting vorm die basis vir dieper en meer komplekse kognitiewe groei. Vir kognitiewe groei om plaas te vind, moet daar twee biologiese funksies teenwoordig wees. Die eerste funksie is organisasie wat beteken dat die individu reeds die vermoë het om verskillende verstandelike prosesse te organiseer en te struktureer. Hierdie funksie kan ook beskou word as die onderhouding komponente wat verseker dat die persoon normale breinfunksies kan uitvoer (Shelton, 1983:30; Bornman, 2013:2; Gullotta, Adams & Markstrom, 2000:57-59). Die onderhouding komponent onderhou die persoon terwyl daar nuwe ervarings en informasie opgedoen word. Organisasie voorsien dus aan kontinuïteit en stabiliteit aan die self soos daar interaksie, en ervarings opgedoen word en vorm dan ook dieper verbintenisse om die dieper verstaan van die ervaring of interaksie uit te lig (Shelton, 1983:30; Bornman, 2013:3; Louw et al., 2007:299-300).

Organisasie word beskou as die interne onderhouding meganisme vir normale menslike funksionering en die tweede funksie, naamlik aanpassing veroorsaak dat die individu kan funksioneer binne die alle daagse lewe. Soos 'n individu deelneem aan die lewe word daar nuwe inligting opgedoen. Die huidige omstandighede en verstaan van realiteit word op dieselfde tyd herformuleer en evalueer na aanleiding van die nuwe inligting wat die persoon ontvang het. Hierdie funksie om aan te pas by die onmiddellike nuwe informasie en om dit dan toe te pas op die onmiddellike

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

situasie vereis dat daar ŉ verdere twee ander intellektuele funksies plaasvind (Shelton, 1983:30; Bornman, 2013:3; Louw et al., 2007:299-300).

Assimilasie en akkommodasie is komplimenterende funksies. Die funksie van assimilasie is om die nuwe informasie te assimileer binne die individu se huidige kognitiewe verstaan. Terwyl hierdie assimilasie plaasvind, akkommodeer die individu die nuwe inligting binne die huidige verstaan en op hierdie wyse ontvang die individu nuwe inligting en herstruktureer bestaande inligting (Shelton, 1983:33-31; Bornman, 2013:3).

> "Thus, "assimilation and accommodation are complementary processes and through their continuous interaction they bring about conceptual adaptation and growth" (Muuss,1975:182).

Dit is hierdie aanhoudende wisselwerking tussen assimilasie en akkommodasie wat die individu lei tot die ervaring van ŉ dieper vlak van verstaan.

> "Paiget also notes that the biological functions of adaptation and organization are 'inseparable,' that they exist in a complementary fashion, with organization representing the 'internal aspect' of cognitive development and adaptation representing the 'external aspect'" (Shelton, 1983:31).

Piaget se model van kognitiewe ontwikkel toon duidelik dat die individu ŉ aktiewe deelnemer aan die konstruksie van hulle eie kognitiewe vaardighede is. Die individu se omgewing, wat die nuwe inligting verskaf, het ook ŉ invloed op hierdie ontwikkeling. Die menslike kognitiewe ontwikkeling is ŉ dinamiese en ontwikkelende sisteem wat aanhoudend ontwikkel tot meer komplekse vlakke van verstaan. Dit is juis deur hierdie aanhoudende en vloeiende interaksie wat veroorsaak dat die adolessent ook ŉ beter en dieper verstaan van die self en die wêreld ontwikkel (Shelton, 1983:30-31, Louw et al., 2007:300; Gullotta et al., 2000:57-62). Die samelewing waarin die adolessent funksioneer beïnvloed dus ook die kognitiewe ontwikkeling.

Piaget het verder vier verskillende stadia van kognitiewe ontwikkeling geïdentifiseer. Die eerste stadium vind plaas van geboorte tot omtrent twee jaar en word die sensorimotor stadium genoem. Van die ouderdom 2 tot die ouderdom van 7 verkeer die kind in die pre-operasionele stadium en vanaf ouderdom 7 tot en met die

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

ouderdom van 12 is dit die konkrete operasionele denke stadium. Hierdie konkrete operasionele denke verander na formele operasionele denke soos die tydperk van adolessensie vorder (Shelton, 1983:32; Bornman, 2013:3; Louw et al., 2007:300; Gullotta et al., 2000:57-62).

Konkrete operasionele denke is beperk wanneer dit vergelyk word met formeel operasionele denke. Die konkrete denke is direk verbind tot die kind se konkrete realiteit en het nie die vermoë om verder te dink as dit wat werklik moontlik is nie. Dit beteken dat die kind nie die vermoë het om verder te dink as die onmiddellike ervaring en situasie nie. Aan die ander kant is formeel operasionele denke se kenmerke dat die adolessent hipotese kan formuleer, veralgemenings maak en ook deelneem aan abstrakte denke.

> "Thus, "in formal thought there is a reversal of the direction of thinking between *reality* and *possibility* in the subject's method of approach. *Possibility* no longer appears merely as an extension of an empirical situastion or of actions actually performed. Instead, it is *reality* that is now secondary to *possibility*. The most distinctive property of formal thought is this reversal of direction between *reality* and *possibility*" (Inhelder en Piaget in Shelton, 1983:33).

Die adolessent ontwikkel nou die vermoë om weg te beweeg van konkrete, persoonlike ervarings na moontlike en potensiële aspekte van situasies en persoonlike ervarings. Die adolessent skep hipotetiese situasies, sowel as hipotetiese toekomstige gebeure, maar ontwikkel ook die vermoë om alternatiewe oplossings vir algemene probleme te visualiseer (Shelton, 1983:33; Louw et al., 2007:299-300; Gullotta et al., 2000:57-62).

Die gevolg van hierdie kognitiewe ontwikkeling is dat die adolessent begin om vrae te vra oor geloof, die doel en betekenis van God en persoonlike waardes. Die ontwikkeling veroorsaak dat adolessente komplekse vrae begin vra waarop hulle ook antwoorde wil hê. Hierdie antwoorde is gewoonlik te kompleks om te verstaan, maar adolessente probeer om dit te interpreteer (Shelton, 1983:34; Kruger et al., 1994:68-69). Verder poog adolessente daarna om die realiteit te interpreteer deur gebruik te maak van hulle vermoë om meer kompleks te redeneer, maar dit is nie noodwendig nodig om van komplekse denke gebruik te maak nie. Die gevolg is dat geen area

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

van die adolessent se lewe onaangeraak is deur hierdie ontwikkeling nie; adolessente begin byvoorbeeld vrae vra oor familie tradisies wat vroeër as van selfsprekend aanvaar was (Shelton, 1983:34; Gullotta et al., 2000:57-62). Hierdie ontwikkeling skuif ook oor na geloofsvrae. Adolessente begin soek na motivering en meer komplekse antwoorde op vrae soos “Hoekom is God daar?” en “Hoekom gebruik ons Nagmaal?”

Die adolessent se kognitiewe vermoëns ontwikkel tot op so ’n vlak dat hulle ’n dieper vlak van intellektuele abstraktheid en hipotetiese redenering kan volg en ook daaraan kan deelneem. Hulle maak gebruik van hierdie vaardigheid om ’n dieper verstaan van geloof, sowel as die doel van die lewe te ondersoek (Bornman, 2013:3; Shelton, 1983:31-32; Louw et al., 2007:299-300). Die formele denke begin om ’n integrale komponent van die adolessent se soeke na volwassenheid te word. Hierdie denke ondersteun die adolessent in die tog om ’n lewensplan te ontwikkel en voor te berei vir die volwasse wêreld. Verder begin die adolessent om idees te formuleer oor verantwoordelikhede wat op hulle rus om voorbereid te wees vir die toekomstige volwassenheid.

> “The adolescent now is characterized more as one who ‘thinks beyond the present.’ The adolescent is also increasingly viewed as one who reflects on his or her own thought processes. In essence, the adolescent thinks about thinking” (Shelton, 1983:34).

Die introspeksie wat die adolessent onderneem beteken dat daar gedink word oor teorieë en idees van hoe die wêreld moet wees en hoe hulle toekoms sal wees. Hierdie tipe refleksie wat adolessente onderneem moedig hulle aan om ook ’n persoonlike waardestelsel op te stel waarin hulle eie opinies en houding teenoor politiese en sosiale werklikhede opgeneem word. Die adolessent toets ook hierdie idees en waardestelsel by ander volwassenes.

> “The adolescent tries out these newly acquired beliefs, values, and attitudes on both peers and adults (they have not yet been tested). Others’ reactions (both peers and adults), coupled with his or her own continued reflection and desire to find meaning, lead to a modification and reformulation of these initial ideas” (Shelton, 1983:35).

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Die samelewing se idees en reaksies het dus ook ’n uitwerking op die adolessent se ontwikkeling van hierdie persoonlike waardestelsel wat die ontwikkeling van die persoonlike identiteit, wat seksuele identiteit insluit, beïnvloed. Die adolessent ontwikkel die persoonlike waardestelsel tesame met kognitiewe ontwikkeling en dit vind saam met die ontwikkeling van die liggaam plaas. Die kognitiewe ontwikkeling bepaal die fondasie vir die morele ontwikkeling en daarom verskuif die fokus nou na die morele ontwikkeling wat plaasvind tydens adolessensie.

4.4.3. Morele ontwikkeling

Piaget se werk rakende ontwikkelingsteorie was nie beperk tot slegs die kognitiewe ontwikkeling nie, maar het ook gehandel oor die belangrikheid van kognitiewe ontwikkeling in die besluitnemingsproses van ’n kind. Die gevolg is dat Piaget ondersoek ingestel het oor die morele ontwikkeling van die kind. Dit het ’n groot invloed gehad op die werk van Lawrence Kohlberg. Kohlberg se werk fokus spesifiek op die morele ontwikkeling van die kind en dan ook die adolessent (Walker & Reimer, 2006:224-226; Shelton, 1983:42).

Kohlberg se teorie is opgestel in die vorm van drie verskillende vlakke wat elk uit twee verskillende stadia bestaan. Die eerste vlak is die pre-konvensionele vlak, waar die grootste invloed eksterne verwagtinge van outoriteit is, sowel as die kind se eie hedonistiese oriëntasie om nader aan plesier te beweeg en weg van pyn. Die eerste stadium in hierdie eerste vlak staan bekend as die straf en gehoorsaamheid oriëntasie. Die kind gebruik die vermyding van straf as die kriteria om te bepaal wat reg of verkeerd is. Die kind is op hierdie stadium afhanklik van ander en die doel van hierdie stadium is om die moontlike straf te bepaal en ook die uiterste gevolge van hulle aksies te vermy (Shelton, 1983:43-44; Kruger et al., 1994:67-69; Templeton & Eccles, 2006:258-259).

Die twee stadia wat gevind word binne die pre-konvensionele vlak, is die instrumenteel-relativistiese oriëntasie. Tydens hierdie stadium is die kind meer gefokus op persoonlike behoeftes. Die kriteria wat gebruik word om te bepaal of ’n aktiwiteit reg of verkeerd is, word bepaal deur die doel wat dit dien. Indien die aktiwiteit aan die persoonlike behoeftes voorsien, word dit beskou as reg. Die kind

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

neem nie ander se gevoelens in ag gedurende hierdie stadium nie (Shelton, 1983:44; Templeton & Eccles, 2006:259-260).

> "At this stage, the child might do something for another, but some reciprocity is expected. In other words, reciprocity becomes a matter of 'you scratch my back and I'll scratch yours'" (Shelton, 1983:44).

Die tweede vlak van morele ontwikkeling word die konvensionele vlak genoem. Gedurende hierdie vlak is die jong persoon baie bewus van die eksterne verwagtinge van verskillende groepe, soos familie en die skool. Die bewustheid van ander word bevestig deur lojaliteit en konformiteit tot groepe, die nasie en ook die huidige sosiale strukture. Die jong persoon aanvaar en respekteer ander persone en gebruik hulle ook as verwysingsraamwerk om te bepaal watter aksies aanvaarbaar is of watter persoonlike gedrag reg of verkeerd is (Shelton, 1983:44; Kruger et al., 1994:67-69). Die eerste stadium in hierdie vlak, maar derde in die algemeen is die goeie-seun-oulike-meisie oriëntasie. Gedurende hierdie stadium vind die persoon motivering in die aanvaarding en goedkeuring deur ander persone (Shelton, 1983:44; Louw et al., 2007:341-345).

> "Conformity is prized, and personal actions are planned to meet with the acceptance and social approval of the person's own group. The individual places value on conforming types of behavior" (Shelton, 1983:44).

Die individu evalueer ander se gedrag na gelang van die bedoeling agter die gedrag. Die klem word gelê op die gedrag van die persoon en hoe vriendelik hulle is. Om vriendelik en oulik te wees, is die norms waarop iemand aanvaar word (Shelton, 1983:44).

Die vierde stadium en tweede stadium in hierdie vlak is die wet en orde oriëntasie. Gedurende hierdie stadium word daar baie klem gelê op wet en orde. Die pligte wat die individu het binne die sosiale omgewing word baie belangrik en daar word baie waarde aan reëls geheg. Outoriteitsfigure word ook met meer respek behandel en daar ontstaan 'n groter respek teenoor outoritêre strukture. Die individu glo ook dat daar 'n direkte verband is tussen die gehoorsaamheid aan pligte en wat beskou word as reg en verkeerd. Dit beteken "fulfilling the demands made on the individual by

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

observing the law and performing expected group behaviors" (Shelton, 1983:44; Louw et al., 2007:271-272).

Die laaste vlak wat Kohlberg identifiseer het is die post-konvensionele vlak wat bestaan uit die sosiaal-kontrak-wettiese oriëntasie en die universele-etiese-beginsel oriëntasie vlakke. Die individu wat hierdie derde vlak bereik heg meer waarde aan waardes wat losstaande van groepe en kulture is. Die individu het die vermoë om universele morele prinsiepe te identifiseer en is meer gefokus op waardes soos gelykheid en geregtigheid vir almal (Shelton, 1983:45; Kruger et al., 1994:67-69). Reg en verkeerd word bepaal deur hierdie universele prinsiepe. Gedurende die stadium van sosiaal-kontrak-wettiese oriëntasie besef die individu dat die wette die regte en welsyn van alle lede van die samelewing in ag neem en hoog ag. Die individu het verder die vaardigheid om te sien dat daar botsings tussen individu en die wet kan wees, maar dat die wet steeds onderhou moet word, omdat die hoof doel van die wet is om die welsyn van almal te beskerm en te bevorder (Shelton, 1983:45; King & Benson, 2006:386; Kruger et al., 1994:67-69).

> "At the same time, the individual who is at this stage of development, unlike the person who is at stage 4, perceives law as a benefit to the common good; laws are, therefore, not rigid, but rather are subject to alteration to meet changing human needs" (Shelton, 1983:45).

Die laaste stadium is die universele-etiese-beginsel oriëntasie wat beteken dat die individu gebruik maak van universele prinsiepe om die moraliteit van 'n persoon se gedrag te bepaal. Die belangrikste is die etiese prinsiepe wat saamgestel is deur die individu se persoonlike gewete wat universele toepassing het (Louw et al., 2007:341-345; Shelton, 1983:45). Die wet word steeds beskou as belangrik, maar dit is nie meer die enigste bron om te bepaal wat reg of verkeerd is nie, "there are higher values that deserve human allegiance" (Shelton, 1983:45).

Soos die individu van die een vlak na die volgende beweeg verander die siening van die individu ook. Die siening verander van 'n selfgesentreerde (pre-konvensionele) na 'n bewustheid van ander se gevoelens (konvensioneel). Laastens word daar beweeg na universele morele idees wat die regte van alle mense respekteer (post-konvensioneel) (Shelton, 1983:45; Louw et al., 2007:341-345).

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Kohlberg se teorie is ’n verduideliking van die morele ontwikkeling wat plaasvind tydens adolessensie en toon ’n definitiewe ontwikkelings perspektief. Die ontwikkelings wat ’n individu ervaar en die beweging van een vlak na ’n ander vlak sluit aan by die kognitiewe ontwikkeling. Elke vlak bemagtig die individu om bewus te word van die belangrikheid wat persoonlike waardes het, sowel as die rede waarom hierdie spesifieke persoonlike waardes onderhou word (Shelton, 1983:46; Kruger et al., 1994:67-69).

Die lewe word deur Kohlberg beskryf as ’n konstante uitleef van ’n verskeidenheid morele keuses wat gemaak word in elke situasie. Die morele waardes waaruit gekies word, stel elk hul eie potensiële probleme en dilemmas (King et al., 2006: 385; Shelton, 1983:46).

> “...they include ‘punishment, property, roles and concerns of affection, roles and concerns of authority, law, life, liberty, distributive justice, truth, and sex.’ Kohlberg suggests that ‘a moral choice involves choosing between two (or more) of these values as they conflict in concrete situations of choice’” (Shelton, 1983:46).

Die vlak van die individu se ontwikkeling word sigbaar deur die verwoording vir die rede agter die belangrikheid van die spesifieke morele waarde wat hulle onderhou.

> “A person at a preconventional level of moral reasoning, for example, will reason that truth (the value) is primarily for the self-interest and furtherance of personal desires. On the other hand, a person who reasons at a postconventional level will view truth as valuable because of the honest openness and respect that he or she shows everyone because all human beings are deserving of respect” (Shelton, 1983:46).

Dit is verder duidelik dat Kohlberg geregtigheid beskou as sentraal deel van morele denke. Kohlberg stel dit dat die persoon se verstaan van geregtigheid bepaal word deur die morele ontwikkeling en die vlak van morele ontwikkeling waarin die persoon hulself bevind. Elke vlak van morele ontwikkeling verstaan geregtigheid, maar dit word op verskillende wyses verstaan. Die adolessent se groeiende volwassenheid, tesame met sosiale interaksie en kognitiewe ontwikkeling, lei tot ’n dieper verstaan

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

van die waarde van universele geregtigheid (Louw et al., 2007:341-345; Shelton, 1983:46-47).

Morele ontwikkeling is nie slegs verbind tot een spesifieke groep nie, maar soos kognitiewe ontwikkeling is dit 'n universele gebeurtenis. Kognitiewe en morele ontwikkeling vind in alle kulture en op alle kontinente plaas, die inhoud van die ontwikkeling verskil wel. Die kognitiewe ontwikkeling, soos reeds genoem, word beïnvloed deur die samelewing waarin die adolessent ontwikkel, so ook met morele ontwikkeling. Die sosiale konteks waarin die adolessent hulself bevind het 'n uitwerking op die morele en kognitiewe ontwikkelingsprosesse (Shelton, 1983:47; Kruger et al., 1994:67-69).

> "Kohlberg has maintained that the environment in which the person interacts must be evaluated with regard to the actual values that are presented and promoted. Environment exercises a critical influence on the person's own perceptions of another's actions as well as his or her understanding of justice. This environmental emphasis stresses the critical importance of social interactions, both in the family and at school, in helping to foster the young person's sense of justice" (Shelton, 1983:48-49).

Die omgewing waarin die adolessent ontwikkel het 'n invloed op die morele en kognitiewe ontwikkeling, wat weer 'n invloed op die verstaan en hanteer van hulle fisiese (seksuele) ontwikkeling het. Die adolessent se ontwikkelingsprosesse vind gelyktydig plaas en deur hierdie ontwikkeling vorm hulle 'n persoonlike morele waardestelsel wat saamgestel word deur gebruik te maak van hulle kognitiewe ontwikkeling om te bepaal watter morele waardes van belang is. Hierdie morele waardes word die riglyne waarvolgens hulle fisiese (seksuele) ontwikkelings wat plaasgevind het, interpreteer en dit bepaal ook watter seksuele gedrag hulle toon. Morele ontwikkeling het 'n direkte invloed en uitwerking op die seksuele ontwikkeling. Die morele ontwikkeling is die proses waartydens 'n adolessent die morele waardestelsel opbou en dit bepaal die seksuele besluite wat hulle neem (Louw et al., 2007:341-345). Indien die adolessent in die pre-konvensionele vlak is, neem die adolessent dan selfgesentreerde seksuele besluite wat net die self in ag neem sonder om ook die ander individu se gevoelens en emosies in ag te neem (Louw et al., 2007:341-345). As die adolessent egter in die konvensionele vlak van morele

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

ontwikkeling is, word die ander individu se gevoelens en emosies in ag geneem wanneer seksuele besluite geneem word (Louw et al., 2007:341-345). Adolessente wat gevorder het tot post-konvensionele morele ontwikkeling neem seksuele besluite op grond van inagneming van universele respek vir alle mense (om 'n ander individu se morelewaardestelsel te respekteer). Die ontwikkeling wat plaasvind het ook 'n uitwerking op die ontwikkeling van hulle identiteit en seksuele identiteit, omdat die waardes wat hulle vasgestel het toegepas word op die hantering van hulle liggame. Die fokus verskuif nou na die invloed wat die samelewing op die ontwikkelingsprosesse het van adolessente.

4.5. Invloed van die samelewing op die seksuele ontwikkeling tydens adolessensie

Gullotta en ander (2000:76-77) voer aan dat die vraag: "Wie is ek?" beantwoord word deur die adolessente jare terwyl hulle in verhouding met die self en ook met ander staan. Identiteit word beskou as iets wat geleidelik ontwikkel soos wat die fisiese, kognitiewe en morele ontwikkeling ook plaasvind. Hierdie ontwikkeling veroorsaak dat adolessente meer bewus word van hulle seksualiteit en hulle word ook meer self-bewus. Dit is juis gedurende hierdie tydperk wanneer volwassenes meer druk op adolessente plaas om meer verantwoordelik op te tree en hulle sterk punte uitlig. Die adolessent raak meer bewus van die sosiale omgewing en ontwikkel geleidelik in sosiale volwasse persone. Die bewustheid van die sosiale omgewing, sowel as die adolessent se rol wat hulle vertolk in die samelewing begin al meer van belang raak (Gullotta et al., 2000:76).

Volgens Gullotta en ander (2000:77) word skole beskou as veilige ruimtes vir adolessente om hierdie ontwikkeling voort te sit en te ontdek watter rol hulle in die samelewing vertolk. Hierdie situasies en omgewings bied die geleentheid vir beperkte eksperimentering van grense en persoonlike voorkeur (Gullotta et al., 2000:77).

Kelly (2011:350) is verder van mening dat die adolessent deur 'n periode beweeg waar hulle seksuele identiteit ontwikkel en duidelik na vore kom. Die individu moet dus die seksuele identiteit ontdek en verder ook daarmee identifiseer. Die individu ervaar 'n mate van sosiale aanvaarding en sosiale groepsidentiteit. Hierdie

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

groepsidentiteit lyk verskillend vir die verskillende seksuele oriëntasies. Heteroseksuele individue ervaar 'n groepsidentiteit met ander heteroseksuele individue en homoseksuele individue ervaar 'n groepsidentiteit met ander homoseksuele individue (Kelly, 2011:350).

Die homoseksuele individu se ontwikkeling van hulle seksuele identiteit beweeg deur verskillende fases wat verskil van die heteroseksuele adolessent (Kelly, 2011:350). Die eerste is identiteitsverwarring, waar adolessente informasie vanuit die samelewing ontvang rakende homoseksuele oriëntasie en besef dat hierdie inligting ooreenstem met hulle reaksies en gevoelens. Gedurende hierdie tydperk word seksuele aktiwiteite gewoonlik vermy. Die tweede fase is wanneer adolessente die wyer gevolge van homoseksualiteit begin ondersoek terwyl hulle die gevoel ontwikkel dat hulle anders as hulle familielede en vriende is. Meeste persone word groot met sekere heteroseksuele verwagtinge, maar hierdie verwagtinge vervaag en word verwerp. Die individu wat grootword met heteroseksuele verwagtinge kan op verskillende wyses reageer. Die eerste is om die belangrikheid van heteroseksualiteit te degradeer en meer klem te lê op homoseksualiteit. Die ander reaksie is om die homoseksuele gevoelens te onderdruk en te probeer optree soos 'n heteroseksuele individu, sodat hulle nie negatiewe kommentaar en verwerping ervaar nie (Kelly, 2011:351). Die adolessent beweeg deur die stadium van identiteitsvergelyking na die stadium waar die identiteit as homoseksuele persoon verdra word. Vanuit die stadium waar die homoseksuele oriëntasie verdra word, beweeg die individu na aanvaarding en dan ook trots. Die laaste stadium is waar die individu besef dat die wêreld nie verdeel is in twee groepe van hulle en ons, waar die heteroseksuele persone as die vyand gesien word nie. Die individu besef dat heteroseksuele persone ook 'n in positiewe lig gesien kan word en dat alle heteroseksuele persone nie haat koester teenoor homoseksuele persone nie (Kelly, 2011:353).

Gedurende die bogenoemde ontwikkeling van die seksuele identiteit speel die samelewing 'n belangrike rol. Kelly (2011:191) stel dit verder dat die verhouding wat 'n persoon met hulle ouers en samelewing, naamlik sosiale groepe en ervaring van aanvaarding, 'n invloed op die ontwikkeling van adolessente het (Bancroft, Graham, Janssen & Sanders, 2009:130).

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Volgens Moore en Rosenthal (2006:24) het die familie, vriende groep en die kultuur waarin die adolessent hulself bevind, 'n invloed op die verskillende ontwikkelingsprosesse van die adolessent.

> "It has been suggested that sociocultural factors determine how adolescent sexuality is expressed through the cultural context which percedes the adolescent's daily life. Social institutions such as the family and religion exert their influence in three ways: they provide the norms for acceptable sexual behaviour; individuals in powerful roles in these institutions use norms as the basis for informal controls; and, finally, there are often formal rules which constrain sexual behaviour through fear of institutional sanctions" (Moore et al., 2006:24-25).

Die gevolgtrekking wat Moore en ander (2006:25) maak is dat adolessente wat verbind is aan 'n geloofsgebaseerde organisasie of wat hulself as godsdienstig klassifiseer, minder seksueel aktief is. Daar is ook bevind dat daar 'n sterk verbintenis is tussen die adolessent se godsdiens en seksuele gedrag (Moore et al., 2006:25). Bornman (2013:8) het weer gevind dat die godsdienstige ruimtes nie meer 'n gesaghebbende stem is in die adolessente se seksuele gedrag nie.

> "Die adolessente wat aan hierdie studie deelgeneem het, het dit onomwonde gestel dat hulle eie geloofsgemeenskap (kerk) nie 'n invloed op hulle besluitnemingsraamwerk het met betrekking tot seksuele aktiwiteit nie. Alhoewel die geloofsgemeenskap se morele standaarde erken word, gee die geloofsgemeenskap nie genoeg inligting aan adolessente oor seks en seksuele aktiwiteite nie" (Bornman, 2013:8).

Die gevolgtrekking wat Bornman (2013:9) maak is dat die kerk nie 'n invloed op die adolessent se morele standaarde het nie, veral nie morele standaarde wat seksuele aktiwiteite bepaal nie. Dit is reeds bevind dat die sosiale omstandighede, verhoudings met familie, vriende en spesiale persone, sowel as die kulturele omgewing 'n uitwerking op die adolessent se ontwikkeling het. Hierdie invloed kan positief of negatief wees, in die sin dat die invloed die adolessent kan bystaan om op 'n positiewe wyse hulle seksualiteit te ontwikkel sonder voorafgestelde idees. Aan die ander kant kan dit egter ook 'n negatiewe invloed wees wat die ontwikkelingsproses

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

vir die adolessent ingewikkeld en besonders moeilik maak, omdat daar sekere verwagtinge op die adolessent geplaas word (Cramer, 2000:64-69; Tarrant, North, Edridge, Kirk, Smith & Turner, 2001:597-598; Kerpelman et al., 2012:1428; Collins, Welsh & Furman, 2009:631-652; Beyers & Goossens, 2008:165-184).

> "Die resultate in hierdie studie kan gebruik word om geloofsgemeenskappe (kerke) aan te spoor om meer openhartig oor seksuele aktiwiteite met adolessente te wees. Adolessente wat reeds seksueel aktief is, het te kenne gegee dat hulle nie hulle eie geloofsgemeenskap kan nader oor hulle seksuele aktiwiteite nie. Die geloofsgemeenskap word dus 'n struikelblok vir adolessente in hulle strewe na 'n gesonde seksuele leefstyl, omdat die geloofsgemeenskap nie 'n rol speel in hulle seksuele lewe nie. Op grond van hierdie verskynsel word aanbeveel dat geloofsgemeenskappe, spesifiek die Christelike kerk, dringend aandag gee aan die ontwikkeling en toepassing van programme waarin die geloofsgemeenskap se waardes en norme insake seksuele aktiwiteit duidelik aan adolessente gekommunikeer word. Die geloofsgemeenskap moet ook bewus word van die seksuele aktiwiteit van adolessente" (Bornman, 2013:9).

Hierdie aanhaling bevestig die behoefte dat die kerk meer betrokke moet wees by die ontwikkelingsproses van die adolessent. Die adolessent ervaar verskillende ontwikkelingsprosesse gedurende hierdie tydperk en soek na inligtingsbronne. Die kerk word beskou as 'n nuttelose bron (Bornman, 2013:8-9) en moet hierdie siening verander. Die fokus verskuif nou na liggaamsteologie wat kan dien as 'n middel om meer inklusief te wees rakende seksualiteit tydens adolessensie.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

4.6. Gevolgtrekking

Hierdie hoofstuk se hoofdoel was om die sentrale rol van die seksuele ontwikkeling van die adolessent te bespreek. Gedurende adolessensie vind fisiese ontwikkeling plaas en dit is ook die opvallendste van die ontwikkelingsprosesse, omdat dit die proses is wat die liggaam voorberei om voort te plant. Die fisiese ontwikkeling is die ontwikkeling wat verantwoordelik is vir die ontwikkeling van die organe wat seksuele voortplanting moontlik maak. Dit is ook die ontwikkeling wat eerste begin en 'n sterk invloed op die ander ontwikkelingsprosesse van die adolessent het. Soos in hierdie hoofstuk bespreek is, vind die ontwikkelingsprosesse nie onafhanklik van mekaar plaas nie en die fisiese (seksuele) ontwikkeling van die adolessent beïnvloed die morele, sowel as kognitiewe ontwikkeling van die adolessent. Die manier hoe die adolessent die fisiese (seksuele) ontwikkeling ervaar en die manier hoe die gemeenskap waarin die adolessent groot word reageer op die seksuele ontwikkeling, het 'n bepaalde uitwerking op die res van die adolessent se ontwikkelingsproses. Daarom is ek van mening dat adolessente ondersteuning en begeleiding nodig het gedurende hierdie tydperk van onsekerheid en vorming om hulle eie waardestelsel saam te stel wat bepaal wat hulle norme en waardes is. Die gemeenskap of ondersteuningsgroep se reaksie beïnvloed die wyse waarop die adolessent sy/haar liggaam ervaar en ook die tipe waardestelsel wat hulle vorm, want 'n adolessent leef in 'n stelsel van sosiale sisteme wat bepaal hoe hulle waardestelsel gaan lyk.

Die adolessent ervaar 'n verskeidenheid van ontwikkelingsprosesse, maar hierdie studie het slegs gefokus op die fisiese (seksuele), morele en kognitiewe ontwikkel. Hierdie spesifieke prosesse is gekies omdat die fisiese ontwikkeling, spesifiek die seksuele ontwikkeling, 'n invloed op die kognitiewe ontwikkeling het wat weer die grondslag bied vir die morele ontwikkeling. Beide hierdie ontwikkelingsprosesse veroorsaak die ontwikkeling van 'n persoonlike waardestelsel wat die seksuele gedrag van die adolessent bepaal. Verder is die samelewing se invloed op die adolessent se ontwikkeling bespreek omdat adolessente nie onafhanklik van 'n samelewing ontwikkel nie. Hierdie hoofstuk bied die inligting om te verstaan watter rol fisiese, morele en kognitiewe ontwikkeling speel in die adolessent se seksuele ontwikkeling en klem te lê op die invloed wat die samelewing op hierdie ontwikkelingsprosesse het. Die vorige hoofstukke het 'n historiese oorsig oor die

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

verstaan van die liggaam en die verstaan van seksualiteit weergegee sodat mens ’n begrip kan ontwikkel rakende die verskillende sieninge van die liggaam en seksualiteit. Die liggaam en seksualiteit is deur die tydperke verstaan as verskillende en afsonderlike aspekte van menswees; die liggaam en seksualiteit was nie beskou as ’n eenheid nie. Dit is gesien as verskillende gedeeltes van die mens. Adolessente se ontwikkeling (fisies, moreel en kognitief) vind gelyktydig plaas, binne die liggaam, wat verduidelik dat die mens nie in kompartemente verstaan moet word nie, maar as ’n geheel. Aangesien die liggaam die middel is waardeur die mens die lewe ervaar, word liggaamsteologie gebruik as ’n teologiese lens, want dit fokus op die liggaam se ervaring m.a.w. op die adolessent se ervaring van die lewe.

Die fokus verskuif nou na liggaamsteologie om te ondersoek of ’n teologie wat fokus op die liggaamlike ervaring ’n bydra kan lewer om ’n inklusiewe verstaan van seksualiteit te kweek by rolspelers wat betrokke is by adolessente tydens fisiese, morele en kognitiewe ontwikkeling.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Hoofstuk 5

Liggaamsteologie

5.1. Inleiding

Liggaamsteologie is ŉ spesifieke fokus binne teologie wat ŉ alternatiewe perspektief rakende seksualiteit bied, juis omdat dit die ervaring van die liggaam in ag neem. In hierdie hoofstuk gaan die ontstaan van liggaamsteologie en die belangrikheid van die liggaam in liggaamsteologie kortliks bespreek word. Ter aanvulling en verdere toeligting oor die belangrikheid van die belangrikheid is Bybelse temas oor die liggaam identifiseer en bespreek. Die hoofstuk word afgesluit met ŉ bespreking van vier bronne om teologies oor die liggaam en seksualiteit na te dink.

5.2. Die ontstaan van liggaamsteologie

Om liggaamsteologie moontlik te maak, was dit eerste nodig vir drie bewegings in die teologiese denke. Hierdie bewegings is onder andere die filosofiese denkproses (process thought), bevrydingsteologie en feministiese teologie. Die bogenoemde bewegings het groot weerstand en kritiek gelewer teenoor die dualistiese denke wat die liggaam onderdruk het (Isherwood et al., 1998:33).

Filosofiese denkproses is ŉ evolusionêre benadering wat die wêreld beskou as iets wat steeds in die proses is om geskep te word. Hierdie beweging skep die geleentheid dat die mens vrygestel word van die tradisionele idee van oorspronklike sonde, want niks was ooit perfek nie. Alles in die skepping is steeds in ŉ proses waar dit geskep word, dit is steeds besig om voltooi te word. Die filosofiese denkproses plaas God ook terug in die geskiedenis (Isherwood et al., 1998:34-36).

> “History is also written on the body, and by the body, therefore the God of process thought is moving in the divine history of the body. God unfolds both in the bodies of individuals and the cosmos creating an intimate, interdependent and co-creative trinity” (Isherwood et al., 1998:36).

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Dit sal daarom 'n verwerping van God en die potensiaal wat God in mense geplaas het wees, indien die mens slegs in die spirituele of geestelike beweeg en die siel losmaak van die liggaam (Isherwood et al., 1998:36; Nelson, 1992:48-50).

Bevrydingsteologie sluit hierby aan deur die rigting aan te dui vir die uitleef van die potensiaal wat deur filosofiese denkprosesse uitgewys is. Verder lê bevrydingsteologie klem op kontemplasie wat vanuit mense se lewens plaasvind en nie slegs vanuit die nadenke oor God nie. Verder moet hierdie refleksie oorbeweeg na aksie om die ongeregtigheid wat plaasvind in mense se lewens te verander (Isherwood et al., 1998:37; Nelson, 1992:50).

> "Contemplation is not only to help us to see the injustice but to enable us to imagine ways of ending it" (Isherwood et al., 1998:37).

Bevrydingsteologie het daarop aanspraak gemaak dat die kerk op 'n positiewe wyse betrokke moet raak by die onderdruktes. Feministiese[27] teologie het hier ook verder 'n baie groot bydrae gelewer deur die Kerk te herinner dat daar gefokus moet word op die ervaring van die mens.

> "Feminist theology places experience at the heart of the creation of theology, not the experience of the ruling males but of the individual believer" (Isherwood et al., 1998:38).

Hierdie drie bewegings het dit moontlik gemaak vir 'n teologie om te ontstaan wat die liggaam, sowel as die individuele gelowige belangrik ag. Die fokus op die ervaring van 'n individu maak dit moontlik dat die totale ervaring van die individu in ag geneem moet word (Isherwood et al., 1998:38; Nelson, 1992:50).

> "The body in its entirety is the site of experience. Futher, the body does not refer only to the white male elite body, it cannot be colonized in the same way as reason has been. The body is far more expansive and inclusive. By focusing on experience the body becomes the site of personal redemption and redemptive interdependence. A reality that is not in any way new or against the teaching of Jesus but rather revives a process that has been crushed under the weight of patriarchal power" (Isherwood et al., 1998:39).

[27] Schüssler-Fiorenza (1996:3-13) gee 'n goeie en bondige verduideliking van feministiese teologie.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Hierdie fokus op die liggaam veroorsaak dat daar nou gevra moet word wat liggaamsteologie is. Dit is niks meer of niks minder as die mens se poging om te reflekteer op die mens as 'n beliggaamde wese as 'n middel waardeur God geopenbaar word nie (Nelson, 1992:50). Inkarnasie word as die middelpunt van liggaamsteologie geplaas omdat die inkarnasie nie beperk was tot Jesus nie, maar ook teenwoordig is in die teenwoordige tyd deur middel van elke mens se beliggaamde toestand (Isherwood et al., 1998:43).

> "This has implications for the way in which we understand the nature of theological reflection which can no longer begin with the abstract but must start with 'the bodily experiences of life – *all* the bodily experiences of life and not just those that we can understand as 'spiritual'" (Isherwood et al., 1998:43).

Liggaamsteologie beteken dus dat die mens die Woord van God moet deel maak van hulle liggame en dit aan die liggaam voel. Die inkarnasie is die wyse waardeer die Goddelike mens geword het en dit is ook die wyse waarop die mens God kan ervaar; deur die liggaam. Indien die mens meer fokus plaas op die spirituele en geestelike take van die lewe en die liggaam verwerp, verloor die mens die vermoë om passievol om te gee vir die ander en te veg teen ongeregtigheid (Nelson, 1992:23).

> "The reclaiming of the body as a site or revelation immediately makes all bodies sacred. Bodies begin to matter" (Stuart, 1997:56).

Liggaamsteologie vereis dat die liggaam se ervaring in ag geneem word en dat die liggaam deel vorm van die wyse waarop 'n mens God en die lewe ervaar. Dit is daarom ook belangrik om te kyk na die belangrikheid van die liggaam in liggaamsteologie.

5.3. Die belangrikheid van die liggaam in liggaamsteologie

Nelson (1978:20) is van mening dat die Christelike teologie moet betrokke raak by die vrae rakende die liggaam binne teologie. Hierdie tipe teologie vra nie wat die teologiese mening van die liggaam is nie, maar hoe ons as beliggaamde persone

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

deelneem aan die realiteit van God, sowel as hoe ons as liggame reageer op hierdie realiteit van God (Thatcher, 2011:38).

Die liggaam moet verstaan word vir wat dit is, voordat die belangrikheid van die liggaam bespreek kan word. Isherwood (2005:154) stel dit dat die liggaam komplekse en uitdagende stories vertel wat ons verras om elke draai. Die liggaam is nie so eenvoudig soos wat voorheen gedink was nie want, die liggaam is kompleks en diep simbolies in menslike kultuur[28]. Die liggaam is die middel waardeur persone in gemeenskappe in wisselwerking met mekaar is, sowel as die wyse waarop hulle met mekaar kommunikeer (Isherwood, 2005:154; Isherwood et al., 1998:10).

Twee verskillende teorieë bestaan rakende die liggaam. Die eerste is die essensialistiese siening wat stel dat die liggaam intrinsieke betekenis het, afgesien van die betekenis wat die samelewing op die liggaam plaas. Verder is hierdie teorie se siening dat die liggaam ’n universele en konstante betekenis het. Die tweede teorie is die konstruksionistiese siening of konstruksieteorie, wat klem lê op die betekenis van die liggaam en beliggaming, wat die konstruksie van die samelewing is (Nelson & Longfellow, 1994:3; Nelson, 1992:46-50).

Isherwood (2000:22-23) sluit aan by hierdie konstruksieteorie, wanneer sy verskillende tipe liggame identifiseer. Die fisiese liggaam wat die individuele liggaam is, word beskou as die liggaam waardeur die individu die lewe ervaar as ’n liggaam. Die sosiale liggaam is ’n simbool van die natuur en die samelewing, dit is ook op grond van die sosiale liggaam wat die fisiese liggaam ervaar word. Die sosiale liggaam bepaal dus hoe die fisiese liggaam ervaar en beskou word. ’n Verdere liggaamstipe wat identifiseer is, is die politiese liggaam wat die regulering en die beheer van die liggaam aanspreek. Hier word daar klem gelê op die beheer van die liggaam en veral mag oor die liggaam binne sosiale verhoudinge en omstandighede (Isherwood, 2000:22-23; Landman, 2005:234). Die vierde tipe liggaam is een wat Isherwood (2000:22-23) byvoeg en word die heilige liggaam genoem. Die heilige liggaam word nie hier beskou as ’n dualisme nie, maar as ’n liggaam van gelykheid, wat veg teen onderdrukking en wat weerstand bied teenoor byvoorbeeld die patriargale sisteem. Landman (2005:234) sluit by Isherwood aan, maar verstaan die

[28] Sien hoofstuk 3. Historiese oorsig van die verstaan van die liggaam.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

heilige liggaam as ’n spirituele liggaam wat beskou kan word as ’n agent van die verhouding met God. Landman (2005:234) se verstaan van die liggaam is soos volg:

> “The body is explored not only ‘as the means through which the person and the community express themselves’, but also as the site of forming relationships, that is, with one another, with the sacred, and with nature” (Landman, 2005:234).

Om voort te gaan met die verskillende tipe liggame wat geïdentifiseer is, verwys Turner (1997:15-16) binne die breër moderne sosiale teoretiese perspektiewe na vier verskillende perspektiewe rakende die liggaam. Turner (1997:15) stem saam met Foucault se verduidelik dat die liggaam die gevolg is van dieper strukturele reëls rakende mag en kennis. Die tweede perspektief rakende die liggaam is dat die liggaam ’n simboliese stelsel is waardeur metafore van mag gekonsepsualiseer word. Derdens kan die liggaam slegs verstaan word as die gevolg van die langtermyn historiese veranderinge wat plaasgevind het in die menslike samelewing. Laastens word daar klem gelê op die liggaam binne die konteks van die ervaring van die alledaagse lewe. Hiermee word dus bedoel dat om ’n liggaam te hê beteken om ’n liggaam te wees. Die liggaam is nie slegs ’n objek nie, maar die mens *is* die liggaam.

> “We can speak about doing our bodies, but at a deeper level it also makes sense to talk about *being* a body” (Turner, 1997:19).

Op grond van bogenoemde is dit verstaanbaar dat die manier hoe die mens dink en voel oor hulle liggame uitdrukking vind in die idees en emosies rondom die wêreld en God. Hierdie wyse waarop mens dink oor hulle liggame is nie net vanuit die mens se perspektief nie, maar teologie speel ook ’n rol omdat die verstaan van die eie liggaam ook ’n invloed op die verstaan van God het (Nelson, 1978:20; Isherwood et al., 1998:33).

> “We experience our own concreteness as body-selves occupying space in aconcrete world. We experience the world only through our body-selves” (Nelson, 1978:20).

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Die mens kan nie anders as om die wêreld deur hulle liggame te ervaar nie, want die liggaam is die sleutel tot die verstaan van ander liggame en ook die wêreld. As 'n individu nie tuis kan voel in hulle eie liggaam nie, kan hulle ook nie ander liggame verstaan nie (Cahill, 1996:77-78; Nelson, 1978:20).

> "If I were not myself through my body, I could not be anywhere and would not know what it means to be *here*. The body, thus, is always more than just an object. The body is the *means* by which I can know objects, persons, and events" (Nelson, 1978:20).

Indien die individu die self as 'n liggaam, sowel as die identiteit as 'n beliggaamde wese verwerp, is die gevolg dat die waarde van aktiwiteite waaraan mens deelneem nie erken word nie. Die verwerping van die beliggaamde identiteit veroorsaak verder dat ander liggame nie belangrik geag word nie. Wanneer die eie liggaam verwyder word van persoonlike ervaring en die verstaan dat jy as mens 'n liggaam is, het dit ook 'n uitwerking op verhoudings met ander liggame. Indien 'n persoon verwyderd is van die eie ervaring van die liggaam verloor verhoudings met ander liggame hulle persoonlike ervaring en emosies[29]. Die verwydering van persoonlike ervaring van die liggaam veroorsaak dat die wêreld 'n onpersoonlike, eksterne en vreemde plek word (Cahill, 1996:78; Nelson, 1978:20-21; Hahn, 1991:48).

> "Although our bodies are the agencies through which we encounter the world, it is not easy to know our bodies well. Our bodies are constantly changing, and there are time-lags in bringing our self-concept up-to-date" (Nelson,1978:21).

Nelson[30] (1978:21) verduidelik dat die mens die wêreld ervaar deur middel van die liggaam en dat die mens nie van die liggaam se ervaring van die wêreld verwyder moet word nie. Nelson (1978:22) gaan verder deur te verduidelik dat die wyse waarop die mens die wêreld ervaar deur die ervaring van die liggaam beïnvloed word.

[29] Sien Hoofstuk 4, 4.4.3. Morele ontwikkeling - Pre-konvensioneel, konvensioneel en post-konvensioneel.
[30] Alhoewel Nelson 'n relatief ou bron is, is hy van die eerstes wat oor liggaamsteologie geskryf het en lig op hierdie onderwerp gewerp het; daarom maak ek gebruik van Nelson as bron.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

> "In any event, we do move from the body to the world. The way we perceive and feel about our own bodies contributes significantly to the way we perceive and feel about the world" (Nelson, 1978:22).

Indien ander mense nie beskou word as beliggaamde wesens nie, kan dit veroorsaak dat die persoonlike ervaring verwyder word van die verhouding tussen die individue. Die mens se verstaan en ervaring van die liggaam beïnvloed ook weer die verstaan en ervaring van die wêreld. Maar die wêreld het ook weer 'n invloed op die individu se verstaan van die liggaam (Nelson, 1978:20-23; Cahill, 1996:78; Hahn, 1991:47).

> "Thus, our bodies mirror and symbolize our perceptions of the world, and our perceptions of the world feedback upon our understanding of our bodies" (Nelson, 1978:25).

In die aanhaling word dit genoem dat die persepsie van die wêreld 'n invloed het op die verstaan van die liggaam en dat die verstaan van die liggaam 'n invloed het op die verstaan van die wêreld. Liggaamsteologie is 'n teologie wat die ervaring van die liggaam belangrik ag en wat klem lê op die liggaam (Nelson, 1992:42-43).

Thatcher (1993:39-40) is van mening dat die liggaam dus weer teruggebring moet word in die geloof. Die onderdanige posisie van die liggaam in verhouding met die siel en die vroulike liggaam wat onder beheer van die man geplaas word, is 'n aanduiding van hoe ver die liggaam verwyder is van sentrale elemente in die Christelike geloof[31]. Nelson (1978:30-31) sluit hierby aan wanneer hy sê dat die liggaam verwyder is van die teologie, veral in Westerse Christenskap. Teologie word grootliks verstaan as 'n rasionele dissipline, iets wat met die verstand uitgewerk en geglo word. Nelson (1978:31) is wel van mening dat daar uitsonderings in die teologiese ontwikkeling was, soos Frederich Schleiermacher, wat geglo het dat gevoelens en emosies 'n fundamentele rol in die Christelike geloof speel. Nelson (1978:31) en Thatcher (1993:40) is van mening dat klem gelê moet word op die liggaam in die Christelike geloof.

[31] Sien Hoofstuk 3, 3.3. Verskillende vorme van dualisme

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

> "These include the created goodness of the material world, the incarnation of God in flesh, the return to life of Christ in the body, the return of Christ to God in the body, and the feeding on Christ's body in the Eucharist until, in his body, he returns. Embodiment must be rescued from dualism so that our bodies can be reclaimed from guilt, embarrassment and religious ambiguity, and reaffirmed as the locus of our being as children of God" (Thatcher, 1993:40).

Liggaamsteologie is teologie wat die liggaam ernstig opneem en dit verbind met die ervaring van geloof. Om hierdie verbintenis tussen die liggaam en die Christelike teologie (geloof) duideliker te stel, word Nelson (1978:31) se vier temas volgende bespreek.

5.4. Vier temas wat lig werp op die verbintenis tussen die liggaam en die Christelike teologie

Nelson (1978:31) stel vier temas voor wat lig kan werp op die verbintenis tussen die liggaam en die Christelike teologie, nl. gevoel, begeer, gemeenskap en inkarnasie.

Die eerste tema is gevoel. Hiermee bedoel Nelson (1978:31) dat indien 'n persoon uit voeling is met hulle eie gevoelens en emosies, hulle ook uit voeling is met die realiteit. Byvoorbeeld, indien 'n persoon nie ongeregtigheid aan hulle liggaam voel nie, kan hulle dit nie werklik verstaan nie. Die individu kan van ongeregtigheid leer en dit benoem, maar het dit nog nie gevoel nie. Verder is daar ook 'n verskil tussen die ervaring van emosies en om emosies te voel. Gevoelens sluit emosies in, maar het ook 'n spirituele en rasionele kern.

> "Feelings, then, are neither antirational nor irrational. Let us consider feelings as the wholeness of human response to the realities experienced by the person. The feeling response to reality involves both cognition and emotion. It is the willingness to respond with as much of the totality of the self as one is able. It is the openness to both spontaneity and discipline" (Nelson, 1978:32).

Gevoelens kan nie verwyder word van die liggaam nie; dit is iets wat deur die hele liggaam ervaar word en daarom verhoed dit die skeiding tussen die verstand en die

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

liggaam. Gevoelens is ’n kognitiewe en ’n emosionele ervaring. Die persoon moet dus beskou word as ’n eenheid (Nelson, 1978:32; Thatcher, 1993:41-42).

Die tweede tema waarna Nelson (1978:32) verwys is om te begeer, of die behoefte om meer te weet en te ervaar. Europese teoloë, soos Barth en Nygren, het die mens beskou as ’n passiewe deelnemer wat wag om te reageer op ’n uitnodiging van God. Hierdie siening verwyder die mens se behoefte om self deel te neem en te ondersoek. Nelson (1978:33) stel daarom voor dat die mens beskou moet word as ’n wese wat ook begeer om in verhouding met God te staan en soek na God se teenwoordigheid.

> “Desire as an expression of the body-self is an intrinsic element in our openness to God. Not to desire is not to receive, and not to receive is not to know. But, conversely, to desire can mean to know, and to know can mean to love” (Nelson, 1978:33).

Die mens moet dus nie as ’n passiewe deelnemer in die verhouding met God beskou word nie, maar as ’n wese wat begeer na die verhouding en na meer kennis oor God.

Gemeenskap met God is die derde tema wat Nelson (1978:34) aanraak en hiermee verwys hy na die gemeenskap wat die gelowige met God het. Om in gemeenskap met God te staan beteken dat beide kennis het van die ander een en dat daar nie ongelykheid is nie. Die kennis wat die een van die ander het, gee nie mag nie, maar gemeenskap. Die gevolg is dat hierdie gemeenskap slegs moontlik is deur die ervaring en belewing van God deur die hele liggaam en die behoefte om in verhouding met God te staan (Nelson, 1978:35). Thatcher (1993:41) sluit hierby aan, maar verduidelik dat die gebruik van die Nagmaal ’n vorm van gemeenskap met God is. Dit is die liggaam van die mens wat aktief deelneem aan die gebruik van Jesus se liggaam. Om die Nagmaal te gebruik neem alle sintuie van die mens in beslag, wat ook emosies aanwakker en die behoefte kweek om in gemeenskap met God te tree.

Die laaste tema is die inkarnasie van God deur Jesus Christus. Hierdie gebeurtenis is die werklike beliggaming van God deur Jesus en die menslike liggaam is die wyse waarop ons God kan ken.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

> "God is uniquely known to us through human presence, and human presence is always embodied presence. Thus body language is inescapable the material of Christian theology, and bodies are always sexual bodies, and our sexuality is basic to our capacity to know and to experience God" (Nelson, 1978:36).

Die mens ervaar die lewe deur gevoelens en emosies wat nie los gemaak kan word van die liggaam nie. Dit is van belang dat die mens emosies moet ervaar sodat hulle ook God kan ervaar. Die ervaring van emosies en gevoelens is 'n kognitiewe en emosionele gebeurtenis en daarom kan die mens ook begeerte ervaar. Die mens is nie slegs passief in die verhouding met God nie, maar deur gevoelens begeer die mens ook 'n verhouding met God. Die mens is in verhouding met God, wat beteken dat beide partye kennis dra van mekaar; die inkarnasie van God deur Jesus wat mens geword het, het dit moontlik gemaak dat die mens en God kennis het van mekaar, omdat die mens alles deur die liggaam ervaar en God het mens geword. Die gevolg is dat die mens as beliggaamde wese in verhouding met God staan wat beliggaam was deur Jesus.

Liggaamsteologie verskaf 'n wyse waarop die fokus op die ervaring van die liggaam geplaas word. Die mens kan nie anders as om die lewe deur die liggaam te ervaar nie en dit is ook hierdie liggaam waar deur die mens in verhouding met ander staan. Die liggaam is die middel waardeur die mens uiting gee aan liefde en omgee binne verhoudings met ander (Stuart, 1997:54). Daarom kan liggaamsteologie gebruik word as teologiese raamwerk in die begeleiding van adolessente in die ontwikkelingsproses. Liggaamsteologie verskaf die taal om teologies met adolessente te praat oor hulle liggame en die Christelike geloof. Dit skep 'n raamwerk waarin adolessente nie skaam hoef te wees oor hulle liggame óf hulle seksualiteit nie. Liggaamsteologie lê juis klem op die individu se ervaring en plaas dit binne die Christelike geloof, waar Jesus self 'n mens geword het. Die fokus verskuif van 'n dualisme waar die liggaam sondig en die siel goed is, na 'n siening waar beide die liggaam en siel goed is. Daarom word liggaamsteologie voorgestel as 'n teologie wat kerkleiers, ouers en jeugwerkers kan help om 'n inklusiewe verstaan van seksualiteit te ontwikkel, omdat die inkarnasie van Jesus as middelpunt gehou word met die klem op elke individu se ervaring as beliggaamde wesens geskep deur God.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Die Christelike geloof gebruik die Bybel as heilige skrif, wat leiding bied en verhale bevat van Jesus, die beliggaamde Goddelike wese. Dit is daarom van belang om ook na sekere Bybelse temas te kyk wat spesifiek handel oor die liggaam.

5.5. Bybelsetemas oor die liggaam

Die oortuiging dat God mens geword het is 'n sentrale oortuiging van die Christelike geloof en hierdie gebeurtenis word weergegee in die Nuwe Testament. Christelike teologie was nog altyd 'n teologie van beliggaming wat ook gegrond is in die skepping, inkarnasie, opstanding en sakramente. Ten spyte van die bewustheid van die liggaam in die Christelike teologie, het die liggaam altyd 'n dubbelsinnige posisie binne die teologie ingeneem (Punt, 2005:360; Isherwood et al., 1998:11).

Ek is bewus daarvan dat daar meer temas rakende die liggaam teenwoordig is in die Bybel (Skrif), maar ek maak die keuse om kortliks oor vier temas te reflekteer. Die eerste tema word grootliks in die Ou Testament gevind en handel meestal oor die priesterlike geskrifte. Hierdie tema is reinheid en eenheid. Die tweede en derde tema word in die lewe en woorde van Jesus in die Nuwe Testament gevind en is onder andere gelykheid en gasvryheid. Die laaste tema wat vanuit die Bybel bespreek sal word, is die tema wat in die werke van Paulus gevind word en dit is die tema van beheer.

5.5.1. Reinheid en eenheid van die liggaam

Die Ou Testament, of soos Isherwood en ander (1998:52) daarna verwys, die Hebreeuse geskrifte, het nie net 'n negatiewe siening teenoor die liggaam gehad nie, maar ook 'n positiewe siening. 'n Bekende dualisme is die dualisme tussen liggaam en siel, waar seksualiteit aan die liggaam, wat sleg is, gekoppel word. In die Hebreeuse geskrifte was seksualiteit, wat onlosmaaklik deel van die liggaam is, gesien as 'n geskenk van God en daar was geen duidelike dualisme tussen liggaam en siel nie. Hulle het nie 'n skeiding gemaak tussen liggaam en siel nie; dit is as 'n eenheid beskou. Die afwesigheid van dualisme was egter nie 'n teken dat daar geen probleme was rakende die siening van die liggaam nie. Judaïsme het nie die dualisme tussen liggaam en siel onderhou nie, maar steeds die liggaam problematiseer. 'n Dubbelsinnige posisie teenoor die liggaam is duidelik sigbaar in die Hebreeuse Bybel (Isherwood et al., 1998:52; Eilberg-Schwartz, 1997:36). Jacobs

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

(1997:71-72) voer aan dat daar geen enkele siening van die liggaam in Judaïsme was nie en dat Judaïsme nie hoofsaaklik op die liggaam gefokus het nie. Jacobs is wel ook van mening dat die Hebreeuse geskrifte nie ’n skeiding tussen die liggaam en siel maak nie (Jacobs, 1997:71-72).

Die groot probleem wat Judaïsme met die liggaam gehad het, was reinheid. Hierdie probleem spruit uit die priesterlike tekste of die tekste wat priesterlike afkoms het, soos Levitikus of Esegiël.

> “Leviticus pays particular attention to what passes in and out of the orifices, particularly the mouth and the genitals. Certain kinds of food may not be taken into the body. Various genital emissions, such as menstrual blood, semen and other irregular discharges, create pollution” (Eilberg-Schwartz, 1997:37).”

Die priesterlike tekste handel oor reëls rakende velsiektes en liggaamlike gebrekke wat die volk moes nakom. Hierdie tekste bevat ook inligting en riglyne vir opsetlike misvorming van die liggaam wanneer die volk deur ’n rou proses gaan. Levitikus is een van hierdie priesterlike tekste omdat dit tekste bevat wat deur die priesters geskryf was. In hierdie tekste word die grense en integriteit van die liggaam bespreek (Eilberg-Schwartz, 1997:36).

In Levitikus word streng maatreëls voorgeskryf rakende seksuele dade en ook maatreëls vir die wyse waarop individue hulleself moet handhaaf in seksuele situasies. Hierdie maatreëls en regulasies wat in die priesterlike geskrifte aangetref word het die doel om die volk van God veilig en rein te hou (Eilberg-Schwartz, 1997:36; Terrien, 2004:3). Dit is dan ook vanuit hierdie geskrifte dat Judaïsme die klem na reinheid van die liggaam verskuif het, maar dit is ook op hierdie punt waar die dubbelsinnige siening teenoor die liggaam begin het.

Binne die priesterlike geskrifte vind mens dat daar baie klem op voortplanting geplaas was, maar voortplanting was grootliks gesien as die man se plig. Daarom is menstruasie- en geboortebloed as onrein beskou. Die doel van hierdie klem verskuiwing was om geboorte en voortplanting die man se verantwoordelikheid te maak en dit was ook hierdie voortplanting wat oorgedra is van pa na seun. Mans het die verantwoordelikheid gehad om die volk se toekoms te bepaal deur voort te plant. Hierdie fokus op voortplanting het egter probleme veroorsaak vir die volk, omdat

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

hulle van mening was dat hulle na die beeld van God geskep is (Eilberg-Schwartz, 1997:44).

> "On the one hand, human embodiment and sexuality are considered good; but they are good because God said so, and because they are products of God's creative activity. Yet at the same time they are the very symbols of human difference from God. That is, it is the non-sexual and non-embodied part of the human person that is made in God's image" (Eilberg-Schwartz, 1997:45).

Die gevolg van hierdie verstaan van die mens wat geskep is na die beeld van God, is dat daar spanning ontstaan tussen twee pole. Die een pool is om God te gehoorsaam en die ander pool is om soos God te wees, soos ons na God se beeld geskep is. 'n Individu wat God wil gehoorsaam moet voortplant en vrugbaar wees, maar indien 'n individu so optree is dit juis hierdie gedrag wat die gelykheid met God verwerp. Met gelykheid word daar verwys na die mens wat geskep is na die beeld van God, nie na die idee dat die mens gelyk is met God nie (Eilberg-Schwartz, 1997:49; Loughlin, 2007: 24-25).

Omdat voortplanting 'n belangrike aspek van geloof en die mens se bestaan is, het die geslag van God belangrik begin raak en die Hebreeuse Skrif stel voor dat God wel 'n liggaamlike vorm het, maar dit is altyd gedeeltelik bedek. Die meerderheid van die tekste in die Hebreeuse Bybel stel God in 'n manlike lig, en dit veroorsaak dan ook ernstige probleme vir die antieke Israeliete. Die priesters het Israel grootliks verstaan as 'n samekoms van 'n groot aantal mans en Israel word in die Hebreeuse teks soms na verwys as God se bruid. Hierdie siening kan moontlik homoërotisme aanhits en daarom was die geslag van God ook belangrik (Eilberg-Schwartz, 1997:49; Loughlin, 2007: 24-25).

Die Hebreeuse skrif wou die liggaam rein hou vir God. Die priesterlike tekste bevorder hierdie idee en dit is dan juis binne hierdie dryf om die liggaam rein te hou dat daar dubbelsinnige sieninge rakende die liggaam ontstaan het. Die siening was dubbelsinnig omdat die liggaam as goed beskou is, maar sekere wette en riglyne bepaal dat die liggaam nie goed is nie, byvoorbeeld menstruasie- en geboortebloed het die liggaam onrein en sleg gemaak (Eilberg-Schwartz, 1997:44). Judaïsme het 'n positiewe siening rondom die liggaam gehad en die liggaam en siel is altyd as 'n eenheid beskou; daar was nie 'n skeiding tussen die twee nie. Die Hebreeuse Skrif

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

het die liggaam as ’n geslote sisteem beskou wat rein gehou moes word na aanleiding van die wette wat saamgevat is in die priesterlike tekste soos Levitikus en Esegiël (Eilberg-Schwartz, 1997:49).

Die volgende twee temas word in die lewe van Jesus raakgesien en identifiseer. Ek is bewus daarvan dat daar baie meer temas teenwoordig is in die woorde en lewe van Jesus, maar ek kies gelykheid en gasvryheid omdat hierdie twee temas handel oor die gelykheid van verskillende liggame en hoe Jesus se liggaam ’n teken van gasvryheid was.

5.5.2. Gelykheid van verskillende liggame

In die tyd waarin Jesus geleef het, was die familie ’n baie belangrike struktuur van die samelewing. Die familie as ’n institusie het op so ’n wyse gewerk dat die man die meeste mag binne die verhouding gehad het. Die gevolg was dat vrouens en kinders baie min of geen mag gehad het nie en dit het veroorsaak dat daar ongelykheid tussen die familielede was (Countryman, 1998:188-189). Dit beteken dat een liggaam meer mag oor ander liggame gehad het en dit is juis hierdie ongelykheid wat Jesus wil verbreek wanneer hy oor familie as institusie praat.

Countryman (1998:188-189) verduidelik dat Jesus nie baie klem gelê het op die familie as institusie nie, maar Hy het dit ook nie verwerp nie. Die volgelinge wat naby Jesus geleef het, het Jesus se siening rakende die familie gedeel en was van mening dat ’n individu slegs vir God moet dien. Die familie kan veroorsaak dat die individu se fokus nie meer op God is nie, maar op die familie en die volgelinge het daarteen gewaak en daarom in Jesus se siening gedeel. Ten spyte van Jesus se siening rakende die familie as ’n institusie, het Jesus daarop aangedring dat die vrou nie gesien of hanteer moet word as eiendom nie, maar dat man en vrou as gelykes gesien moet word (Bassler[32], 1998:413; Countryman, 1998:188, Terrien, 2004:122).

Die fokus het nie slegs op die vrou geval nie, maar die posisie van die kind is ook verander. As gevolg van die verandering van die posisie van die vrou, was die

[32] Bassler (1998:411-419) lewer kommentaar op 1 Korintiërs en veral die rol van die vrou in hierdie brief. In hierdie brief word daar geskryf oor die huwelik en die vrou wat as eiendom gesien word, maar Paulus toon ook dat daar magsgelykheid in ’n huwelik moet wees.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

patriargale sisteem se mag oor die huishouding verwyder (Rakoczy[33], 2004:224-226). Hierdie posisie van die huis as 'n patriargale sisteem het verder verander toe die kind die fokus gemaak word van die Koninkryk van God.

> "By making the child and not the father the model for entry into the reign of God, Jesus again negated the family structures of the society and reversed the hierarchal assumptions that governed all of life" (Countryman, 1998:188).

Ten spyte van die verandering van die posisie van die vrou en kind in die samelewing, het Jesus steeds owerspel beskou as verkeerd, maar hy het nie die straf daarvan goedgekeur nie. Jesus het die betekenis van owerspel verander, dit het verander na die begeerte van wat jy nie het nie.

> "He redefined adultery, however, so that the principal form of it now came to be the divorcing of one spouse and marrying of another... At the same time that he reshaped the formal definition of adulterous acts, Jesus also redirected attention from the act itself to the intention involved in committing it. The essence of adultery was seen to lie either in the indiscriminate character of the sexual desire itself, which ignores the marital status of the desired, or else in covetousness, that is, in the intent to possess what belongs to another" (Countryman, 1998:188-189).

Jesus het die idee van seksuele gelykheid[34] onderhou, maar sy siening het die sisteem van die familie as 'n institusie ondermyn. Countryman (1998:189) is van mening dat Jesus steeds die siening van die mens as seksuele gelykes onderhou het omdat hy soveel klem gelê het op die bedoeling van die hart. Jesus se antwoorde op die Fariseërs se vrae het nie net hulle sieninge en verstaan van die huwelik omvergegooi nie, maar die fokus wat Jesus op die bedoeling van die hart

[33] Rakoczy (2004:198-254) skryf pertinent van die vrou in die kerklike bediening, maar verduidelik ook verder hoe die vrou gesien was in die Bybelse tyd en die algemene gelykheid wat daar moet wees tussen almal, soos wat Jesus getoon het ons moet leef.

[34] Countryman (1998:174-175) verduidelik die konsep van seksuele gelykheid in terme van die Jesus se reaksie op die Fariseërs se vraag oor egskeiding. Jesus antwoord die vraag deur te verwys na Genesis 1, waar dit gestel word dat die man en vrou geskep is na die beeld van God. Deur na hierdie teks te verwys stel Jesus voor dat die man en vrou met mekaar gelyk is en dat die man nie seksuele mag oor die vrou het nie. Jesus se siening was dat die man en vrou deur in 'n huwelik verbind te word, alle ongelykhede wat deur die kultuur en samelewing bepaal is, verwerp. Deur hierdie nuwe siening van die huwelik het Jesus aan die vrou ewe veel reg gegee oor die man: "...Also gave her a permanent and indissoluble claim on him as her sexual property. Henceforth, his sexual freedom was to be no greater than hers (Countryman, 1998:175).

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

geplaas het, het ook hulle sieninge bevraagteken. Die bedoeling van die hart het verhoed dat mense mekaar beroof of bedrieg. Al het Jesus min belangstelling gehad in die familie of die doel van die familie, was hy wel van mening dat seksuele toegang ’n fundamentele goeie rol speel in die skepping en dit is ook iets wat nie gesteel mag word van ander nie. Ongelukkig het seksuele toegang in hierdie tyd slegs aan mans behoort en daarom het Jesus dit herstel deur mag aan beide man en vrou te gee (Countryman, 1998:189; Terrien, 2004:125; Bassler, 1998:411-419).

> “Hence, the abolition of divorce and, with it, the collapse of intrafamily hierarchy. This situation, in turn, called for a new explanation of how a family, or any community, was to live. The old way had been for one person to enjoy the status of patriarch and demand obedience of others. Jesus’ new way was for all to assume the position of children or slaves” (Countryman, 1998:189).

Jesus het die mense geleer dat selfs God sy posisie opgegee het as die Vader van die heelal en nou verlore mense wat terugkeer na hom omhels. Jesus het grense oorgesteek deur aan onrein mense te vat, met ongetroude vrouens te praat, saam met tollenaars te kuier en kinders te omhels. Jesus het dus nuwe sosiale verhoudings voorgestel wat beteken nuwe liggaamlike verhoudings (Stuart, 1997:50).

Nelson (1978:74) is van mening dat Jesus ’n seksuele wese was en dat hy ook seksuele gevoelens gehad het. Die kerk lê nie veel klem op Jesus se seksualiteit nie, maar die afwesigheid van sy seksualiteit is nie ’n teken dat hy nie seksuele gevoelens gehad het nie. Terrien (2004:125) stel dit dat Jesus dalk nie in ’n seksuele of romantiese verhouding was nie, maar dit is steeds van belang om in ag te neem dat hy wel ’n mens was wat beteken dat hy ook ’n seksuele wese was. Dit is juis in Jesus se verhoudings met ander mense waar ons kan sien wat hy bedoel het met gelykheid tussen almal. Jesus het by die sosiale verwerpte persone, die boemelaars, melaatse persone en tollenaars geëet, en hulle met respek en gelykheid hanteer. Jesus se verhoudings was ’n beliggaming van sy voorstel vir nuwe sosiale verhoudings.

Jesus se lewe het weerspieël wat hy gesê het, om almal met gelykheid te hanteer, maar tesame met gelykheid kom gasvryheid. Individue kan mekaar nie met

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

gelykheid hanteer as daar nie gasvryheid betrokke is nie. Isherwood en Stuart (1998:58) argumenteer dat Jesus ook ’n toonbeeld van gasvryheid was.

5.5.3. Gasvryheid

Isherwood en Stuart (1998:58) stel voor dat Jesus se liggaam in die Evangelies ook beskou kan word as ’n diepgaande en ondermynende terrein van gasvryheid. In die tyd van die Evangelies is gasvryheid beskou as die taak om die vreemdeling ’n vriend te maak en Jesus vervul hierdie rol regdeur die Evangelies. Jesus se liggaam word beskou as kwesbaar omdat dit ’n vreemdeling in ’n wêreld was waar vreemdeling sinoniem is met verwerping. Jesus se kwesbaarheid en status as vreemdeling het ‘n klimaks bereik met die verwerping deur sy dissipels wat eindig met die kruisiging.

> “Jesus incarnated his ministry outside of, and therefore against, the social system which created ‘strangers’, by becoming a stranger himself” (Isherwood et al., 1998:60).

Jesus se liggaam was die vreemdeling waardeur hy die sosiale sisteem verander het deur altyd in die posisie van vreemdeling te wees. As gevolg van die posisie wat hy ingeneem het, was hy altyd in die posisie van dankbaarheid en was hy altyd sonder mag. Jesus het deur sy gedrag en posisie duidelik gemaak dat die sosiale strukture vervang moet word met die koninkryk van God (Isherwood et al., 1998:60-61).

Gasvryheid was ’n belangrike element van die sosiale omgewing waarin Jesus geleef het, en dit is ook in Jesus se gebruik van sy liggaam waar ons iets kan raaksien van sy gasvryheid om ’n verandering in die samelewing te maak. Die liggaam is as ’n instrument gesien om gasvryheid aan ander te betoon. Rakoczy (2004:216-218) verduidelik dat hierdie tipe gasvryheid dit moontlik kan maak vir gelykheid tussen persone en dat daar niks anders belangriker is as om gasvry te wees teenoor mekaar nie. Louw (2008:353-356) se verduideliking van seksualiteit stel voor dat gasvryheid ook belangrik in Jesus se lewe was en dat dit juis deur Jesus se lewe is waar ons sien hoe gasvryheid ’n middel tot die verandering van die samelewing lei. Soos die liggaam as ’n instrument om gasvryheid te betoon gesien is was dit ook beskou as iets wat onder beheer gehou moes word. Beheer van die liggaam is ’n tema wat raak gesien kan word in die werke van Paulus. Paulus word grootliks beskuldig vir sy negatiewe siening rakende die liggaam, maar die meeste van hierdie

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

negatiewe perspektiewe teenoor Paulus is afkomstig van die lae siening wat die Christelike tradisie gehad het rakende die liggaam (Punt, 2005:370).

5.5.4. Beheer van die liggaam

Paulus beskou die liggaam as 'n belangrike deel van die mens en dit is ook die liggaam wat 'n sentrale rol speel in Paulus se denke rakende sy teologie. Die liggaam was vir Paulus 'n belangrike element om Christus, sowel as die geloofsgemeenskap te verstaan (Punt, 2010:91). Die liggaam was nie vir Paulus 'n belangrike aspek wat aangespreek moes word nie, maar dit het nie net gegaan oor die kennis van die liggaam nie, maar ook die leef met die liggaam (Punt, 2010:91). Paulus het die liggaam soos volg gesien:

> "...people did not *have* bodies, they did not live *in* bodies, but they existed as bodies, in a *bodily* way" (Punt, 2010:91).

Paulus se siening rakende die liggaam word soms beskou as dualisties, maar Paulus het nie 'n liggaam-siel dualisme geskep nie (Punt, 2005:373). Soos reeds genoem, speel die liggaam 'n belangrike rol in Paulus se teologie, maar dit is belangrik om in gedagte te hou dat Paulus wel beïnvloed is deur sy sosiale omgewing (Malina & Neyrey[35], 1996:154-201). Sy teologie is binne die Joodse konteks wat deur Hellenistiese denke beïnvloed is gevorm. Verder het die patriargale sisteem wat in die eerste eeu geheers het ook 'n bepaalde rol op Paulus se teologie gehad (Punt, 2005:364-365; Malina et al., 1996:154-201). Paulus se fokus op die liggaam in sy teologie het veroorsaak dat hy afwyk van die tradisionele sieninge van sy tyd, byvoorbeeld om voor te stel dat beide mans en vrouens selibaat bly eerder as om voort te plant. Ten spyte van hierdie teenkanting van die tradisionele sieninge bevorder Paulus weer gender hiërargie wanneer hy verwys na die afkeer van onnatuurlike seksuele dade. Hiermee verwys hy na seksuele dade tussen twee mans, want vir Paulus was natuurlike seksuele omgang vaginale omgang tussen 'n man en 'n vrou (Isherwood et al., 1998:64; Vorster, 1997:400). Paulus beweeg dus die heeltyd tussen die radikale en konserwatiewe siening rakende die liggaam.

Paulus het nie 'n dualisme van die liggaam onderhou nie, maar was wel van mening dat die liggaam beheer moet word om die samelewing in orde te hou (Vorster,

[35] Malina en Neyrey (1996:154-201) skets 'n goeie agtergrond van Paulus se samelewing en ook van sy karakter.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

1997:398-399). Hy het veral aangevoer dat die liggame van die vrou beheer moes word, maar hierdie beheer het verder gestrek as slegs die fisiese liggaam van die vrou. Paulus was van mening dat die beheer van die liggaam ook so ver moet strek as die liggaam van Christus. Die liggaam het daarom ook ŉ belangrike rol gespeel in die proses van transformasie, want die liggaam is swak en vol sonde. Al is die liggaam swak en sondig, is dit steeds ŉ tempel van God en ŉ teken van God se heerlikheid en moet dit daarom verlos word (Punt, 2005:373-374).

> "...therefore redemption was not *from* the body but *of* the body" (Punt, 2005:379).

Op hierdie wyse is die laaste transformasie van die menslike liggaam die opstanding en verlossing. Die liggaam van Christus word dus die middelpunt van die transformasie. Isherwood en ander (1998:63) stel dit dat beliggaming vir Paulus die essensie van mens wees is en die liggaam daarom op ŉ intieme wyse betrokke is by die proses van verlossing en konstante transformasie ervaar.

In hierdie kort en beperkte bespreking van vier temas word daar ŉ beeld geskep van hoe die liggaam in die Bybel beskou is. Die liggaam is beskou as iets wat rein gehou moet word en waar die siel en liggaam nie geskei word van mekaar nie, maar as ŉ eenheid gesien word. Die liggaam is verder beskou as iets wat nie ongelykheid tussen individue moet veroorsaak nie, maar waar die liggame van die vrou en kind gelyk gesien moet word met dié van die man. Verder word die liggaam beskou as ŉ instrument om gasvryheid te betoon aan die vreemdeling. Hierdie gasvryheid word uitgebeeld in die wyse waarop Jesus sy liggaam gebruik het as vreemdeling om ander te red. Die laaste tema wat bespreek was vanuit die Bybel is die beheer oor die liggaam. Paulus was van mening dat die liggaam beheer moet word, maar dat dit ook dieselfde liggaam is waardeur transformasie plaasvind.

Hierdie bespreking het slegs ŉ paar temas vanuit die Bybel bespreek as ŉ poging om te verstaan hoe die liggaam op verskillende wyses verstaan is in die Bybelse tekste (Skrif). Dit is nou van belang om te kyk na vier bronne wat help om teologies na te dink oor die liggaam en seksualiteit.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

5.6. Vier bronne om teologies oor die liggaam en seksualiteit na te dink

Soos reeds genoem, is seksualiteit ’n ingewikkelde term om te verduidelik, omdat dit nie so eenvoudig is om definitiewe lyne te trek en spesifiek te definieer wat daarmee bedoel word nie. Dit is juis daarom dat daar bronne is wat gebruik kan word om te ontleed wat daar met seksualiteit bedoel word.

Thatcher (2011:33) se vraag: hoe dink ons teologies oor seks en geslag? toon aan dat daar gedink moet word oor seks en ook seksualiteit en daarvoor is daar bronne nodig. Anders gestel, seksualiteit bly ’n vraagteken en mense benodig hulp om dit te verstaan. Thatcher (2011:33) is van mening dat wanneer dit gestel word dat daar nagedink moet word oor seks en geslag verwys dit na die verantwoordelikheid wat ons teenoor mekaar en teenoor ons seksuele vriend het.

> “Philosophical discussions of sexual ethics usually have theories about what is right, or what we ought to do, and these are applied to the possible range of sexual behaviour and practice... Insofar as theology is a discipline of thinking done by believers for believers, it will consult some sources that would normally be avoided in philosophical or secular discussions. These sources are crucial for religious understanding” (Thatcher, 2011:33).

Dit is van belang om eers te verstaan watter bronne gebruik word wanneer daar oor seksualiteit gedink word. Hierdie bronne is die Skrif, Tradisie, redevoering en ervaring. Die Rooms Katolieke kerk is van mening dat daar slegs twee maniere is om kennis oor te dra, en dit is deur die Heilige Skrif en deur die Heilige tradisie. Die Heilige Skrif is die Woord van God wat onder leiding van die Heilige Gees geskryf is en die Heilige tradisie word beskou as die oordra van die Woord van God deur die apostels deur middel van Christus die Here en die Heilige Gees. Die Rooms Katolieke kerk is verder van mening dat die Skrif en die tradisie slegs geïnterpreteer kan word deur die Magisterium (Thatcher, 2011:34, Nelson, 1992:41, Isherwood et al., 1998:52-53).

> “The task of giving an authentic interpretation of the Word of God ... has been entrusted to the living teaching office of the Church alone. Its authority in this matter is exercised in the name of Jesus Christ” (Catechism of the Catholic Church, 1994, para. 85 in Thatcher, 2011:34).

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Die Anglikane het ook die Skrif en tradisie as bronne geïdentifiseer, maar voeg redevoering by. Die Anglikaanse kerk is van mening dat daar vasgestelde opinies rakende menslike seksualiteit is en dat God se bedoeling vir menslike seksuele aktiwiteite hoofsaaklik bekend gemaak is in die Heilige Skrif. Hulle voer egter ook aan dat dit moeilik is om vandag Bybelse tekste te interpreteer en daarom het hulle tradisie en redevoering bygevoeg as bronne tot die nadenke van menslike seksualiteit (Thatcher, 2011:34; Cheng, 2011:11).

Die Anglikaanse kerk het erken dat tradisie verskillende betekenisse kan hê en het verduidelik dat tradisie die Anglikaanse tradisie, die belydenisskrifte van die Kerk, of selfs die wyse waarop die Heilige Gees lig werp om die mens se verhouding met God in Christus kan wees. Die Episkopaalse Kerk het vier verskillende definisies van tradisie gegee; die inligting wat oorgedra is van die kerk na die profete en apostels rakende die geloof in God, en ook die verlossings werk wat deur Christus gedoen was. Die tweede definisie het tradisie verduidelik as die leringe wat deur die kerkraad en belydenisskrifte oorgedra word en die derde definisie van tradisie was dat tradisie ’n addisionele vorm van leringe is, tesame met die Skrif. Die laaste definisie het tradisie die posisie van mediator gegee wat erkenning gee aan die outoriteit van die tradisies van die Kerk, so lank as wat hierdie tradisie van die Kerk nie afbreuk aan die Woord van God maak nie en dit goedgekeur word deur die algemene outoriteit van die kerk (Thatcher, 2011:35; Cheng, 2011:14).

Die gevolgtrekking rakende die outoriteit van die Skrif en tradisie is soos volg:

> “Scripture is more authoritative than Tradition. Tradition is dynamic, and Christians ‘need to test tradition against the Scriptures themselves and against the moral convictions of contemporary society, and remember that even the most venerable traditions can be wrong or inappropriate for today’” (Thatcher, 2011:35).

Redevoering was bygevoeg, maar het ook verskillende betekenisse. Die eerste verwys na die mens se vermoë om rasionele denke te vorm en die tweede verwys na die universele bewustheid van God, ten spyte daarvan of die individu in God glo of nie (Thatcher, 2011:35; Cheng, 2011:16-17). Die Metodiste was nie tevrede met hierdie drie bronne, naamlik Skrif, Tradisie en redevoering allen nie, en daarom het

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

hulle ’n vierde bron bygevoeg. Die ervaring van die individu word gevolglik ook as ’n belangrik bron vir teologie beskou (Cheng, 2011:18).

> “Every moment of our waking lives is an experience of something... The experience here is one of personal transformation, which in turn may lead to a reordering of personal life, its goals and priorities” (Thatcher, 2011:35).

Thatcher (2011:50) stel voor dat wanneer hierdie bronne gebruik word, daar twee beginsels in gedagte gehou moet word. Die eerste is om die Bybel te hanteer as ’n getuienis van God se openbaring deur Christus en nie as ’n handboek vir die mens om morele riglyne te kry rakende seksuele kwessies nie (Thatcher, 1993:26-28). Die tweede prinsiep wat Thatcher (2011:52) aanbeveel is om te fokus op die ontwikkeling van die tradisie, sowel as die herhalings wat plaasvind.

> “The faith rediscovers itself in the debate with tradition and this debate ought to be less an appeal to, or an authoritative repitition of tradition, but rahter a reworking of tradition in the context of contemporary questions and problems” (Turner, in Thatcher, 2011:52).

Hierdie bronne is metodes wat gebruik kan word om anders te dink rakende seksualiteit, maar dit is ook bronne wat verkeerdelike gebruik kan word.

> “The best way of writing and thinking in a distinctively Christian way is to let oneself be immersed in the Christian doctrines of the Incarnation and the Trinity, and the practices of love which can be shown to flow from these” (Thatcher, 2011:53).

Christelike seksuele teologie kan en moet Bybels wees; dit beteken dat dit moet deel in die visie en ervaring van God se liefde, wat bekend gemaak is deur Jesus. Die rol van die Skrif, tradisie, rede en ervaring is om te getuig van die liefde van God (Thatcher, 1993:28). Na die bogenoemde besprekings van die ontstaan van liggaamsteologie, die belangrikheid van die liggaam, vier temas wat die verbintenis duideliker maak, Bybelse temas en bronne om teologies na te dink oor die liggaam en seksualiteit, is dit ook van belang om te kyk na die noodsaaklikheid van ’n inklusiewe verstaan van seksualiteit.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

5.7. Die noodsaaklikheid van ’n inklusiewe verstaan van seksualiteit

Soos in die vorige hoofstukke bespreek, is dit duidelik dat die verstaan van seksualiteit verander het. Die samelewing se verstaan van seksualiteit het ook verander van ’n pessimistiese siening wat seksualiteit beskou het as ’n middel tot ’n doel, na ’n siening van seksualiteit wat verby die grense van ’n huwelik en gender beweeg (Louw, 2008:352).

Giddens (1992:20) verduidelik dat seksualiteit los gebreek het van vasgestelde sosiale verwagtinge en rolle wat gestel het dat voortplanting die hoofdoel van ’n huwelik of seksuele interaksie is. Die verstaan van seksualiteit het verander na die opvatting dat dit vry is om te verander en verwoord te word soos elke individu dit verstaan en soek. Seksualiteit is verstaan en ontwerp vir maksimum vryheid en minimum vereistes of beperkinge. Hierdie tipe verstaan van seksualiteit staan bekend as ‘plastiese seksualiteit’ (Giddens, 1992:20). Hierdie beweging en verandering in die verstaan van seksualiteit het veroorsaak dat die instelling van die huwelik nie meer beskou word as die enigste ruimte waar seksuele interaksie en seksuele eksperiment mag plaasvind nie. Die gevolg is dat die status van die huwelik verminder het en seksuele interaksie of seksuele uitlewing ’n persoonlike keuse en individualistiese saak geraak het. Seksualiteit het beweeg van ’n interpersoonlike ervaring na ’n individualistiese gebeurtenis wat bepaal word deur die individu se eie behoeftes, begeertes en voorkeure (Seidman, 1992:5-6; Thatcher, 1999:51). Hierdie tipe verstaan van seksualiteit, dat dit verbind word aan persoonlike gesondheid, geluk, selfvervulling en sosiale vooruitgang, word verwoord as ’n liberale seksualiteit (Seidman, 1992:5-6). Die teenoorstaande verstaan van seksualiteit is die geromantiseerde verstaan van seksualiteit. Hierdie siening bevestig die sensualiteit, aangename en ekspressiewe aspekte van seksualiteit, terwyl die beperking en gevare ook bevestig word. Die liberale en romantiese verstaan van seksualiteit staan teenoor mekaar en het tot gevolg dat ’n ander verstaan van seksualiteit ontwikkel moet word, aangesien hierdie twee verskillende perspektiewe veroorsaak dat daar gevra moet word: wat is ’n seksuele etiek van liefde en hoe sluit dit aan by die persoonlike, erotiese en liggaamlike uitdrukking van die mens se seksualiteit?

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Louw (2008:353) is van mening dat seksualiteit onlosmaaklik deel is van die mens en dat dit ’n middel is waardeur intimiteit uitgedruk word. Seksualiteit is ’n spirituele kwessie, omdat dit die mens se binnewerke van die siel ten toon stel.

> “It is a deeply felt impulse that drives one individual close to another, in a desire to create something that is greater than either of them can embody alone” (Louw, 2008:353).

Dit is juis binne hierdie beweging en interaksie met mekaar waar daar ’n grens oorgesteek word en waar ’n persoon besef dat jy meer as die self is, dat jy deel vorm van ’n ander.

> “In this intimate arena, where I am suddenly more than just myself, a qualitatively new depth of being is attained – and it is this new level of being that is sexuality’s deepest and most beautiful purpose” (Knox-Seith, 2005:25).

Louw (2008:353) verduidelik seksualiteit dan ook soos volg:

> “Human sexuality is a deep seated human drive geared towards personal and existential need satisfaction as an expression of human and gender identity. It also represents the will to communion (the sensuous, erotic power to human fulfilment in bodily communion), and the quest for intimacy (developing intimacy with a partner is a lifelong process oscillating between the reality of fulfilment and disappointment) expressed by sexual love” (Louw, 2008:353).

Dit is juis oor die bogenoemde verstaan en toevoeging van liefde tot seksualiteit dat etiek na vore kom. Seksualiteit word deur hierdie verbintenis met liefde ’n etiese vraag en Nelson (1990:157) verduidelik dat seksuele liefde verskillende aspekte het. Seksuele liefde is self-bevryding en die uitdrukking van ’n mens se self-bevestiging en begeerte om te groei. Dit is ook ’n liggaamlike ervaring omdat dit die beliggaming van seksuele liefde is (Louw, 2008:354).

Verder sluit seksuele liefde ’n wederkerigheid in en daarom is dit verrykend en bemagtigend vir die ander. Hierdie tipe seksuele liefde toon ’n opregte besorgdheid vir die welstand en groei van die ander in die verhouding. In hierdie geval is seks 'n soektog na die voltooiing van die menslike persoon deur 'n intieme persoonlike vereniging van die liefde wat deur die liggaamlike eenheid uitgedruk word (Ashley &

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

O'Rourke, 1989:200). Seksuele liefde moet eerlik wees en vertroue weerspieël, sowel as om 'n toonbeeld van toewyding aan en betrokkenheid by die ander persoon te wees (Louw, 2008:354).

> "Christian sexual ethics affirms marriage as a covenant of love, always in process. It is centred in fidelity: the bonding trust, honesty, mutual care and primary commitment" (Nelson, 1990:157).

Seksuele liefde spreek ook van verantwoordelikheid, wat sosiale verantwoordelikheid insluit. Hierdie tipe liefde moet op 'n verantwoordelike wyse ten toon gestel word, sodat dit 'n positiewe uitwerking op die samelewing het en ook sensitief is vir die kulturele waardes. Laastens word seksuele liefde beskou as iets wat gerig moet wees op vervulling en genesing van die lewe om vervreemding, verwerping en isolasie te voorkom, want seksualiteit kan verwronge raak, soos Louw (2008:353) verduidelik:

> "Human sexuality becomes dysfunctional when it becomes a defence against loneliness and the fear of rejection. It runs the risk of becoming 'sick' when it becomes a means to an end, i.e. to maintain power (abuse of power), to control and to get reassurance of identity, to prove oneself in order to hide the fear of failure (performance achievement), or as an instrument for selfish self-affirmation (sexual narcissism; narcissistic self-investment) and a manipulated self-esteem (to overcome feelings of inferiority)" (Louw, 2008:353).

Daarom behels 'n inklusiewe verstaan van seksualiteit ook 'n gesonde seksualiteit, wat beteken dat dit die soeke na erotiese plesier in die konteks van sagtheid en liefde is (Kennedy, 1980:16). 'n Gesonde seksualiteit gee en ontvang plesier, is konstruktief of opbouend en neem die ander se andersheid in ag. Verder trek gesonde seksualiteit die verband tussen erotiese spanning en die konteks van liefde (Louw, 2008:355).

'n Inklusiewe verstaan van seksualiteit behels dus nie net 'n insluiting van verskillende seksualiteit (homoseksueel, heteroseksuele, transseksueel, ens.) nie, maar van 'n verantwoordelike omgang met die uitleef van seksualiteit. Dit behels dat seksualiteit op so 'n wyse uitgeleef moet word dat dit 'n vreugdevolle ervaring is, dat dit op liefde gesentreer is en dat seksuele etiek onlosmaaklik deel is van versoening

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

en geregtigheid (bemagtiging van beide partye en nie dominansie en uitbuiting nie) (Louw, 2008:355-356). ‘n Inklusiewe seksualiteit moet ingesluit word by die verbeelding van konstruktiewe fantasieë en skepping, maar inklusiewe seksualiteit is ook spiritueel en bewus van die menslike soeke na betekenis en waardigheid (Louw, 2008:355-356).

> “It is the most personal, intimate, and sacramental outward expression of the inner physical and spiritual love which God has given. Sexual intercourse within Christian marriage is the highest symbolic act which our mortal bodies are capable of performing, and as such represents worship and thanksgiving to the God of love who created us” (Hyder, in Vayhinger, 1990:1149).

’n Inklusiewe seksualiteit vereis daarom dat seksualiteit op ’n verantwoordelike wyse uitgebeeld word, wat gebaseer is op respek, liefde, geregtigheid en vreugde. Liggaamsteologie is daarom ’n effektiewe teologiese lens, omdat dit nie net die liggaam se ervaring van die lewe belangrik ag nie, maar ook spreek van respek, liefde, geregtigheid en vreugde.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

5.7. Gevolgtrekking

Die doel van hierdie hoofstuk was om liggaamsteologie op so ’n wyse te bespreek dat ’n inklusiewe verstaan van seksualiteit ontwikkel word. Die hoofstuk het begin met ’n bespreking van die ontstaan van liggaamsteologie. Liggaamsteologie word beskou as ’n nuwe veld in teologiese studie en het ontstaan vanuit drie verskillende bewegings, nl. filosofiese denkprosesse, bevrydingsteologie en feministiese teologie. Kortliks is liggaamsteologie ’n teologiese lens wat die fokus plaas op die ervaring van die liggaam deur die inkarnasie van God in Jesus Christus.

Die belangrikheid van die liggaam is uitgebeeld in hierdie hoofstuk om klem te lê op die realiteit dat die liggaam die enigste middel is waardeur die lewe ervaar kan word. Dit is ook die rede waarom daar weg beweeg moet word van ’n dualistiese siening van die liggaam na ’n inklusiewe verstaan van die liggaam. Verder word Bybelse temas, nl. reinheid en eenheid van die liggaam; gelykheid van die liggaam; gasvryheid en beheer van die liggaam in die hoofstuk uitgelig om ’n begrip te ontwikkel van hoe die liggaam in die Skrif verstaan en uitgebeeld is. Hierdie kort bespreking van die Bybelse temas gee die idee waarom daar ’n teologie van die liggaam gevorm kan word.

Die bespreking van Bybelse temas word opgevolg met ’n kort bespreking van vier bronne om teologies oor die liggaam en seksualiteit na te dink. Hierdie vier bronne is onder andere: Skrif, Tradisie, redevoering en ervaring, bronne wat nie afsonderlik gebruik kan word nie. Indien dit apart gebruik sou word, kan dit lei tot ’n beperkte verstaan van seksualiteit en die liggaam. Die rol van die Skrif, tradisie, rede en ervaring is om te getuig van die liefde van God. Liggaamsteologie se middelpunt is die inkarnasie van God deur Jesus, wat die fokus op die ervaring van die mens se liggaam plaas. Deel van die ervarings wat die mens ervaar is seksuele gevoelens en omdat liggaamsteologie poog om dualismes van liggaam en siel te breek, verander seksuele ervarings en gevoelens van sleg na goed. Die ervaring van die liggaam word binne die Christelike teologie geplaas en vandaar word God ervaar, want die mens kan nie anders as om die lewe deur die liggaam te ervaar nie.

Die hoofstuk sluit af met ’n bespreking oor die noodsaaklikheid vir ’n inklusiewe verstaan van seksualiteit. Dit word gestel dat ’n inklusiewe verstaan van seksualiteit

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

nie net daaroor gaan dat alle seksualiteit (homoseksueel, heteroseksueel, transseksueel, ens.) ingesluit en aanvaar moet word nie, maar dat die uitleef van seksualiteit op ’n verantwoordelike wyse moet plaasvind. ’n Inklusiewe seksualiteit toon respek, liefde, geregtigheid en vreugde.

Ek is van mening dat liggaamsteologie as teologiese lens geleentheid bied om inklusief te dink oor seksualiteit, om nie dualismes te handhaaf wat heteroseksueel as goed en homoseksueel as sleg bestempel nie, maar wat die totaliteit van menslike seksualiteit as goed bestempel.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Hoofstuk 6

Gevolgtrekkings en aanbevelings

6.1. Inleiding

In hierdie hoofstuk word gevolgtrekkings en aanbevelings gemaak in die lig van die doelstellings van hierdie studie wat in hoofstuk 1 gestel is. Met die gevolgtrekkings en aanbevelings sal daar kortliks weer verwys word na die onderskeie hoofstukke wat die doelstellings aanspreek, waarna daar gevolgtrekkings en aanbevelings gegee sal word. Die aanbevelings is gemik op jeugwerkers en gemeenteleiers wat met adolessente werk. Verder fokus die aanbevelings op die gebruik van liggaamsteologie om ’n inklusiewe verstaan van seksualiteit te bevorder tydens adolessensie. Die navorsingsvraag van hierdie studie is soos volg: watter bydrae kan liggaamsteologie maak tot die bevordering van ’n inklusiewe verstaan van seksualiteit tydens adolessensie?

6.2. Doelstellings

Die doelstellings wat hierdie studie rig is as volg:

- ’n Historiese oorsig van die verstaan van seksualiteit (Hoofstuk 2).
- ’n Historiese oorsig van die verstaan van die liggaam (Hoofstuk 3).
- Die sentrale rol van seksuele ontwikkeling tydens adolessensie sal ondersoek word (Hoofstuk 4).
- Bespreking van liggaamsteologie ten einde aan te dui hoe dit kan lei tot ’n inklusiewe verstaan van seksualiteit (Hoofstuk 5).
- Om die waarde van ’n inklusiewe verstaan van seksualiteit vir die ontwikkeling van seksualiteit tydens adolessensie aan te toon (Hoofstuk 6).

6.3. Gevolgtrekkings en aanbevelings

Hoofstuk 2 het die volgende doelstelling aangespreek:

- ’n Historiese oorsig van die verstaan van seksualiteit.

6.3.1. Gevolgtrekkings

Die volgende gevolgtrekkings kan gemaak word:

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

- Seksualiteit is ’n komplekse term om te definieer omdat dit ’n relatiewe nuwe woord is wat eers in die 1860’s gebruik is. Deur die kort historiese oorsig in die hoofstuk het dit duidelik geword dat die verstaan van seksualiteit ’n lang geskiedenis het.
- Die eerste verduideliking van seksualiteit, soos dit gebruik was in die 1860’s, was ’n eenvoudige term om te verduidelik, nl. dat individue hulle geslag op ’n bepaalde wyse uitleef. Soos wat wetenskap meer ontwikkel het en ontdekkings gemaak is oor die voortplantingsproses en die menslike liggaam se anatomie, het die verduideliking van seksualiteit ook meer kompleks geraak. Die ontdekking van hermafrodiete (beide geslagsorgane is teenwoordig) het bygedra tot die kompleksiteit van seksualiteit, omdat hermafrodiete nie in een spesifieke geslagskategorie pas nie. Dit het ook bygedra tot die uitbreiding van die verstaan van seksualiteit en die twee-geslag model.
- Seksuele verhoudings het anders gewerk deur die verskillende tydperke en die definisie van hierdie seksuele verhoudings het verander soos die tydperke verander het. Seksuele verhoudings is gevier en redelik sonder beperkinge, maar dit het verander sodat vaste verhoudings (huwelike) die erkende vorme van seksuele verhoudings geword het. Ek is van mening dat die definisie van ’n seksuele verhouding herhaaldelik beweeg het tussen die verstaan van vaste seksuele verhoudings met beperkinge en oop seksuele verhoudings sonder beperkinge.
- Die siening van seksualiteit, gender en geslag is baie broos en het al ‘n aantal kere verander deur die verskillende tydperke. Die moderne siening (seksualiteit is die fundamentele komponent van die persoonlikheid waardeur die mens sy/haar verbintenis met die self, ander, die wêreld en met God kan ervaar) kan dus ook verander.
- Gender is nie verbind aan die geslag van die persoon nie, maar is iets wat deur die samelewing gevorm word. Gender en geslag word beskou as sosiale konstrukte, maar dit bepaal hoe die individu sy/haar seksualiteit uitleef. Daarom is dit belangrik om te verstaan dat die sosiale konstrukte van gender en geslag nie onveranderd mag bly nie, want die medici en akademici toon aan dat die twee-geslag model nie meer die aanvaarbare

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

model kan wees nie. Dit beteken dat die samelewing nie meer gender en geslag kan gebruik om orde te probeer skep en mense in bepaalde genderrolle te plaas nie. Die effek hiervan is dat orde anders gaan begin lyk; die samelewing sal moet gewoond daaraan raak dat individue hulle seksualiteit kan uitleef en dat dit moontlik nie inpas by die bestaande verstaan van man en vrou nie. Dit kan beteken dat mans kinders oppas en take verrig wat voorheen as “vroulike take” beskou was. Vrouens kan begin om die broodwinners te wees en meer “manlike take” te verrig. Die gevolg is dat die orde van die samelewing, wat bepaal het dat vrouens by die huis bly en kinders groot maak, kan verander sodat vrouens werk en mans kinders groot maak. Die gevolg is dat hierdie benadering bepaal dat individue nie vas gevang moet word in die voorgestelde rolle as gevolg van hulle gender nie, maar toegelaat word om die rolle te vervul waarin hulle gemaklik voel.

6.3.2. Aanbevelings

- Jeugwerkers en gemeenteleiers moet kennis dra van die komplekse ontwikkeling van die verstaan van seksualiteit, omdat hierdie komplekse ontwikkeling ook ’n bepaalde effek op die individue se verstaan van seksualiteit het.
- Jeugwerkers en gemeenteleiers moet hierdie ontwikkeling van seksualiteit in gedagte hou wanneer hulle self oor seksualiteit praat en ondersoek instel tot watter mate hulle vasgevang is binne een van hierdie tydperke se verstaan van seksualiteit. Indien persone vasgevang is in bv. Die Victoriaanse Era se verstaan van seksualiteit, waar daar nie veel oor seksualiteit gepraat was nie, kan daar nie op ’n gesonde en openlike wyse oor seksualiteit gepraat word nie. Dit kan veroorsaak dat die kerk steeds as ontoereikend beskou word om oor sake van seksualiteit te praat.
- Die historiese agtergrond kan vir Jeugwerkers en gemeenteleiers ’n hulpmiddel wees om te evalueer in watter tydperk (kategorie) se verstaan van seksualiteit hom/haarself bevind. Verder kan hierdie historiese oorsig van seksualiteit behulpsaam wees in die proses om ’n nuwe verstaan van seksualiteit te ontwikkel en ook sensitief te wees vir verskillende

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

verstaansraamwerke rakende die verstaan van seksualiteit wat ouers van die adolessente het.

In Hoofstuk 3 is die volgende doelstelling aangespreek:

- ’n Historiese oorsig van die verstaan van die liggaam.

6.3.3. Gevolgtrekkings

- Hierdie historiese oorsig van die liggaam toon dat daar dualismes gevorm het oor die liggaam en dat die liggaam op verskillende wyses verstaan is, soos ook seksualiteit op verskillende wyses verstaan is.
- Die kerk is gekenmerk deur ’n teenstrydige onopgeloste spanning oor die liggaam en dit kom voor of die liggaam ’n herhaaldelik as ’n probleem gesien was.
- Dualismes het deur die eeue ontstaan, soos mense probeer het om sin te maak van gebeure, maar hierdie dualismes het ’n groot rol gespeel op die samelewing se verstaan van die liggaam. Die dualismes het ingebed geraak in die verhoudings van mense en die prominentste dualismes is liggaam en siel, rede en passie, wil en begeerte, gees en vlees, kultuur en natuur, en publiek en privaat.
- Die dualismes word grootliks ondersteun en onderhou deur die dualisme van die liggaam en siel. Daarom word daar verkies dat die persoon as ’n holistiese (geïntegreerde eenheid van liggaam en siel) wese beskou word.

6.3.4. Aanbevelings

- Jeugwerkers en gemeenteleiers moet kennis dra van die verskillende opinies wat daar was oor die liggaam, omdat dit ook ’n bepaalde effek op die individue se verstaan van die liggaam het.
- Verder moet jeugwerkers en gemeenteleiers aandag gee aan die dualismes wat in hierdie hoofstuk bespreek is en noukeurig oplet (omdat hierdie dualismes so ingebed is in die kultuur) na die taal en beelde wat gebruik word in dienste en aanbiedinge, sodat hierdie dualismes nie verder versterk word.
- Die historiese agtergrond moet vir Jeugwerkers en gemeenteleiers ’n hulpmiddel wees om die liggaam op ’n nuwe wyse te sien en te verstaan,

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

maar ook om dualismes te identifiseer en gevestig te wees op die onwillekeurige en willekeurige onderhouding van dualismes wat skadelik is vir die bevordering van 'n inklusiewe verstaan van seksualiteit.

Hoofstuk 4 het die volgende doelstelling aangespreek:

- Die sentrale rol van seksuele ontwikkeling tydens adolessensie sal ondersoek word.

6.3.5. Gevolgtrekkings

- Adolessensie is die tydperk wanneer daar verskillende ontwikkelingsprosesse plaasvind soos fisiese, hoofsaaklik seksuele ontwikkeling, morele en kognitiewe ontwikkeling.
- Die fisiese ontwikkeling wat plaasvind tydens adolessensie is verantwoordelik vir die seksuele ontwikkeling wat die liggaam op so 'n wyse verander dat dit gereed is vir seksuele omgang en voortplanting.
- Die fisiese ontwikkeling, met ander woorde die seksuele ontwikkeling, het 'n groot invloed op die verdere ontwikkeling van die adolessent, omdat al die ontwikkeling in die adolessent se liggaam gelyktydig plaasvind.
- Adolessente is deel van 'n samelewing waarin daar sekere verwagtinge, sowel as sisteme is, waarvan hulle deel vorm. Hierdie sisteme en verwagtinge skep die konteks waarin adolessente hulle puberteit ervaar en het 'n uitwerking op die adolessent se ontwikkeling.
- Seksuele ontwikkeling het 'n invloed op die kognitiewe ontwikkeling, wat weer die fondasie bied vir die morele ontwikkeling. Beide hierdie ontwikkelingsprosesse veroorsaak die ontwikkeling van 'n persoonlike waardestelsel wat die seksuele gedrag van die adolessent bepaal.
- Die kerk se invloed op die adolessent se ontwikkeling van 'n persoonlike waardestelsel, veral wat seksuele gedrag aanbetref, is nie meer sigbaar nie. Die kerk word beskou as 'n nuttelose bron rakende seksuele ontwikkeling omdat dit 'n groot rol gespeel het in die stilte oor en onderdrukking van seks en gesprekke oor seks.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

6.3.6. Aanbevelings

- Jeugwerkers en gemeenteleiers moet kennis neem van die verskillende ontwikkelingsprosesse wat adolessente ervaar en ook op let na hoe hierdie proses in mekaar geweef is.
- Seksuele ontwikkeling is die sigbaarste ontwikkeling wat plaasvind, maar dit is ook van belang om kennis te dra van die verhouding wat daar is tussen kognitiewe en morele ontwikkeling en dat hierdie twee ontwikkelingsprosesse die persoonlike waardestelsel bepaal waarvolgens adolessente hulle seksuele gedrag toon.
- Verder word dit aanbeveel dat Jeugwerkers en gemeenteleiers gesprekke voer rakende seksuele ontwikkeling en die ontwikkeling van ’n persoonlike waardestelsel, met inagneming van die vorige aanbevelings (veral omdat seksuele ontwikkelings plaasvind voordat die vermoë om die situasie te evalueer ontwikkel het). Die kerk moet weer ’n bron word vir adolessente om na te draai wanneer hulle vrae het oor seksuele gedrag en persoonlike waardestelsels. Die kerk kan gespreksgroepe hou wat seksuele gedrag en persoonlike waardestelsels as tema het en materiaal beskikbaar stel wat oor hierdie temas handel.
- Ouers speel ‘n belangrike rol in die adolessente se ontwikkeling en as gevolg van die aard van die studie was die ouers se rol nie spesifiek bespreek nie. Ek beveel aan dat daar verder studie gedoen word oor die rol wat ouers het op adolessente se seksuele ontwikkeling en uitleef van hul seksualiteit.

In hoofstuk 5 is die volgende doelstelling aangespreek:

- Bespreking van liggaamsteologie ten einde aan te dui hoe dit kan lei tot ’n inklusiewe verstaan van seksualiteit.

6.3.7. Gevolgtrekkings

- Liggaamsteologie is ’n spesifieke fokus binne teologie wat ’n ander perspektief bied rakende seksualiteit, juis omdat dit die ervaring van die liggaam in ag neem.
- Christelike seksuele teologie kan en moet Bybels wees. Dit beteken dat dit moet deel in die visie en ervaring van God se liefde, wat bekend

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

gemaak is deur Jesus. Die rol van die Skrif, tradisie, rede en ervaring is om te getuig van die liefde van God.

- Christelike teologie was altyd ŉ teologie van beliggaming wat ook gegrond is in die skepping, inkarnasie, opstanding en sakramente. Ten spyte van die bewustheid van die liggaam in die Christelike teologie, het die liggaam nog altyd ŉ dubbelsinnige posisie binne die teologie ingeneem.
- Jesus se verhoudings met ander mense wys vir ons wat hy bedoel het met gelykheid tussen almal. Jesus het by die sosiale verwerpte persone geëet en hulle met respek en gelykheid hanteer; sy verhoudings was ŉ beliggaming van sy voorstel vir nuwe sosiale verhoudings.
- Die mens kan nie anders as om die wêreld deur hulle liggame te ervaar nie, want die liggaam is die sleutel tot die verstaan van ander liggame, asook die wêreld. As ŉ individu nie tuis kan voel in hulle eie liggaam nie, kan hulle ook nie ander liggame verstaan nie.
- Liggaamsteologie verskaf die taal om teologies met adolessente te praat oor hulle liggame en die Christelike geloof. Die taal wat liggaamsteologie bied is ŉ taal wat klem lê op die ervaring en die viering van die liggaam as ŉ geskapene van God. Verder bied dit ŉ taal wat nie skaam is oor die ervaring van die liggaam nie, wat die liggaam benoem en die verbintenis van die liggaam met God duidelik maak en klem lê op die ‘goddelikheid’ van die mens se posisie as ŉ wese wat geskep is na die beeld van God. Dit skep ŉ raamwerk waarin adolessente nie skaam hoef te wees oor hulle liggame en hulle seksualiteit nie.
- Liggaamsteologie lê klem op die individu se ervaring en plaas dit binne die Christelike geloof waar God self ŉ mens geword het. Die fokus verskuif van ŉ dualisme waar die liggaam sondig en die siel goed is, na ŉ siening waar beide die liggaam en siel goed is.
- Liggaamsteologie word voorgestel omdat die inkarnasie van Jesus as middelpunt gehou word, met die klem op elke individu as beliggaamde wesens wat deur God geskep is.

6.3.8. Aanbevelings

- Om op ŉ verantwoordelike wyse om te gaan met tekste moet die volgende bronne, nl. Skrif, tradisie, rede en ervaring, gebruik word

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

wanneer daar iets oor seksualiteit aangebied word, sodat tekste nie verdraai en verwronge oorgedra word nie. Dit beteken dat Jeugwerkers en gemeenteleiers toegerus moet word deur middel van kursusse en materiaal om meer verantwoordelik met tekste om te gaan. Die kursusse moet aantoon hoe Skrif, tradisie, rede en ervaring gebruik moet word om tekste te ontleed en hoe hierdie bronne saam gebruik word om ’n teks te verstaan.

- Liggaamsteologie is ’n teologiese lens wat die Jeugwerker en gemeenteleiers in staat stel om alle mense se ervarings in ag te neem, waar dualismes verbreek word en daar gefokus word op Jesus as middelpunt. Daar word daarom aanbeveel dat liggaamsteologie gebruik word wanneer daar met adolessente gepraat word oor seksualiteit. Hierdie verandering en verskuiwing in teologiese lens kan slegs gebeur wanneer daar materiaal beskikbaar gestel word vir kursusse en verdere opleiding van Jeugwerkers, waar liggaamsteologie verduidelik word tesame met praktiese voorbeeld van hoe dit gebruik kan word om inklusief te wees in prediking, eredienste, onderrig, pastorale sorg, koinonia, dienslewering en getuienis.
- Na my mening kan Jeugwerkers en gemeenteleiers liggaamsteologie gebruik om te verduidelik dat seksuele oriëntasie ’n integrale deel van menswees is, dat dit ’n gawe van God as Skepper is en dat alle individue aan dieselfde kriteria moet voldoen in die uitleef van hulle seksualiteit. Met kriteria word bedoel dat elke mens getransformeer word deur die verhouding met God, in Christus en deur die Heilige Gees, en daardeur dan ook in staat gestel word om vir ander in liefde ruimte te skep om ten volle beeld van God te wees (Bosman, 2015:2).
- Ek is verder van mening dat liggaamsteologie ’n teologiese lens is wat die Jeugwerker en gemeenteleier kan gebruik om adolessente te begelei in terme van hulle menslike identiteit (in die wisselvallige en dramatiese tydperk van ontwikkeling), in adolessente se geloofsgroei en geloofsidentiteit, om volwasse, troue en liefdevolle verhoudings te bou en te onderhou en om adolessente te begelei om hul gawes in die gemeente en Koninkryk van God uit te leef (Jonker, 2005:10).

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

- Ek is bewus daarvan dat liggaamsteologie 'n relatiewe nuwe veld in teologie en baie onbekend is. Verder is ek bewus daarvan dat teologiese skuiwe nie vinnig plaasvind nie; daarom beveel ek aan dat daar verdere studie in hierdie veld van teologie, veral in Praktiese Teologie met die fokus op Jeugbediening, gedoen moet word. Verdere navorsing en studie het die potensiaal om meer bewustheid te skep en hulpmiddels in die vorm van akademiese materiaal, lesse, werkswinkels en praktiese voorbeelde te produseer.

In Hoofstuk 6 is die volgende doelstelling aangespreek:

- Om die waarde van 'n inklusiewe verstaan van seksualiteit tydens adolessensie aan te dui.

6.4. Slotopmerking

Hierdie studie het gepoog om ondersoek in te stel na die waarde van liggaamsteologie om 'n inklusiewe verstaan van seksualiteit te bevorder tydens adolessensie. Om hierdie ondersoek te doen is daar in hoofstuk 2 'n historiese oorsig gegee van die verstaan van seksualiteit om aan te dui hoe dit verander het oor verskillende tydperke. Die hoofstuk het verder gehandel oor die ontwikkeling en verstaan van geslag, gender en gender rolle, om te verduidelik dat die moderne siening van seksualiteit, geslag, gender en gender rolle oor 'n tydperk ontwikkel het.

Die mens bestaan nie slegs uit seksualiteit nie en daarom was 'n historiese oorsig van die verstaan van die liggaam bespreek. Hierdie hoofstuk het aangedui hoe die liggaam in verskillende dualismes verdeel was, asook die rol wat dit op die verstaan van die liggaam, sowel as hoe die liggaam gesien is in verskillende tydperke bygedra het. In hoofstuk 4 is die seksuele ontwikkeling van die adolessent bespreek om te verduidelik dat adolessente deur 'n dramatiese tydperk gaan, maar dat dit ook binne hierdie ontwikkelingsfases is wat daar 'n persoonlike waardestelsel opgestel word. Die belangrikheid van die samelewing se invloed op die adolessent se ontwikkeling is bespreek, waaruit dit duidelik geword het dat die adolessent nie in 'n vakuum ontwikkel nie. Met die historiese oorsig van die verstaan van seksualiteit en die liggaam, sowel as die ontwikkelingsproses wat tydens adolessensie ervaar word, word liggaamsteologie voorgestel as 'n teologiese lens wat die jeugwerker en

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

gemeenteleier kan help om ’n inklusiewe verstaan van seksualiteit te ontwikkel sodat adolessente die kerk kan beskou as ’n nuttig bron rakende seksuele kwessies.

Seksualiteit is verskillend verstaan in verskillende tydperke en is steeds ’n tema waaroor daar nog nie konsensus bereik is nie. Met die voorstel van hierdie studie, dat liggaamsteologie kan lei tot ’n inklusiewe verstaan van seksualiteit, is dit moontlik dat hierdie tipe verstaan van seksualiteit steeds relevant sal wees, ten spyte van die veranderende tydperke.

Ek is van mening dat adolessensie ’n verwarrende tydperk in die lewe van ’n adolessent kan wees. Liggaamsteologie kan waardevolle bydrae wees tot hierdie verwarrende tydperk van adolessensie lewer omdat dit die liggaam se ervaring belangrik ag en dit binne die konteks van God se inkarnasie in die wêreld deur Jesus Christus plaas. Hierdie fokus op die liggaam gee daartoe aanleiding dat daar op ’n inklusiewe wyse nagedink word oor die mens. Daarom lewer liggaamsteologie ’n bydrae tot die ontwikkeling van ’n inklusiewe verstaan van seksualiteit.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Bibliografie

Anderson, R.S. 2001. *The shape of practical theology. Empowering ministry with Theological praxis.* Illinois: InterVarsity Press.

Ashley, B.N. & O'Rourke, K.D. 1989. *Health Care Ethics. A Theological Analysis.* St. Louis: The Catholic Health Association.

Bancroft, J., Graham, C.A., Janssen, E. & Sanders, S.A. 2009. The dual control model: Current status and future directions. *Journal of Sex Research* 46(2-3): 121-142.

Bassler, J.M. 1998. 1 Corinthians. In: Newsom, C.A. & Ringe, S.H. (reds.). *Women's Bible Commentary. Expanded Ed.* Louisville: Westminster John Knox. 411-419.

Beyers, W. & Cok, F. 2008. Adolescent self and identity development in context. *Journal of Adolescence* 31: 147-150.

Beyers, W. & Goossens, L. 2008. Dynamics of perceived parenting and identity formation in late adolescence. *Journal of Adolescence* 31: 165-184.

Bornman, M.J. 2013. Die invloedsverlies van die kerk as geloofsgemeenskap op Christen adolessente se besluite rondom seksualiteit. In *In die Skriflig/In Luce Verbi*. 47(1), Art. #95, 9 pages. http://dx.doi.org/10.4102/ ids.v47i1.95.

Bosman, H. 2015. *Voorlegging aan die taakspan oor Homoseksualiteit*. Aangebied as voorlegging by die taakspan oor Homoseksualiteit op 23 Maart 2015.

Boswell, J. 1994. *Same sex unions in Premodern Europe.* New York: Villard Books.

Brown, P. 1998. *The Body and Society.Men, Women and Sexual Renunciation in Early Christianity*. New York: Columbia University Press.

Butler, J. 2006. *Gender Trouble*. New York: Routledge.

Cahill, L.S. 1996. *Sex, gender, and Christian ethics.* Cambridge: University Press.

Cahill, L.S. 2001. Sexuality: Personal, Communal, Responsible. In: Selling, J.A. (red.). *Embracing sexuality. Authority and experience in the Catholic Church*. Great Britain: MPG Books Ltd. 165-172.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Cheng, P.S. 2011. *Radical Love. An introduction to Queer Theology*. New York: Seadbury.

Cloete, A. 2012, 'Youth culture, media and sexuality: What could faith communities contribute?', *HTS Teologiese Studies/ Theological Studies* 68(2), Art. #1118, 6 pages. http:// dx.doi.org/10.4102/hts. v68i2.1118

Collins, W.A., Welsh, D.P., & Furman, W. 2009. Adolescent romantic relationships. *Annual Review of Psychology* 60: 631-652.

Conway, C.M. 2008. *Behold the Man – Jesus and Greco-Roman Masculinity.* Oxford: Oxford University Press.

Countryman, L. 1998. *Dirt, Greed and Sex: Sexual Ethics in the New Testament and Their Implications for Today.* Philadelphia: Fortress Press.

Cramer, P. 2000. Development of Identity: Gender makes a difference. *Journal of Research in Personality* 34: 42-72.

Davies, J. 1997. Sex these days, sex those days: will it ever end? In: Davies, J. & Loughlin, G. (reds.). *Sex these days. Essays on Theology, sexuality and society.* England: Sheffield Academic Press. 18-33.

Dean, C D. 2001. Theological Rocks – first things first. In: Dean, C.D., Clark, C. & Rahn (reds.). *Starting right, thinking theologically about youth ministry*. Grand Rapids: Zondervan Publishing

DeLamater, J. & Friedrich, W.N. 2002. Human sexual development. *Journal of Sex Research* 39(1): 10-14.

Dominian, J. 2001. Sexuality and interpersonal relationships. In: Selling, J.A. (red.). *Embracing sexuality. Authority and experience in the Catholic Church.* Great Britain: MPG Books Ltd. 3-21.

Eilberg-Schwartz, H. 1997. The Problem of the Body for the People of the Book. In: Beal, T. & Gunn, D. (reds.). *Reading Bibles, Writing Bodies: Identity and the Book*. London: New York. 34-55

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Fausto-Sterling, A. 2000. *Sexing the Body: Gender Politics and the Construction of Sexuality.* New York: Basic Books.

Giddens, A. 1992. *Human Societies.* Cambridge: Polity.

Gowers, S. 2005. Development in adolescence. *Psychiatry* 4(6): 6-9.

Greathead, E., Devenish, C. & Funnell, G. 2008. *Responsible teenage sexuality: A manual for teachers, youth leaders and health professionals.* Pretoria: Van Schaik.

Gullotta, T.P., Adams, G.R. & Markstrom, C.A. 2000. *The Adolescent Experience.* New York: Academic Press.

Haeberle, E.J. 1983. *The Sex Atlas.* London: Sheldon Press.

Hanh, C.A. 1991. *Sexual paradox. Creative tensions in our lives and in our congregations.* New York: The Pilgram Press.

Heitink, G. 1999. *Practical Theology. History. Theory. Action domains. Manual for Practical Theology.* Michigan: William B. Eerdmans Publishing Company.

Hendriks, J.H. 2004. *Studying Congregations in Africa*. Kaapstad: Lux Verbi.

Herdt, G. & McClintock, M. 2000. The magical age of 10. *Archives of Sexual Behavior* 29(6): 587-606.

Isherwood, L. & Stuart, E. 1998. *Introducing Body Theology.* Sheffield: Sheffield Academic Press.

Isherwood, L. 2000. Sex and Body Politics: Issues for Feminist Theology. In: Isherwood, L. (reds.). *The Good News of the Body: Sexual Theology and Feminism.* Sheffield: Sheffield Academic Press. 20-34.

Isherwood, L. 2005. The Embodiement of Feminist Liberation Theology. In: Clack, B. (reds.). *Embodying Feminist Liberation Theologies.* London: Continuum Publishing. 141-156.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Jacobs, L. 1997. The Body in Jewish Worship: Three rituals examines. In: Coakley, S. (reds.). *Religion and the Body.* Cambridge: Cambridge University Press. 71-89.

Jonker, L. 2005. *Die Bybel en homoseksualiteit.* Aangebied as voorlegging by die taakspan oor Homoseksualiteit op 23 Maart 2015.

Kelly, G.F. 2011. *Sexuality Today.* New York: McGraw-Hill Companies.

Kennedy, E. 1980. *Sexual Counseling. A Practical Guide for Non-Professional Counselors.* New York: Continuum.

Kerpelman, J.L., Pittman, J.F., Cadely, H.S., Tuggle, F.J., Harrell-Levy, M.K. & Adler-Baeder, F.M. 2012. Identity and intimacy during adolescence: Connections among identity styles, romantic attachment and identity commitment. *Journal of Adolescence* 35: 1427-1439.

King, P.E. & Benson, P.L. 2006. Spiritual Development and Adolescent Well Being and Thriving. In: Roehlkepartian, E.C., King, P.E., Wagener, L., & Benson, P.L. (reds.).*The Handbook of Spiritual Development in Childhood and Adolescence.* Thousand Oaks: SAGE Publications, Inc.

Knox-Seith, E. 2005. Sexuality and death. In: *One Body. North-South reflections in the face of HIV and AIDS. Vol 1.* Copenhagen: The Nordic-Foccisa Church Coperation. 24-29.

Kruger, N. & Van Niekerk, L. 1994. Die tiener. In: Van Niekerk, L. & Van der Spuy, D. (reds.). *Tieners gereed vir die lewe!* Pretoria: J.P. van der Walt en Seun (Endms.) Bpk. 52-70.

Kuefler, M. 2001. *The Manly Eunuch: Masculinity, Gender, Ambiguity, and Christian Ideology in Late Antiquity.* London: University of Chicago Press.

Landman, C. 2005. The Body as a Site of Relationship in the Sermones Super Cantica Conticorum of Bernard Clairvaux (D1153). *Acta Patristica et Byzantina*. 16: 233-244.

Larson, R.W. 2000. Toward a psychology of positive youth development. *American Psychologist*. 55: 170-183.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Lee, Y. & Styne, D. 2013. Influences on the onset and tempo of puberty in human beings and implications for adolescent psychological development. *Hormones and Behavior* 64:250-261.

Lemmer, J. 2005. *Identity & Sexual Identity.* Pretoria: Sexology SA.

Lorber, J. 2009. The Social Construction of Gender. In: Disch, E. (red.). *Reconstructing gender. A multicultural anthology*. New York: McGraw-Hill Companies. 112-119.

Loughlin, G. 2004. Sex After Natural Law. In: Althaus-Reid, M. & Isherwood, L. (reds.). *The Sexual Theologian: Essays on Sex, God and Politics.* London: Continuum International Publishing Group. 86-98.

Loughlin, G. 2007. Omphalos. In: Loughlin, G. (reds.). *Queer Theology. Rethinking the Western Body*. Oxford: Blackwell. 115-127.

Louw, A. & Louw, D. 2007. Middelkinderjare. In: Louw, D. & Louw, A. (reds.). *Die ontwikkeling van die kind en die adolessent.* Suid-Afrika: ABC Drukkers. 214-275.

Louw, A., Louw, D. & Ferns, I. 2007. Adolessensie. In: Louw, D. & Louw, A. (reds.). *Die ontwikkeling van die kind en die adolessent.* Suid-Afrika: ABC Drukkers. 278-347.

Louw, D. 2012. *Network of the Human Soul. On Identity, Dignity, Maturity and Life Skills.* Revised edition. Stellenbosch: SUN MeDIA.

Louw, D. & Kail, R. 2007. Basiese Konsepte van Kindersielkunde. In: Louw, D. & Louw, A. (reds.). *Die ontwikkeling van die kind en die adolessent.* Suid-Afrika: ABC Drukkers. 1-46.

Louw, D.A., Van Ede, D.M. & Louw, A.E. 1998. *Menslike ontwikkeling.* Kaapstad: Kagiso Tersiêr.

Louw, D.J. 2008. *Cura Vitea. Illness and the healing of life.* Wellington: Lux Verbi.

Malina, B.J. & Neyrey, J.N. 1996. *Portraits of Paul: An Archaeology of Ancient Personality.* Louisville: Westminster John Knox.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Mason, M. 1995. *The making of Victorian Sexuality.* Oxford: Oxford University Press.

McLoughlin, D. 1994. Women and sexuality in ninteenth century Ireland. *Irish Journal of Psychology* 15: 266-275.

Money, J. 1995. *Gendermaps. Social Constructionism, Feminism, and Sexosophical History*. New York: The Continuum Publishing Company.

Moore, S. & Rosenthal, D. 2006. *Sexuality in Adolescence. Current Trends.* London: Routledge.

Müller, J.C, 2013, 'Practical Theology as part of the landscape of Social Sciences and Humanities – A transversal perspective', *HTS Teologiese Studies/ Theological Studies* 69(2), Art. #1299, 5 pages. http://dx.doi.org/10.4102/ hts.v69i2.1299

Muuss, 1975. *Theories of Adolescence.* New York: Random House

Nel, M. 2001a. The inclusive congregational approach to youth ministry. In: Senter, MH (red.) *Four views of youth ministry and the church*. Grand Rapids: Zondervan.

Nel, M. 2001b. *Jeug bediening, 'n inklusiewe gemeentelike benadering.* Bloemfontein: Barnabas.

Nelson, J.B 1978. *Embodiment. An approach to sexuality and Christian theology.* Minnesota: Augsburg.

Nelson, J.B. 1990. Sexuality, Christian Theology and Ethics of Sexuality. In: Hunter, R.J. (red.). *Dictionary of Pastoral Care and Counseling.* Nashville: Abingdon. 1154-1158.

Nelson, J.B. 1992. *Body Theology.* Louisville/Kentucky: Westminster/John Knox Press.

Nelson, J.B. & Longfellow, S. 1994. *Sexuality and the Sacred: Sources for Theological Reflection.* Louisville: Westminster/John Knox Press.

Percy, M. 1997. *Intimate Affairs. Spirituality and sexuality in perspective.* London: Darton, Longman and Todd Ltd.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Pittenger, N. 1978. Forward in Nelson, J. *Embodiment. An approach to sexuality and Christian theology.* Minnesota: Augsburg.

Preul, R. 1999. Contextuality and the unity of Practical Theology. In: Schweitzer, F. & Van der Ven, J.A. (reds.). *Practical Theology – International Perspectives*. Frankfurt am Main: Peter Lang.

Punt, J. 2005. Paul, Body Theology, and Morality: Parameters for a Discussion. *Neotestamentica* 39(2): 359-388.

Punt, J. 2010. Pauline Bodies and South African Bodies: Body, power and Biblical Hermeneutics. *Journal of Theology for Southern Africa*. 136:76-91.

Rakoczy, S. 2004. Church and Ministry: Women included and excluded. In In Her Name: Women doing Theology. Pietermaritzburg: Cluster. 198-254.

Root, A. & Dean, K.C. 2011. *The Theological turn in youth ministry.*Downers Grove, IL:InterVarsity Press.

Root, A. 2007. *Revisiting relational youth ministry: from a strategy of influence to a theology of incarnation.*Downers Grove, IL: InterVarsity Press.

Saelen, C. & Markovits, H. 2008. Adolescnets' emotion attributions and expectations of behaviour in situations involving moral conflict. *Journal of Experimental Child Psychology*. 100:53-76. http://dx.doi,org/10.1016/j.jecp.2008.01.002, PMid:18313068.

Schüssler-Fiorenza, E. 1996. For women in men's world: A critical feminist theology of Liberation. In: Schüssler-Fiorenza, E. (red.). *The Power of Naming. A Concilium Reader in Feminist Liberation Theology*. New York: Orbis Books. 3-13.

Seidman, S. 1992. *Embattled Eros: Sexual politics and Ethics in Contemporary America.* London: Toutledge.

Semenya, D.K., 2015, 'Pastoral evaluation on the Basotho's view of sexuality: Revisiting the views on sexuality of Augustine, Thomas Aquinas, Martin Luther and John Calvin', *HTS Teologiese Studies/ Theological Studies* 71(2), Art. #2689, 10 pages. http://dx.doi.org/10.4102/ hts.v71i2.2689

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Sharp, E.H., Coatsworth, J.D., Darling, N., Cumsille, P. & Ramieri, S. 2007. Gender differences in the self-defining activities and identity experience of adolescents and emerging adults. *Journal of Adolescence* 30:251-269.

Shaw, J. 2007. Reformed and enligthened Church. In: Loughlin, G. (red.). *Queer Theology: Rethinking the Western Body.* Oxford: Blackwell. 215-229.

Sheldrake, P. 2001. Spirituality and sexuality. In: Selling, J.A. (red.). *Embracing sexuality. Authority and experience in the Catholic Church*. Great Britain: MPG Books Ltd. 22-41.

Shelton, C.M. 1983. *Adolescent spirituality. Pastoral ministry for High School and College Youth.* Chicago: Loyola University Press.

South African Law Commission. 2002. *Project 107: Sexual Offences Report*. Beskikbaar: http://www.law.wits.ac.za/salc/salc.html. [2015/07/07]

Steinberg, L. 2005. Cognitive and affective development in adolescence. *Trends in Cognitive Sciences*. 9(2): 69-74.

Storkey, A. 1997. The rise and fall of 'sex'. In: Davies, J. & Loughlin, G. (reds.). *Sex these days. Essays on Theology, sexuality and society.* England: Sheffield Academic Press. 79-97.

Stuart, E. 1997. Body Theology. In: Stuart, E. (red.). *Religion is a Queer Thing: A Guide to the Christian Faith for Lesbian, Bisexual, and Transgendered People*. London, Washington: Cassel, pp.47-57.

Stuart, E. 1997. Sacramental Flesh. In: Loughlin, G. (reds.). *Queer Theology: Rethinking the Western Body.* Oxford: Blackwell Publishers. 65-75.

Swart, B. 2004. 'Die verband tussen stadium van morele ontwikkeling en lokus van kontrole by 'n groep Afrikaanssprekende adolessente', MA verhandeling, Fakulteit Teologie, Universiteit van Stellenbosch

Tannahill, R. 1980. *Sex in History*. New York: Stein and Day Publishers.

Tarrant, M., North, A.C., Edridge, M.D., Kirk, L.E., Smith, E.A. & Turner, R.E. 2001. Social identity in adolescence. *Journal of Adolescence*. 24:597-609.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Templeton, J.L. & Eccles, J.S. 2006. The Relation between Spiritual Development and Identity Processes. In: Roehlkepartian, E.C., King, P.E., Wagener, L. & Benson, P.L. (reds.). *The Handbook of Spiritual Development in Childhood and Adolescence.* Thousand Oaks: SAGE Publications, Inc.

Terrien, S. 2004. *Till the Heart Sings: A Biblical Theology of Manhood and Womanhood*. Cambridge: W.B. Eerdmans Publishing Company.

Thatcher, A. 1993. *Liberating sex. Christian sexual theology*. London: Society for Promoting Christian Knowledge.

Thatcher, A. 1999. *Marriage after Modernity. Christian marriage in Postmodern Times.* New York: New York University Press.

Thatcher, A. 2011. *God, sex and gender. An introduction.* United Kingdom: Wiley-Blackwell.

Tripp, D. 1997. The Image of the Body in the Formative Phases of the Protestant Reformation. In: Coakley, S. (red.). *Religion and the Body.* Cambridge: Cambridge University Press. 131-152.

Turner, B. 1997. The Body in Western Society: Social Theory and Its Perspectives. In: Coakley, S. (red.). *Religion and the Body.* Cambridge: Cambridge University Press. 15-41.

Van de Walle, E. & Muhsam, H. 1995. Fatal secrets and the French Fertility transition in *Population and Development Review*, 21(2): 261-279.

Vayhinger, J.M. 1990. Sexual Variety, deviance and disorder. In: Hunter, R.J. (red.). *Dictionary of Pastoral Care and Counseling.*Nashville: Abingdon. 1149-1151.

Veling, T.A. 2005. *Practical Theology. "On Earth as it is in Heaven."* New York: Orbis Books.

Vorster, J.N. 1997. The Body as Strategy of Power in Religious Discourse. *Neotestamentica*. 31(2): 389-411.

Walker, L.J. & Reimer, K.S. 2006. The Relationship between Moral and Spiritual Development. In: Roehlkepartian, E.C., King, P.E., Wagener, L. & Benson,

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

P.L. (reds.).*The Handbook of Spiritual Development in Childhood and Adolescence.* Thousand Oaks: SAGE Publications, Inc.

Ward, P. 2001. *God at the Mall: Meeting Youth where they are at.* Grand Rapids, Michigan: Zondervan

Ware, K. 1997. My Helper and My Enemy: The Body in Greek Christianity. In: Coakley, S. (red.). *Religion and the Body.* Cambridge: Cambridge University Press. 90-110.

Weeks, J. 2010. *Sexuality Third edition*. Great Britain: CPI Antony Rowe, Chippenham, Wiltshire.

Westheimer, R.K. & Lopater, S. 2005. *Human sexuality. A psychosocial perspective.* USA: Lippincott Williams & Wilkins.

Woodhead, L. 1997. Sex in a wider context. In: Davies, J. & Loughlin, G. (reds.). *Sex these days. Essays on Theology, sexuality and society.* England: Sheffield Academic Press. 98-120.

Wordelman, A.L. 1998. Everyday life: Women in the Period of the New Testament. In: Newson, C.A. & Ringe, S.H. (reds.). *Women's Bible Commetary. Expanded Ed*. Louisville: Westminster John Knox. 482-488.